



Wes-Kaapse Regering

Ekonomiese Ontwikkeling
en Toerisme



Strategiese Plan vir 2020 – 2025

Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

Provinsie van die Wes-Kaap

Strategiese Plan
2020 – 2025

VERKLARING VAN DIE UITVOERENDE OORWERHEID

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) het hard gewerk om 'n instaatstellende omgewing vir die privaatsektor te skep. Die gevolg is dat meer as 500 000 werksgeleenthede oor die afgelope tien jaar in die Wes-Kaap geskep is en ons het steeds die laagste werkloosheidskoers in Suid-Afrika.

Ten spyte hiervan is daar steeds baie mense wat nie werk het nie of opgehou soek het na werksgeleenthede in die Wes-Kaap. Ons bly verbind tot die verskaffing van hoop en geleenthede aan almal wat in die Wes-Kaap woon, veral jongmense, en ons sal hard werk om ons visie van 'n gesonde, innoverende en volhoubare Wes-Kaapse ekonomie te verwesenlik.

Voortvloeiend uit die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) (2019-2024), het die DEOT 'n mandaat ontvang om die Wes-Kaapse Regering (WKR) se agenda vir Visie-geïnspireerde Prioriteit (VIP) 2 te lei wat op ekonomiese groei en werksgeleenthede fokus.

Om hierdie doel te verwesenlik, sal die Departement sy pogings fokus op die verbetering van die Provinsie se mededingendheid deur belegging te lok, verhandelbare sektore te ontwikkel, in infrastruktuur te belê en uitvoer in die Wes-Kaap uit te brei.

Ons het baie om op trots te wees, maar daar is nog meer werk om te doen, en ons is gefokus – selfs in dié tyd waarin baie mense hoop of vertroue in die Regering verloor het – om werklik 'dinge gedoen te kry' in die Wes-Kaap.

Om dié strategie te verwesenlik, sal ons:

- 'n doeltreffende regulatoriese omgewing skep deur die Rompslompverminderingseenheid aan te wakker om sektorwye en stelselwye uitdagings vir ekonomiese groei te begin aanspreek, insluitende visaregimes, tariewe, hawefoie, stadige beplanningsprosesse en lisensiëringsregimes wat die ekonomie in die Wes-Kaap negatief beïnvloed. Ons moet struikelblokke in die pad van nuwe besighede op die been bring uit die weg ruim en bestaande besighede uitbou, want met meer werkgewers kan ons meer werknemers in die Wes-Kaap hê;
- ondersteuning versterk vir sektore van die ekonomie wat tot ekonomiese groei en werkskepping in die Wes-Kaap kan bydra, soos die boubedryf, sake-uitkontrakteringsprosessering en vervaardigingsbedryf;
- kleinsake, veral klein besighede in die informele ekonomie, d.m.v. 'n ondersteuningspakket steun;
- ons werkplekprogramme opskerp om mense – veral jongmense – voor te berei vir die wêreld van werk in die Wes-Kaap; en
- 'n veerkragtige ekonomie bou deur te verseker dat dit meer kragonafhanklik raak.

Die Departementshoof, senior bestuur en personeel van die DEOT het my volle steun soos wat hulle voortgaan met die implementering van dié Strategiese Plan.

Ons sal die sakewêreld ondersteun deur gehoor te gee aan besighede en oop te bly vir besigheid. Ons sien uit na vrugbare samewerking met die sakesektor, wat steeds verbind bly om by te dra tot 'n gedeelde visie van 'n florerende Wes-Kaapse ekonomie.



DAVID MAYNIER
MINISTER VAN FINANSIES EN EKONOMIESE GELEENTHEDE

VERKLARING VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE

Die globale ekonomie verstadig steeds. Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) voorspel dat die globale ekonomie matige groei van 3.3% in 2020 kan verwag, terwyl dit in 2019 teen 2.9% gegroei het. Die Wes-Kaapse ekonomie het nie aan die uitdagings van die globale ekonomiese afswaai ontkom nie en soos die res van die wêreld herstel dit stadig van die impak. Binne dié besonder uitdagende ekonomiese konteks gaan die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) voort om sy werksaamhede te belyn en 'n aantal inisiatiewe voort te dryf as ingrypings om 'n omgewing te skep wat werksgeleenthede sal ontsluit en die volle voordele van die Wes-Kaapse ekonomie sal ontgin.

In die vorige vyfjaarstrategie het die Departement die visie van die skep van werksgeleenthede en ekonomiese groei in die Provinsie onderskryf. Sy antwoord daarop was om Projek Khulisa van stapel te stuur. Dié projek was een van die 'spelwysigers' wat deur die Wes-Kaapse kabinet as 'n prioriteitsfokus geïdentifiseer is. Projek Khulisa, wat begin het met die opdrag om 'n deurgrondelike ondersoek van die ekonomie te onderneem, het 'n belangrike Departementele fokus verteenwoordig. Dié ondersoek het aan die lig gebring watter ekonomiese sektore die vinnigste gegroei het en oor die vermoë beskik het om werkskepping 'n hupstoot te gee. Dié prioriteit is verder ondersteun deur 'n verbintenis om rompslomp vir besighede te verminder en te verseker dat besighede toegang tot bystand het d.m.v. ons ondernemings- en vaardigheidsondersteuningsprogramme en – waar hulle dit aangevra het – ondersteuning vir hul energieverkragtigheidsbehoefte. In sy pogings om rompslomp vir besighede te verminder, het die Departement die teiken van R1-biljoen aan besparings vir die ekonomie gestel, wat omgesit word in verminderde kostes vir besighede sowel as vir die Regering self.

'n Reeks geteikende, spelwysigende ingrypings is oor die afgelope vyf jaar geïmplementeer. Party van die merkwaardigste prestasies sluit in die bekendstelling van die Afrika-Halaalweek, wat geskep is as 'n platform vir plaaslike Halaalgesertifiseerde maatskappye om hul aanbod en produkte na die globale Moslem- en Halaalmark uit te brei. Die Lugtoegangsprogram met 'n fokus op die ontwikkeling van nuwe roetes het gelei na 'n direkte United Airlines-vlugroete tussen Kaapstad en Newark, wat nuwe uitvoergeleenthede ontsluit, die getal besoekers aan die Provinsie 'n hupstoot gee en – nog belangriker – potensieel meer werksgeleenthede skep. As 'n erfenisprojek het die Departement in samewerking met sy vennote die ikoniese Madiba-standbeeld by die Wes-Kaapse landskap gevoeg om 'n aansienlike 'magneet' vir internasionale en plaaslike toeriste te ontwikkel en die bestemming se handelsmerk te versterk. Daarbenewens is miljarde Rande aan beleggings gesluit op die gebied van handel en belegging regoor sektore en op die gebied van energie en vervaardigingsnywerhede, d.m.v. inisiatiewe soos die aanwysing van die Atlantis- Spesiale Ekonomiese Sone (SES) en die voortgaande werk aan die Saldanhaaai-nywerheidsontwikkelingsone (SBNOS).

Voortvloeiend uit die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) (2019–2024), het die Departement 'n mandaat ontvang om die Wes-Kaapse Regering (WKR) se agenda vir die Visie-geïnspireerde Prioriteit (VIP) 2, naamlik ekonomiese groei en werksgeleenthede, te lei.

In antwoord op dié prioriteit het die Departement sy visie vir die Wes-Kaap uitgebrei na dié van 'n gesonde, innoverende en volhoubare ekonomie, gekenmerk deur ekonomiese groei en werksgeleenthede. Om dié visie te verwezenlik, sal die Departement voortgaan om leiding aan die ekonomie te verskaf d.m.v. sy begrip van die kompleksiteit van die Wes-Kaapse ekonomie en sy vermoë om ekonomiese geleenthede en potensiaal te identifiseer terwyl hy bydra tot die ekonomiese prioriteite van die Regering. Die Departement sal die produktiewe en mededingende vermoë van die Provinsiale ekonomie uitbou en ekonomiese groei en werkskepping kataliseer deur die bevordering van belegging en katalitiese infrastruktuur; die verbetering van ekonomiese uitkomst van openbare infrastruktuur; 'n toename in uitvoer; die aanspreek van die vaardigheidsgaping; die versnelling van die gemak van sake doen; en hulpbronveerkragtigheid.

Om dié strategie te implementeer sal 'n gesonde begrip vereis van bestaande en nuwe markte soos wat dit aansluit by die huidige uitvoerkommoditeite wat die Wes-Kaap produseer, sowel as globale persepsies oor die ekonomie.

Belegging is hoogs sensitief vir persepsies en gevolglik is voorspraak en die inspan van ekonomiese intelligensie en data-ontleding belangrik om sake- en verbruikersvertroue te bevorder. Belegging is ook 'n deurslaggewende onderdeel van 'n uitvoergroeistrategie weens die groter behoefte aan produksie-aktiwiteit, wat sal lei tot vele kapitaalvereistes, afhangende van die aktiwiteite in die onderskeie sektore en bedrywe.

Ekonomiese voorspraak sal 'n hoofrol speel in die totstandkoming van broodnodige vennootskappe met plaaslike, nasionale en internasionale rolspelers wat die groei van die streekseconomie kan beïnvloed en 'n verskil aan indiensneming maak. Dié benadering hou waardering in vir die feit dat elke instansie in die Wes-Kaap 'n rol en mandaat het, en dat hierdie instansies binne hul onderskeie mandate en rolle 'n positiewe bydrae tot die ekonomiese groei van die Wes-Kaap kan maak.

Die verwesenliking van dié doelwitte sowel as die implementering van dié strategie is hoogs afhanklik van voortgesette vennootskappe met belanghebbendes, en die Departement het op 'n betekenisvolle manier – met 'n fokus op die skep van gedeelde waarde – relevante belanghebbendes geïdentifiseer en met hulle geskakel, en sal voortgaan om dit te doen.

Ek wil graag van dié geleentheid gebruik maak om ons ondersteuningsvennote en -agentskappe te bedank asook om my opregte waardering uit te spreek vir die besighede – klein, medium en groot – vir hul voortgesette bydraes tot die verwesenliking van 'n vooruitstrewende Wes-Kaapse ekonomie.



SOLLY FOURIE
REKENPLIGTIGE BEAMPTE

AMPTELIKE AFTEKENING

Hiermee word gesertifiseer dat hierdie Strategiese Plan:

- ontwikkel is deur die bestuur van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme onder leiding van minister David Maynier.
- al die relevante beleide, wetgewing en ander mandate in berekening bring waarvoor die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme verantwoordelik is.
- die Uitkomste en Uitsette wat die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme in die tydperk 2020/21 sal probeer behaal, akkuraat weerspieël.

John Peters

Programbestuurder: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste


Handtekening:



Ilse van Schalkwyk

Programbestuurder: Handels- en Sektorale Ontwikkeling
Programbestuurder: Toerisme, Kuns en Vermaak

Handtekening:



Phenias Ncube

Programbestuurder: Sakeregulering (Waarnemend)

Handtekening:



Nezaam Joseph

Programbestuurder: Vaardigheidsontwikkeling en Innowering (Waarnemend)


Handtekening:



Mymoena Abrahams

Hoof- Finansiële Beamppte

Handtekening:



Rashid Toefy

Visedirekteur-generaal: Ekonomiese Werksaamhede

Handtekening:



Jo-Ann Johnston

Programbestuurder: Ekonomiese Beplanning
Visedirekteur-generaal: Ekonomiese Versnellers en Ontwikkeling
Hoofbeamppte verantwoordelik vir Beplanning

Handtekening:



Solly Fourie

Rekenpligtige Beamppte

Handtekening:



Goedgekeur deur:

David Maynier

Uitvoerende Owerheid

Handtekening:



INHOUD

| | |
|--|-----------|
| AFDELING A: ONS MANDAAT | 8 |
| 1. RELEVANTE WETGEWENDE EN BELEIDSMANDATE | 8 |
| 2. RELEVANTE INSTITUSIONELE BELEIDE EN STRATEGIEË | 10 |
| 3. BYWERKING VAN RELEVANTE HOFUITSPRAKE | 13 |
| AFDELING B: PRESTASIE-INLIGTING | 16 |
| 1. VISIE | 16 |
| 2. MISSIE | 16 |
| 3. WAARDES | 16 |
| 4. SITUASIONELE ONTLEDING | 16 |
| 4.1 Interne omgewing | 16 |
| 4.2 Eksterne omgewing | 17 |
| AFDELING C: DIE MEET VAN PRESTASIE | 23 |
| 1. DIE MEET VAN IMPAK | 23 |
| 1.1 Prioriteit 1: Belegging deur bevordering en katalitiese infrastruktuur | 26 |
| 1.2 Prioriteit 2: Toename in uitvoer | 31 |
| 1.3 Prioriteit 3: Aanspreek van vaardigheidsgapings | 35 |
| 1.4 Prioriteit 4: Versnelling van die gemak van sake doen | 39 |
| 1.5 Prioriteit 5: Hulpbronveerkragtigheid | 42 |
| 1.6 Mandaathouers- en wetgewende funksies | 47 |
| AFDELING D: TEGNIESE AANWYSER-BESKRYWINGS (TAB's) | 52 |
| AFDELING E: DISTRIKONTWIKKELINGSMODEL | 61 |

AFDELING A: ONS MANDAAT

Grondwetlike mandaat

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Skedule 4 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika lys funksionele gebiede van gelyklopende nasionale en provinsiale regsbevoegdheede. Die gebiede wat relevant is vir Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme is:

- Verbruikersbeskerming;
- Nywerheidsbevordering;
- Toerisme; en
- Handel.

Skedule 4B van die Grondwet identifiseer Plaaslike Toerisme as 'n plaaslike regering-saak van gelyklopende nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid, soos uiteengesit in afdelings 155(6)(a) en (7) van die Grondwet.

1. RELEVANTE WETGEWENDE EN BELEIDSMANDATE

Verskeie wette speel 'n rol in die Departement se werksomvang. Die belangrikste wette en beleide word hieronder genoem:

Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991)

Dié Wet maak voorsiening vir die aanwys van lisensiëringsowerhede en die uitvaardiging van lisensies vir sekere tipes besighede (insluitende die verkoop of voorsiening van maaltye of bederfbare kossoorte en die voorsiening van sekere tipes gesondheidsfasiliteite of vermaak.

Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003), soos gewysig deur die Wysigingswet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2013 (Wet 45 van 2013)

Die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) lê 'n wetgewende raamwerk vas vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging, bemagtig die Minister om kodes van goeie praktyk uit te vaardig en om transformasiehandveste te publiseer, roep die Adviesraad vir Swart Ekonomiese Bemagtiging in die lewe, en maak voorsiening vir sake wat daaruit spruit.

Die Wysigingswet op BBSEB het 'n aantal veranderinge bekendgestel, waarvan die volgende as die belangrikste beskou word:

- Die stigting van 'n BBSEB-kommissie wat 'n oorsig- en voorspraakrol vervul;
- Die definisie van 'frontpraktyke' en die kriminalisering van sulke praktyke; en
- Alle staatsliggame moet in hul jaarverslae verslag doen oor gehoorgewing aan BBSEB-regulasies.

Die wysigings op die BBSEB-kodes van Goeie Praktyk is op 1 Mei 2015 in werking gestel.

Wet op die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum-maatskappy, 2000 (Wet 8 van 2000)

Die doel van dié Wet is om voorsiening te maak vir die Provinsie se aandeelhouding in die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum- (KIKS-) maatskappy, die befondsing wat die Provinsie aan die Maatskappy verskaf het, en sake wat daarmee verband hou.

Wet op die Lidmaatskap van die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap, 2013 (Wet 12 van 2013)

Die doel van dié Wet is om voorsiening te maak vir wetgewing om die verhouding tussen die Wes-Kaapse Regering (WKR) en die Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap (EOV) te reguleer. Die Wet maak verder

voorsiening dat die WKR 'n lid van die EOv mag word en bepaal 'n formele verhouding (insluitende voorsiening vir oordragbetalings) tussen die twee partye. Die Wet stel ook voorwaardes betreffende die WKR se lidmaatskap van die EOv en befondsing van die EOv d.m.v. oordragbetalings. Die Wet reguleer nie die bestuur en werking van die EOv nie, aangesien dit deur maatskappywetgewing gereguleer word. Die Wet is in Desember 2013 deur die Provinsiale Kabinet (PK) deurgevoer.

Wet op die Saldanhabaai-nywerheidsontwikkelingsone-lisensiëringsmaatskappy, 2016 (Wet 1 van 2016)

Die doel van dié Wet is om die werksaamhede van die Saldanhabaai-nywerheidsontwikkelingsone-lisensiëringsmaatskappy (SBNOS-LiMa) Staatsbeheerde Maatskappy (SBM) Bpk. te reguleer; om voorsiening te maak vir die aandeelhouding van die Wes-Kaapse Regering (WKR) in die SBNOS-LiMa SBM Bpk.; en om voorsiening te maak vir die doelstellings, funksies en bestuur van die SBNOS-LiMa SBM Bpk.

Wet op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 1996 (Wet 3 van 1996) (soos gewysig deur die Wysigingswet op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 2013 (Wet 6 van 2013))

Dié Wet roep die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel (Wesgro) in die lewe. Dit is gewysig deur die Wysigingswet op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 2013 (Wet 6 van 2013), wat die hoofwet wysig met die doel om die doelwitte, magte en funksies van Wesgro en die magte en pligte van direkteure van die Raad van die Agentskap (die Raad) en die hoof- uitvoerende beampte uit te brei om die bevordering van toerisme in te sluit.

Wet op Kleinsake, 1996 (Wet 102 van 1996) [soos gewysig deur die Wysigingswet op Kleinsake, 2004 (Wet 29 van 2004)]

Die Wysigingswet het die bepalings betreffende die Ntsika-agentskap vir die Bevordering van Ondernemings (Ntsika) herroep; maak voorsiening vir die stigting van die Kleinsakeontwikkelingsagentskap (SEDA) en maak voorsiening vir die inkorporering van Ntsika, Namac en enige ander aangewese instansie in die Agentskap.

Wet op Koöperasies, 2005 (Wet 14 van 2005), soos gewysig deur die Wysigingswet op Koöperasies, 2013 (Wet 6 van 2013)

Dié Wet skryf voor dat die departement verantwoordelik vir ekonomiese ontwikkeling binne die provinsiale regering die koördinerende van beplanning, begroting, voorsiening van dienste en steun aan, sowel as die monitering en evaluering van, koöperasies sal verseker.

Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000)

Dié Wet maak voorsiening vir kernbeginsels, meganismes en prosesse om munisipaliteite in staat te stel om vordering te maak met die sosiale en ekonomiese opheffing van gemeenskappe en om toegang tot noodsaaklike en bekostigbare dienste te verseker.

Wet op Spesiale Ekonomiese Ontwikkelingsinfrastruktuur, 2019 (Wet 16 van 2019)

Die WKR is verantwoordelik vir die voortdryf van 'n aantal spesiale ekonomiese ontwikkelingsinfrastruktuurprojekte in die Provinsie om ekonomiese groei en werkskepping te stimuleer en te bevorder. Dié Wet maak voorsiening vir die instelling en bestuur van 'n regs persoon om die WKR se belange in dié spesiale ekonomiese ontwikkelingsinfrastruktuurprojekte te verteenwoordig en te beveilig.

Wet op Spesiale Ekonomiese Sones, 2014 (Wet 16 van 2014)

Die doel van dié Wet is om voorsiening te maak vir die aanwysing, bevordering, ontwikkeling, bedryf en bestuur van Spesiale Ekonomiese Sones (SES'e), wat die vestiging van 'n sakeonderneming (provinsiaal of munisipaal) om elke SES te bestuur, insluit. Verder maak die Wet voorsiening vir die vestiging en funksionering van die Nasionale Adviesraad op Spesiale Ekonomiese Sones (NASES) en die stigting van die Spesiale Ekonomiese Sones-fonds. Laastens wil die Wet die proses van aansoek doen om, en die uitreiking van, SES-operateurspermitte reguleer asook voorsiening maak vir die funksies van die SES-operateur.

Wet op Toerisme, 2014 (Wet 3 van 2014)

Dié Wet maak voorsiening vir die ontwikkeling en bevordering van volhoubare toerisme vir die sosiale, ekonomiese en omgewingsvoordeel van Suid-Afrikaanse burgers. Sy doelwitte sluit in die bevordering van verantwoordelike toerismepraktyke; die doeltreffende bemerking van Suid-Afrika, sowel op die tuisfront as internasionaal deur Suid-Afrikaanse Toerisme (SAT); die bevordering van toerismeprodukte en dienste van gehalte; die bevordering van ekonomiese groei en ontwikkeling van die sektor; en die vestiging van konkrete interregeringsverhoudinge om toerisme te ontwikkel en te bestuur. Dit maak spesifiek voorsiening vir die verdere opleiding en registrasie van toergidse, 'n etiese en gedragskode vir toergidse, prosedures vir die lê van klagtes, en dissiplinêre maatreëls.

Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)

Dié Wet bevorder 'n billike, toeganklike en volhoubare mark vir verbruikersprodukte en -dienste. Vir daardie doel bepaal dié Wet nasionale norme en standaarde betreffende verbruikersbeskerming, maak voorsiening vir verbeterde standaarde van verbruikersinligting, verbied sekere onbillike bemerkings- en sakepraktyke, bevorder verantwoordelike verbruikersgedrag en 'n konsekwente wetgewende en handhawingsraamwerk wat betref verbruikerstransaksies en -ooreenkomste, en roep die Nasionale Verbruikerskommissie in die lewe.

Wet op Wes-Kaapse Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 2002 (Wet 10 van 2002)

Dié Wet maak voorsiening vir die ondersoek van, verbod op en beheer oor onbillike sakepraktyke en stig 'n Kantoor van die Verbruikersbeskermer (KVB) en Verbruikersaketriboonale (VST's).

2. INSTITUSIONELE BELEIDE EN STRATEGIEË

Beleidsraamwerk vir die Regeringswye Monitoring- en Evalueringstelsel (2005)

Dié Raamwerk verklaar dat programprestasie-inligting een van die datagebiede is wat die Beleidsraamwerk vir die Regeringswye Monitoring- en Evalueringstelsel (BRRMES) onderlê, en spesifiek inligting wat deur staatsinstansies ingesamel word terwyl hulle hul mandaatwerk uitvoer en staatsbeleid implementeer.

EenKaap 2014

EenKaap 2014 is 'n opsetlike poging om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaapse streek te stimuleer. Dit is 'n visie en strategie vir die samelewing eerder as 'n plan van die Regering, hoewel al drie sferes van regering noodsaaklik is vir die implementering daarvan. Dit vervang nie enige bestaande statutêre planne wat van of die Provinsie of munisipaliteite vereis word nie. Dit is eerder bedoel as 'n verwysingspunt en riglyne vir alle belanghebbendes om die volgende teweeg te bring:

- Bevorder vars denke en beslissende dialoog oor die toekoms;
- Verskaf 'n gedeelde agenda vir samewerking deur die privaatsektor, openbare sektor en burgerlike samelewing;
- Help om Regeringsaksies en beleggingsbesluite in ooreenstemming te bring;
- Fasiliteer die nodige veranderinge wat ons sal moet maak om aan te pas by ons (snel) veranderende plaaslike en globale konteks; en
- Spreek ons ontwikkelings-, inklusiwiteits- en mededingendheidsopdragte aan.

Ekonomiese Aanskaffingsbeleid

Hoewel nog in konsepvorm, is die doel van dié Beleid om die ekonomiese impak van openbare aanskaffing te maksimeer om sodoende die groei en ontwikkeling van besighede wat in die Provinsie gesetel is, te ondersteun.

Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk

Die Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTSR) 2019–2024 verskaf verdere riglyne vir die implementering en monitering van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP).

- Prioriteit 1: 'n Bevoegde, etiese en ontwikkelingstaat;
- Prioriteit 2: Ekonomiese transformasie en werkskepping;

- Prioriteit 3: Onderwys, vaardighede en gesondheid;
- Prioriteit 4: Konsolidering van die maatskaplike loon d.m.v. betroubare basiese dienste van 'n hoë gehalte;
- Prioriteit 5: Maatskaplike samehang en veilige gemeenskappe;
- Prioriteit 6: Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering; en
- Prioriteit 7: 'n Beter Afrika en wêreld.

Nasionale Erfenis- en Kulturele Toerisme-strategie

Die Nasionale Erfenis- en Kulturele Toerisme-strategie (NEKTS) het ten doel om die ekonomiese potensiaal van erfenis- en kulturele hulpbronne d.m.v. verantwoordelike en volhoubare toerisme-ontwikkeling te ontsluit, en om bewustheid te verhoog van die vermoë van erfenis- en kultuurtoerisme om 'n bydrae tot maatskaplike samehörigheid te lewer.

Nasionale Evalueringsbeleid-raamwerk, 2011

Die Nasionale Evalueringsbeleid-raamwerk (NEBR) verskaf sowel die basis vir 'n minimum stelsel van evaluering regoor die Regering as 'n gedeelde taal vir evaluering in die openbare diens. Die doel daarvan is om evaluering van 'n hoë gehalte te verseker wat inligting verskaf oor wat werk en wat nie, en om sō die doeltreffendheid en impak van die staatsdiens te help verbeter. Om prestasie te verbeter, onderskryf die Raamwerk die behoefte om betroubare en objektiewe getuienis wat deur evaluering verkry is te gebruik vir beplanning, begrotings opstel, organisatoriese verbeterings en beleidsoorsig, en in program- en projekbestuur.

Nasionale Ontwikkelingsplan

Die hoofkonsepte van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) is:

- Om Suid-Afrikaners rondom 'n gesamentlike program te verenig;
- Dat burgers aktief aan hul eie ontwikkeling deelneem;
- Vinniger en inklusiewer ekonomiese groei;
- Die opbou van bevoegdheide;
- 'n Bevoegde staat; en
- Leierskap en verantwoordelikheid op alle vlakke van die samelewing.

Nasionale Plattelandse Toerismestategie

Die Nasionale Departement van Toerisme (NDT) het 'n Nasionale Plattelandse Toerismestategie (NPTS) ontwikkel wat daarop gemik is om 'n ontwikkelingsbenadering te verseker wanneer dit kom by die verpakking van plaaslike toerisme-produkte en -geleenthede in Suid-Afrika. Dié benadering is bedoel om ruimtelike nodes te prioriteer wat die potensiaal het om te groei, met die oogmerk om die groei van die toerismebedryf in Suid-Afrika te stimuleer.

Nasionale Toerismesektorstrategie

Navorsing dui daarop dat daar steeds vele geleenthede vir die uitbreiding van toerisme in die land is wat nie ten volle ontgin word nie. Dit het die nuwe Nasionale Departement van Toerisme (NDT) onder leiding van die Minister van Toerisme daartoe gelei om 'n inklusiewe proses in te stel en te bestuur om 'n Nasionale Toerismesektorstrategie (NTSS) te ontwikkel om die verantwoordelike uitbreiding van die toerismebedryf van 2010 tot 2020 te inspireer en te versnel.

Die NTSS stel drie kern temas voor met spesifieke fokusgebiede wat 'n nasionale, provinsiale en plaaslike perspektief het.

TEMA 1: Die groei van toerisme en die ekonomie

- Om die toerismesektor se absolute bydrae tot die ekonomie te vergroot;
- Om uitstekende mense-ontwikkeling en behoorlike werk binne die toerismesektor te verskaf;
- Om plaaslike toerisme se bydrae tot die toerisme-ekonomie te vergroot; en
- Om by te dra tot die streekstoerisme-ekonomie.

TEMA 2: 'n Verbeterde besoekersondervinding

- Om 'n besoekersondervinding van wêreldgehalte te bied;
- Om 'n toerismekultuur onder Suid-Afrikaners vas te lê; en
- Om Suid-Afrika as 'n globaal erkende toerismebestemming-handelsnaam te posisioneer.

TEMA 3: Volhoubaarheid en goeie staatsbestuur

- Om transformasie binne die toerismesektor teweeg te bring;
- Om die kwessie van geografiese, seisoenale en plattelandse verspreiding aan te spreek;
- Om 'verantwoordelike toerisme'-praktyke binne die sektor te bevorder; en
- Om die ekonomiese ontwikkeling van toerisme op 'n plaaslike regering-vlak te ontsluit.

Nywerheidsbeleid-aksieplan

Die Nywerheidsbeleid-aksieplan (IPAP) is stewig verskans in die Regering se oorkoepelende beleid en planne om die hoofuitdagings van ekonomiese en nywerheids groei asook rasgegronde armoede, ongelykheid en werkloosheid aan te spreek. IPAP 2018 is 'n produk van die Ekonomiese Sektore, Indiensneming en Infrastruktuur-ontwikkelingskluster (ESEID). Die verantwoordelikheid vir die implementering daarvan berus by die Regering as geheel sowel as by 'n breë reeks entiteite, insluitende SBM'e.

IPAP 2018 fokus op die volgende tien kerntemas wat die werk van die Departement van Handel en Nywerheid (DHN) onderlê en as padkaart vir die breër nywerheidspoging dien:

- Brei die ekonomie uit;
- Versterk pogings om totale plaaslike aanvraag te verhoog – hoofsaaklik deur die lokalisering van openbare aansaffing en geïntensifiseerde pogings om die privaatsektor te oortuig om lokalisering en die ontwikkeling van plaaslike verskaffers te ondersteun;
- Brei Suid-Afrika se uitvoerpogings uit;
- Skep en versterk beleidsekerheid en die ooreenstemming van programme;
- Versterk voortgesette pogings om 'n minder gekonsentreerde, mededingender ekonomiese en vervaardigingsomgewing te skep waar struikelblokke uit die weg van nuwe spelers wat tot die gebied wil toetree, geruim word;
- Bou 'n sterker stelsel van nywerheidsfinansiering en -aansporings om hoër vlakke van privaatsektorbelegging in die produktiewe sektore van die ekonomie te ondersteun en te beveilig, en bou uitvoer uit;
- Gaan voort met tegnologie-intensiewe, waardetoevoegende benefisiëringsprojekte wat die voordeel van Suid-Afrika se vergelykenderwys ryk hulpbronne ten volle in 'n globaal mededingende voordeel omskakel;
- Optimeer die oordrag en verspreiding van tegnologie en werk nou saam met die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) om die poging te verskerp om 'inheemse' Navorsing en Ontwikkeling (N&O) in kernsektore verder te kommersialiseer.
- Ondersteun die verdere versterking van kragdoeltreffende produksie en koolstofverligtingspogings en -maatreëls op 'n manier wat volhoubare aanpassing deur al die kragintensiewe sektore van die ekonomie toelaat; en
- Verstaan, begryp en berei voor vir die voorsienbare effekte van die Digitale Nywerheidsomwenteling (DNO) en ontlukende ontwrigtende tegnologieë deur Suid-Afrika se vervaardiging- en dienssektore aan te pas om die uitdagings te bowe te kom, insluitende wat betref verskuiwings in indiensneming.

Plaaslike Toerisme-groeistrategie

Die doel van die Plaaslike Toerisme-groeistrategie (PRGS) is om plaaslike toerismegroei te bevorder, gegrond op 'n kultuur van reis, innovering, die deelname van belanghebbendes en die aanbod van outentieke, bekostigbare ondervindings en pakkette wat in die behoeftes van alle bestaande en potensiële plaaslike reisigers voorsien.

Provinsiale Strategiese Plan 2019–2024

Die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2019–2024 is 'n vyfjaar- strategiese plan met die visie van 'n veilige Wes-Kaap waar almal floreer. Dié visie word uitgedruk in vyf strategiese prioriteite wat vir 2019–2024 geïdentifiseer is,

die Wes-Kaapse Visie-geïnspireerde Prioriteite (VIP's), naamlik:

- VIP 1: Veilige en hegte gemeenskappe;
- VIP 2: Groei en werksgeleentheid;
- VIP 3: Die bemagtiging van die bevolking;
- VIP 4: Mobiliteit en ruimtelike transformasie; en
- VIP 5: Innovering en kultuur.

Raamwerk vir die Bestuur van Programprestasie-inligting (2007)

Die Raamwerk vir die Bestuur van Programprestasie-inligting (RBPPI) stippel kernkonsepte in die ontwerp en implementering van bestuurstelsels uit om prestasie-inligting in die openbare sektore te definieer, in te samel, te rapporteer en te gebruik. Die RBPPI beklemtoon dat prestasie-inligting noodsaaklik is om die aandag van die publiek en toesighoudende liggame daarop te fokus of openbare instansies waarde vir geld lewer, deur hul prestasie met begrotings en dienslewingsplanne te vergelyk en bestuurders attent te maak op gebiede waar korrektiewe maatreëls vereis word.

SA Connect

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Breëbandbeleid (SANBB) (in Desember 2013 aanvaar) verskaf 'n raamwerk vir 'n gesonde telekommunikasie-omgewing in die land. In ooreenstemming met die NOP meen SA Connect dat die benefisiëring van breëbandinfrastruktuur slegs ekonomiese vrugte kan afwerp as die volgende vier elemente teenwoordig is, naamlik:

- Breëband moet 'n kritieke oorwig Suid-Afrikaners bereik;
- Toegang tot breëband moet bekostigbaar wees;
- Vaardighede aan die aanvraagkant moet ontwikkel word om te verseker dat breëbanddienste doeltreffend gebruik word; en
- Vaardighede moet aan die verskafferskant ontwikkel word sodat die ekonomiese en innoveringspotensiaal van breëband ontgin kan word.

Wes-Kaapse Breëband- Strategiese Raamwerk (2012)

Die Wes-Kaapse Breëband- Strategiese Raamwerk (WKBSR) sit 'n holistiese benadering uiteen om die volgende aan te spreek: toegang (infrastruktuur) en die gereedheid van, en gebruik deur, die Regering, burgers en die sakewêreld om sodoende dienslewering deur die Staat te verbeter, burgers se toegang tot geleentheid en inligting te versterk en ekonomiese mededingendheid te bevorder.

Wes-Kaapse Groen Ekonomie- Strategiese Raamwerk

Die doel van die Wes-Kaapse Groen Ekonomie- Strategiese Raamwerk (WKGESR) is om die Wes-Kaap te posisioneer as die provinsie met die laagste koolstofvlakke in Suid-Afrika en as die voorste ekonomiese brandpunt op die vasteland van Afrika.

3. BYWERKING VAN RELEVANTE HOFUITSPRAKE

Daar is geen nuwe uitsprake wat relevant is vir die Departement en wat 'n beduidende impak op die werksaamhede kan hê nie.

Organisatoriese struktuur

Minister
Ekonomiese Geleentheid

Mnr D Maynier


Departementshoof
Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

Mnr S Fourie

Vise-Direkteur-Generaal
Ekonomiese Versnellers en Ontwikkeling

Me J Johnston





AFDELING B: ONS STRATEGIESE FOKUS

1. VISIE

Die Departement se visie is 'n Wes-Kaap wat 'n gesonde, innoverende en volhoubare ekonomie het, gekenmerk deur ekonomiese groei en indiensneming.

2. MISSIE

Om die visieverklaring hierbo te verweselik, sal die DEOT leierskap van gehalte aan die Wes-Kaapse ekonomie verskaf d.m.v. die Departement se begrip van die ekonomie, sy vermoë om ekonomiese geleenthede en potensiaal te identifiseer en sy bydrae tot die Regering se ekonomiese prioriteite. Die Departement sal die produktiewe en mededingende kapasiteit van die Provinsiale ekonomie verbeter. Dit sal ekonomiese groei en die skep van werksgeleenthede kataliseer deur:

- Belegging te bevorder en katalitiese infrastruktuur te skep;
- Uitvoer verder uit te brei;
- Die vaardigheidsgapings aan te spreek;
- Die gemak van sake doen te versnel; en
- Hulpbronveerkragtigheid uit te bou.

3. WAARDES

Die kernwaardes wat die Departement voorstaan, is:

- *Omgee*: Om om te gee vir diegene wat ons dien en met wie ons saamwerk
- *Bekwaamheid*: Om oor die vermoë en kapasiteit te beskik om die werk te doen wat ons aangestel is om te doen
- *Aanspreeklikheid*: Om verantwoordelikheid te neem
- *Integriteit*: Om eerlik te wees en te doen wat reg is
- *Innovering*: Om ontvanklik te wees vir nuwe idees en om skeppende oplossings vir probleme op 'n vindingryke manier te ontwikkel
- *Responsiwiteit*: Om in die behoeftes van ons burgers en werknemers te voorsien

4. SITUASIONELE ONTLEDING

4.1 Interne omgewing

Binne die huidige uitdagende ekonomiese konteks gaan die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) voort om 'n aantal inisiatiewe voort te dryf as ingrypings om 'n omgewing te skep wat ekonomiese geleenthede ontsluit en ekonomiese groei voortstu.

Voortvloeiend uit die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2019-2020, het die Departement ook 'n mandaat ontvang om die leiersrol te speel om die dryfkrag te verskaf vir die WKR se agenda vir die Visie-geïnspireerde Prioriteit (VIP) 2, naamlik Groei en Werksgeleenthede.

Die Departement mik daarna om indiensneming te verbeter deur die mededingendheid van die Provinsie te verhoog, wat sal lei tot toenemende belegging, ekonomiese groei en reële werksgeleenthede. Ekonomiese groei en inklusiewe werkskepping kan 'n hupstoot ontvang deur die mededingendheid van die streek te verhoog, verhandelbare sektore te ontwikkel, belegging te lok, in infrastruktuur te belê en die uitvoermark te vergroot. Dit

word onderlê deur hulpbronveerkragtigheid, wat dit moontlik maak vir die ekonomie om te groei. Die WKR moet dit makliker maak vir ondernemings – van die kleinste township-KMMO's tot die grootste buitelandse beleggers – om sake te doen. Daar is insgelyks 'n behoefte vir die Regering om konstant die manier waarop hy sake met die privaatsektor doen, te verbeter.

In die lig van die verskuiwings in leweringsmeganismes vir VIP 2 (Groei en Werksgeleentheid), insluitende deelname aan VIP 1, 3, 4 en 5, het die Departement begin met die hersiening van die huidige organisatoriese struktuur om te verseker dat dit die beste geposisioneer is om in die toenemende behoeftes van die ekonomie te voorsien en om die Departement se mandaat te verwesenlik en tot die onderskeie VIP's by te dra.

Gegewe die komplekse en transversale omgewing waarin die Departement werksaam is, sal daar klem geplaas word op die heropleiding van personeel en die opskerpings van vaardighede, die verbetering van bekwaamheid, prestasiebestuur, diversifisering, mentorskap en opvolgingsbeplanning. Die Arbeidsmagontwikkelingsplan (AMOP) was en sal voortgaan om die platform te wees wat verseker dat die Departement sy menslike kapitaal optimaal inspan en ontwikkel.

In gehoorgewing aan begrotingsbesnoeiingsmaatreëls en riglyne vir die Vergoeding van Werknemers (VWN), verbind die Komitee vir die Bestuur van Vergoeding van Werknemers (BVWN) hulle daartoe om te verseker dat poste wat 'n kritieke rol in dienslewering speel, gevul word.

Afgesien daarvan sal die Departement – om funksies doeltreffender te kan lewer – begin met 'n projek genaamd 'Digitale DEOT', wat daarna mik om verbeterde funksionele doeltreffendhede binne die DEOT teweeg te bring. Die doel daarvan is om die reikwydte, impak en doeltreffendheid van die DEOT se interne programme te verbeter d.m.v. groter produktiwiteit wat uit die aanvaarding van digitale tegnologie spruit. Die projek volg 'n in-diepte-hersiening van Departementele prosesse wat uitgeloop het op vier 'pynpunte' rondom die behoefte aan dokumentasiebestuur en outomatisering, projekverslagdoening, belanghebbendebestuur en kommunikasie.

In 2020/21 sal die Departement die dienste van Sake- en Data-ontleders gebruik om gedetailleerde vereistes te identifiseer, saam te werk met die Sentrum vir e-Innovering (SEI) en die proses van verandering voort te dryf. Aktiwiteite sluit in die formulering van die sakevereiste-spesifikasies, die oorweging van die organisatoriese veranderinge, die aanbeveling van oplossings en vroegtydige ontwikkeling en integrasie in die DEOT-omgewing. Pogings sal aangewend word om die oorgang van analoë na digitale prosesse te bestuur om te verseker dat daar geleentheid geskep word vir personeel om toepaslike opleiding te ontvang.

4.2 Eksterne omgewing

Prestasieleweringomgewing

Die Wes-Kaap het beter as die res van Suid-Afrika presteer in vele ekonomiese aanwysers soos werkskepping, ten spyte van 'n averse en uitdagende breër omgewing.

Ten spyte van globale handelsversperrings, internasionale ontwikkelings, beleidsekerheid op 'n Nasionale Regeringsvlak en onstabielheid by Staatsbeheerde Ondernemings (SBO's), het die Provinsiale ekonomie beter presteer as wat verwag kon word. Indiensnemingstendense bly klim, wat verseker dat die Wes-Kaap se werkloosheidskoers aansienlik laer as dié van die res van Suid-Afrika bly.

As 'n ooptoegangseconomie wat in 'n tegnologies geïntegreerde en geglobaliseerde wêreld werksaam is, het dié nasionale en globale ontwikkelings 'n impak op die Wes-Kaap wat vorm gee aan die leweringomgewing waarin die Wes-Kaapse Regering (WKR) werksaam is. Dit word hieronder in nadere besonderhede ontleed.

Globale ekonomie

Die globale ekonomie bly steeds verlangsaam. Die IMF voorspel dat die globale ekonomie op koers is vir matige groei van 3.3% in 2020, terwyl dit in 2019 teen 2.9% gegroei het. Dié konserwatiewe voorspelling word voortgedryf deur die geleidelike herstel van handel en belegging. Spanning in globale handel, skerp afnames in groot ekonomieë en finansiële ontwigtings in ontlukende markte en ontwikkelende ekonomieë (OMOE's) plaas 'n

stremming op globale ekonomiese groeiprojeksies. OMOE's sal na verwagting in 2020 effens herstel; per capita-groei sal egter laer as langtermyn gemiddeldes bly en sal te stadig toeneem om armoede-uitwissingsdoelwitte te haal.

Die Verenigde State (VS) bly steeds op mediumtermyn globaal gesproke die belangrikste ekonomie en sy prestasie het 'n direkte impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie. Daar word voorspel dat Bruto Nasionale Produk- (BNP-) groei in die VS vanaf 'n verwagte 2.3% in 2019 tot 1.7% in 2020 sal verlangsaam, te danke aan handelsbeleidsonsekerheid en 'n afname in globale groei. Verbruikersbesteding in die VS bly stabiel, gerugsteun deur voortgesette werkskepping en loongroei.

Amerikaanse aanvoerkettingfaktore soos 'n beperkte arbeidsmark kan potensiële uitset in die VS verhinder, wat weer 'n negatiewe impak op kopyngroei in 2020 kan hê. Die VS tel onder die wêreldleiers op gebiede soos tegnologie, hoëwaarde-vervaardiging en innovering. Dié gebiede sal deurslaggewende dryfkragte van ekonomiese groei in die VS bly.

'n Ooreenkoms is deur die Verenigde Koninkryk- (VK-) parlement gefinaliseer wat daarop uitloop het dat die VK op 31 Januarie 2020 die Europese Unie (EU) verlaat het. 'n Oorgangstydperk sal vir die volgende 11 maande (eindigende op 31 Desember 2020) geld en sal die huidige status quo onveranderd laat terwyl die twee kante 'n ooreenkoms probeer bereik wat hul toekomstige verhouding sal bepaal. Gegewe die kompleksiteit van dié onderhandelinge en die kort tydsraamwerke wat betrokke is, word daar egter wyd gespekuleer dat 'n finale ooreenkoms nie voor die afsluiting van die oorgangstydperk bereik sal word nie, wat twyfel skep oor die regulatoriese regimes wat besighede in die gesig sal staar wanneer die VK en die EU ná Desember 2020 sake doen.

Geskiedkundig was die EU, en veral die VK, een van Suid-Afrika en die Wes-Kaap se belangrikste handelsvennote. Onsekerheid oor die ekonomiese impak van Brexit en of die VK 'n uittree-ooreenkoms met die EU kan bereik – wat die skade wat hy sy grootste handelsvennoot berokken sal beperk – het 'n ernstige impak op belegging en gevolglik groei in die VK. 'n Aantal firmas het hul kommer uitgespreek en het òf elders belê òf belegging in die VK vir eers opgeskort. Dit kan weer gevolge vir sowel die Wes-Kaap se uitvoerbedryf as toerisme inhou. Die risiko's vir Suid-Afrikaanse en Wes-Kaapse uitvoere is egter verminder, aangesien Suid-Afrika ná Brexit steeds 'n handelsooreenkoms met die EU sal handhaaf, terwyl die land ook 'n nuwe handelsooreenkoms met die VK sal formaliseer om handel tussen die VK en Suid-Afrika ná Brexit te bepaal.

Groeisifers vir ontwikkelende ekonomieë het in 2018 op 4.5% te staan gekom en sal na verwagting effens styg tot 4.1% in 2019. Die IMF raam dat groei effens sal styg tot 4.4% in 2020 en verder sal toeneem tot 4.6% in 2021. Die groeiprofiel vir die ontluikende ekonomieë-groep is 'n gevolg van 'n kombinasie van 'n geprojekteerde herstel van diep afnames vir gestresde ontluikende marke ekonomieë wat swak presteer en 'n voortgesette strukturele verlangsaaming in China.

Groei in China word geprojekteer om effens af te neem van 'n geraamde 6.1% in 2019 tot 6.0% in 2020. Om ekonomiese groei vir China in 2020 te verseker, sal sterker steunbeleide vereis. Die versterking van plaaslike belegging, veral in eiendom en die bou van infrastruktuur, sal 'n belangrike faktor wees. Die VS-Chinese 'mini' handelooreenkoms, wat in Desember 2020 onderteken is, sal ook help om 'n mate van onsekerheid onder Chinese besighede en verbruikers in 2020 uit te skakel.

Die voortgesette herstel van globale groei in 2021 sal uitvoer en 'n verwagte versnelling in beleggingsgroei ondersteun. Groei in Afrika Suid van die Sahara (ASS) sal na verwagting klim vanaf 3.3% in 2019 tot 3.5% in 2020-21. Die IMF se Verslag oor Ekonomiese Vooruitsigte per Streek het uitgelig dat hoër verbruiksartikelpryse en verbeterde toegang tot kapitaal na verwagting hoofdryfkragte van groei en ekonomiese diversifisering in die ASS-streek sal wees.

Ten spyte van sekere uitdagings is die globale ekonomie oor die algemeen gesond en sal Suid-Afrikaanse groei ondersteun as die land korrupsie binne die Regering en Staatsbeheerde Ondernemings (SBO's) beslissend die stryd kan aansê, politieke onsekerheid en nie-groei-beleide kan aanspreek, die kragkrisis kan oorkom en die onderwyskrisis kan oplos.

Nasionale Ekonomie

Die IMF raam dat Suid-Afrika se ekonomiese groei vir 2019 slegs 0.4% sal wees en verwag dat die land se ekonomiese groei vir 2020 baie effens tot 0.8% sal toeneem. Volgens die Wêreldbank sal verhoogde vlakke van politieke onsekerheid na verwagting na matig afneem; 'n brose herstel word egter geprojekteer weens voortgesette uitdagings i.v.m. die implementering van hervormingsmaatreëls, sanksies en infrastruktuur-bottelnekke. Die begrotingstekort/BNP-verhouding sal na verwagting van 5.9% in 2019/20 (April-Maart) tot 6.5% in 2020/21 styg voordat dit effens afneem tot 4.7% in 2024/25.

Die impak van korrupsie in die Regering en SBO's kan nie sterk genoeg gestel word nie. Korrupsie het 'n negatiewe impak op die oorhoofse doeltreffendheid van die ekonomie. Dit verhoog die koste van dienslewering aan burgers deur die Regering en SBO's, wat lei tot die heraanwending van openbare fondse vanaf sosiale en ekonomiese prioriteite. Belangriker nog, dit ontmoedig belegging en maak dit moeiliker om vaardige personeel te behou. Dit het gelei tot die uithol van Eskom, met sy aangewesenheid op die Regering se kontantborgstellings om kop bo water te hou, waar belastinggeld van dienslewering af heraangewys is om die elektrisiteitsnedsbedryf te ondersteun.

SBO-skuld bly steeds 'n hindernis vir die Regering. In Julie 2019 het die Regering 'n nuwe noodbestedingspakket van R59-miljard vir die kragparastataal Eskom aangekondig, met R26-miljard wat in 2019/20 oorgedra is en R33-miljard wat in 2020/21 oorgedra sal word. Dit is afgesien van die R23-miljard wat in die begroting van Februarie 2019 aan Eskom toegewys is. Eskom sal R138-miljard in borgstellings tot Maart 2022 ontvang om die parastataal te help om sy skuld te betaal, wat op meer as R450-miljard geraam word en geweldige druk op die tesourie (fiskus) plaas. 'n Besondere bron van kommer oor die druk wat op die tesourie geplaas word, is die finansiële en operasionele stabiliteit van Eskom en die impak daarvan op die betroubaarheid van elektrisiteitsvoorsiening, elektrisiteitspryse en Suid-Afrika se soewereine skuldkoers (staatswaarborge). Kragonsekerheid is nou die enkele beduidendste bedreiging vir ekonomiese groei en werkskepping op sowel Nasionale as Provinsiale vlak.

Suid-Afrika se fiskale posisie sal onder stremming bly verkeer te midde van 'n toename in bestedingsvereistes wat voortvloei uit 'n toename in bykomende laste in die vorm van verdere Regeringswaarborge aan SBO's. Kragonsekerheid, tesame met politieke onsekerheid oor sake soos grondonteiening en die Reserwebank, sal toekomstige belegging en groei strem. Nog 'n risikogebied is die Nasionale Gesondheidsversekeringsplan (NGV), waar private mediese skemas en -maatskappye 'n onseker toekoms in die gesig staar. Internasionale en plaaslike beleggers mag besluit om 'n 'wag-en-kyk'-benadering tot belegging te volg totdat dié vraagstukke gefinaliseer is.

Suid-Afrikaanse verbruikers herstel nog van toenames in belasting namate die Nasionale Regering probeer om 'n belastingtekort van R50.8-miljard te oorkom. Onder die belastingverhogings wat geïmplementeer is, is 'n toename van 1% in Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW); 'n verhoging in boedelbelasting; luuksegoedere-aksyns en 'n verhoging van 52 sent per liter in die Brandstofheffing. Dié belastingverhogings het druk geplaas op die beskikbare inkomste van verbruikers, wat verbruikersaanvraag en sakevertroue laat krimp.

Statistiek SA het bekendgemaak dat die jaarlikse verbruikersprysinflasie 4.0% in Desember 2019 was, 'n styging vanaf November 2019 se 3.6%. Dié styging was gedeeltelik toe te skryf aan die toename in kos- en nie-alkoholiese drankpryse. Die inflasiekoers het egter konsekwent onder die 6% monetêre beleid-plafon gebly. Dit het gelei tot 'n verdere besnoeiing op die rentekoers vanaf 0.25% tot 9.7% in Januarie 2020 deur die Reserwebank. Die geprojekteerde stabiele rentekoersvooruitsig sal verbruikers- en beleggingsaanvraag ondersteun, wat 'n positiewe impak op Suid-Afrika en die Wes-Kaap sal hê.

Die wisselkoers het in die loop van die jaar verswak vanaf onder R14 per dollar aan die begin van 2019 tot R14.88 teenoor die dollar aan die einde van Januarie 2020. Plaaslike ontwikkelings dra by tot die druk op die rand, veral stadige BNP-groei en die swak finansiële posisie waarin Eskom hom bevind, wat sowel die fiskale rekeninge as Suid-Afrika se uitstaande beleggingsgraad kredietevaluering bedreig. Die moontlikheid van 'n afwaartse risiko vir die rand-dollar-wisselkoers bly voortbestaan, gegewe die moontlikheid van 'n verdere afgradering deur Moody's en die gevolglike verbanning uit die Wêreld-staatseffekte-indeks.

Suid-Afrika se werkloosheidsyfer bly steeds hoog teen 29.1% in 2019K3, wat die kollig laat val op die land se geweldige werkloosheidsuitdaging. Die Regering en vele belanghebbendes het gereageer d.m.v.

jeugindiensnemingsinisiatiewe en groter befondsing vir hoër onderwys, maar die skaal van die uitdaging vereis strukturele sosio-ekonomiese verskuiwings.

Provinsiale Ekonomie

Die Wes-Kaapse ekonomie sou na verwagting met 0.7% in 2019 gegroei het en word geprojekteer om met 1.2% in 2020 uit te brei, volgens die Provinsiale Tesourie se Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring (MTBBV) 2019. 'n Oorsig oor groeikoerse by Wes-Kaapse distrikte toon dat die hoogste groeikoerse in 2019 in die distrik Eden aangeteken is (5.6%). Die tabel hieronder toon jaarlikse gemiddelde groeikoerse teen konstante 2010-pryse.

Gemiddelde jaarlikse groei (Konstante 2010-pryse) – Persentasie

| | Wes-Kaap | Stad Kaapstad | Weskus | Kaapse Wynland | Overberg | Eden | Sentrale Karoo |
|--------------|----------|---------------|--------|----------------|----------|-------|----------------|
| 2014 | 2.2% | 2.0% | 1.9% | 2.5% | 2.4% | 3.9% | 2.7% |
| 2015 | 1.4% | 1.7% | 0.6% | 1.3% | 0.6% | 0.3% | 0.5% |
| 2016 | 1.0% | 1.5% | -0.8% | -0.3% | -1.1% | 0.2% | -0.8% |
| 2017 | 1.2% | 1.3% | 2.5% | 2.2% | 2.6% | -1.8% | 2.4% |
| 2018 | 0.8% | 1.1% | -0.1% | 0.4% | 0.0% | 3.3% | -0.7% |
| 2019* | 0.8% | 0.7% | -0.1% | 0.4% | 0.1% | 5.6% | 0.1% |

Bron: IHS Rex

*2019-syfers is skattings

Die Wes-Kaapse ekonomiese uitset op distriksvlak word oorheers deur distrikte met groter stedelike gebiede. Namate verstedeliking in die Provinsie toeneem, sal hierdie tendens net intensifiseer. Die Kaapse Metro bly steeds die grootste bydraer tot ekonomiese uitset in die Provinsie, teen sowat 71% in 2019¹.

In 2019K4 het die Buro vir Ekonomiese Navorsing (BEN) se sakevertroue-indeks vir die Wes-Kaap van 22 na 32 punte gestyg, wat dui op 'n toename in sakevertroue deur die privaatsektor in die Wes-Kaapse streek. Hierdie aanwyser was hoër as dié van Gauteng maar laer as KwaZulu-Natal, teen 18 en 42 punte onderskeidelik. In die geval van uitvoere het die Wes-Kaap se uitvoere met 3.9% tot R129-miljard in 2018 toegeneem.

Omtrent 'n derde van die Wes-Kaap se uitvoere is bestem vir markte in Afrika en nog 30% gaan na Europa. Soos hierbo bespreek rakende die ekonomiese impak van Brexit, is die VK een van die top drie uitvoerbestemmings vir die streek. Die Wes-Kaap se grootste markte is Namibië (9%), die VK (7%) en Nederland (7%). Die Wes-Kaap was verantwoordelik vir 50% van Suid-Afrika se landbou-uitvoere in 2018, wat die sektor se mededingendheid illustreer.

Die Wes-Kaapse toerismesektor presteer steeds beter as die res van Suid-Afrika. Volgens SA Toerisme het die Provinsie die tweede hoogste aantal 'betaalde bednagte', wat van 15.1-miljoen in 2017 na 23.3-miljoen in 2018 geklim het. Die gemiddelde lengte van verblyf per toeris in die Wes-Kaap (12.9 nagte per toeris) was die hoogste van al die provinsies. Internasionale aankomste in die Wes-Kaap het met 0.2% toegeneem om 1.7-miljoen aankomste in 2018 te bereik. As gevolg hiervan het buitelandse besteding geklim tot 27.7-miljard in 2018 en geskatte Bruto Waarde Toegevoeg (BWT) het met 3.5% in 2018 gestyg.

Nadat die ergste droogte in meer as 100 jaar in die Wes-Kaap ondervind is, het die Provinsie hom nou as een van die meer waterveerkragtige streke in die wêreld geposisioneer. Risiko's wat aan klimaatsverandering toe te skryf is, is in 2019 deur die Wêreld- Ekonomiese Forum (WEF) aangewys as een van die top drie globale risiko's in terme van waarskynlikheid. Die klimaatuitdagings wat die Wes-Kaap onlangs in die gesig gestaar het, is duidelik deel van 'n breër globale verskynsel.

¹ Quantec, 2019

Die werkloosheidskoers in die Wes-Kaap het van 20.4% in 2019K2 tot 21.5% in 2019K3 gestyg. Die Wes-Kaap het die laagste uitgebreide werkloosheidskoers in Suid-Afrika, teen 24.5% in 2019K3, wat te kenne gee dat werkers in die Wes-Kaap aangemoedig word om werk te soek in vergelyking met ander provinsies. Alle ander provinsies het 'n uitgebreide werkloosheidskoers van meer as 40% aangeteken, met die uitsondering van Gauteng, wat 'n uitgebreide werkloosheidskoers van 35.1% aangeteken het. Die Wes-Kaap het die laagste niemetro- amptelike koers in Suid-Afrika aangeteken, teen 20.7% in 2019K3.

Die Wes-Kaap het die hoogste arbeidsabsorpsiekoers in Suid-Afrika teen 53.5% in 2019K3, wat waarskynlik bydra tot die werksoekgedrag van werkloses. 'n Hoër arbeidsabsorpsiekoers beteken dat 'n groter proporsie van diegene wat wil werk in die Provinsie in diens geneem word. Dit is 11.1% hoër as Suid-Afrika se absorpsiekoers van 42.4%. Die feit dat die Wes-Kaap se arbeidsmark beter as die res van Suid-Afrika presteer het, kan moontlik daarop dui dat die Provinsie beter ekonomiese geleenthede bied en produktiewer sowel as inklusiewer as ander provinsies is.

'n Duideliker konteks om die werksaamheidsomgewing in te beskou, word deur die SWOT-ontleding hieronder uitgebeeld:

| | |
|--------------------|--|
| Sterkpunte | <ul style="list-style-type: none"> • Die Wes-Kaap het 'n mededingende landbousektor met meer as 50% van Suid-Afrika se landbou-uitvoere in 2018 wat uit die Wes-Kaap gekom het; • Die Wes-Kaap het 'n sterk toerismegrondslag, wat die tweede hoogste getal betaalde bednagte in Suid-Afrika inhou; • Die Provinsie het een van die hoogste arbeidabsorpsiekoerse, wat beteken dat 'n individu 'n groter kans op indiensneming in die Provinsie het; • Die Wes-Kaap beskik oor relatief ontwikkelde infrastruktuur wat die Provinsie aantreklik vir beleggers maak; • Die Provinsie het hom geïmposisioneer as 'n finansiële spil wat die uitbreiding van die sakektor na die res van die streek Afrika Suid van die Sahara kan ondersteun; en • Die Provinsie het vier universiteite en 'n aantal hoër onderwys-instansies. |
| Swakpunte | <ul style="list-style-type: none"> • Afname in sakevertroue, wat skakel met 'n afname in privaatsektorbelegging; • Toenemende misdaad het 'n negatiewe impak op toeriste se persepsie van die Wes-Kaap as 'n veilige bestemming; • Sukkel met 'n tekort aan vaardighede, wat gedeeltelik deur die wanpassing van vaardighede voortgedryf word; • Droogte weens klimaatsverandering, wat 'n impak op die landbou- en toerisme-sektore het, veral in die Klein Karoo- en Sentrale Karoostreke; • Verouderde infrastruktuur en swak bestuur van katalitiese infrastruktuur wat vervoer betref, naamlik die drie grootste hawens in die Wes-Kaap sowel as die spoornetwerk; en • Die uittreestategie van groot houtverwante maatskappye in die bosboubedryf weens nasionale beleidsveranderinge het 'n negatiewe impak op die beskikbaarheid van hout, wat sal lei tot 'n gebrek aan verskaffing van insetmateriaal vir saagmeule en veral die bousektor van plaaslik vervaardigde houtprodukte. |
| Geleenthede | <ul style="list-style-type: none"> • Sterk groei in Afrika bied 'n geleentheid vir die Departement om uitvoer na dié markte te bevorder; • Die depresiasie van die geldeenheid bied 'n geleentheid vir die Departement om uitvoer en toerisme deur prysmededingendheid te bevorder; • Die bevordering van uitvoer en toerisme kan sterker fokus op snelgroeiende ekonomieë soos dié van Indië en China; en • Die sterk landbouvermoëns van die Wes-Kaap bied 'n geleentheid om agri-prosessering te bevorder. Dié sektor word beskou as arbeidsabsorberend en moedig groei binne die landbousektor aan, wat ruimtelike ontwikkeling bevorder. |
| Bedreigings | <ul style="list-style-type: none"> • Die impak van Brexit op belegging en toerisme – die verwagte inkrimping (en moontlike resessie) in die VK – kan 'n impak op die Wes-Kaapse ekonomie hê, gegewe dat die VK 'n beduidende bronmark vir sowel Buitelandse Direkte Belegging (BDB) as Toerisme is; • Suid-Afrika sal stadige ekonomiese groei oor die komende jare ondervind as gevolg van swak verbruikersaanvraag, ongeesdriftige belegging, relatief onderdrukte kommoditeitspryse, sporadiese stakings en kragonderbrekings; • Suid-Afrikaners het hoë huishoudelike skuld, wat onderhou word deur hoër belastings soos in toename in BTW, boedelbelasting, luuksegoedere en die brandstofheffing; • Die potensiele toetreding van globale buitelandse kleinhandelaars kan dalk beter presteer as plaaslike kleinhandelaars wat nie so gemoderniseer of gesofistikeerd is gemeet aan internasionale standaarde nie; • Voortgesette borgstellings van Staatsbeheerde Ondernemings (SBO's) sal voortgaan om druk op die fiskus uit te oefen; • Onstabiele kragsekuriteit, tesame met beleidsonsekerheid oor sake soos grondonteiening en die Reserwebank, sal belegging en groei inperk; • Die Nasionale Gesondheidsversekeringsplan (NGV) beteken dat private mediese skemas en maatskappye 'n onseker toekoms tegemoet gaan; • 'n Afname in sakevertroue wat skakel met die moontlikheid van hoër elektrisiteitskoste in die toekoms, beurtkrag en die risiko dat die land se kredietwaardigheid ondertoe aangepas sal word weens die finansiële onstabielheid by Suid-Afrikaanse SBO's; en • 'n Gebrek aan betroubare verskaffing van elektrisiteit weens die mislukking van Eskom. |

AFDELING C: DIE MEET VAN PRESTASIE

INSTITUSIONELE PRESTASIE-INLIGTING

1. DIE MEET VAN IMPAK

Impakverklaring

Groter indiensneming in die Wes-Kaapse ekonomie

Die Visie-geïnspireerde Prioriteit (VIP) 2: 'Groeï en Werksgeleenthede' van die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) sit die Provinsiale maatreëls uiteen waaraan die suksesvolle groei van die ekonomie en werksgeleenthede oor die volgende vyf jaar gemeet sal word. Die Departement sal bydra tot die uitbou van indiensneming deur die mededingendheid van die Provinsie te verhoog, wat toenemende belegging, ekonomiese groei en reële werksgeleenthede moontlik sal maak. Ekonomiese groei en inklusiewe werkskepping kan voortgedryf word deur streeksmededingendheid te vergoet, verhandelbare sektore te ontwikkel, belegging te lok, in infrastruktuur te belê en uitvoer uit te bou. Dit word onderlê deur hulpbronveerkragtigheid, wat ôf ekonomiese groei kan inperk ôf dit moontlik maak. Gegewe die strukturele aard van ons ekonomie, word daar in al dié fokusgebiede aandag geskenk aan die kwessie van gelykheid van toegang tot geleenthede. Dit is van deurslaggewende belang dat die oorhoofse sakeomgewing verbeter word. Die WKR moet dit makliker maak vir besighede – van die kleinste KMMO's tot die grootste buitelandse beleggers – om sake te doen. Die Regering moet ook in staat wees om doeltreffender sake met die privaatsektor te doen.



Prioriteite

Die werkskeppingsdoelwitte sal behaal word deur ingrypings in die volgende vyf Departementele fokusgebiede:

- Belegging d.m.v. bevordering en katalitiese infrastruktuur;
- Brei uitvoer uit;
- Spreek vaardigheidsgapings aan;
- Versnel die gemak van sake doen; en
- Hulpbronveerkragtigheid.

Dié Departementele fokusgebiede en hul onderskeie uitkomstevorm die hoeksteen van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) se vyfjaarstrategie.

Instaatstelling

Die Departement het vier prioriteite wat dit moontlik sal maak om die impak van toenemende indiensneming te behaal. Die instaatstellers is:

- Verbeter produktiwiteit en mededingendheid;
- Munisipale ondersteuning en KMMO-ontwikkeling;
- Ekonomiese intelligensie en data-ontleding;
- Ekonomiese bevordering en wetgewende mandaat.

Om die ekonomie te laat groei, is dit belangrik om 'n mededingendheidsvoordeel in sekere sektore en bedrywe te skep. Dit kan behaal word deur **produktiwiteit** en **mededingendheid** te verbeter, wat weer berus op **ekonomiese intelligensie en data-ontleding**. Om die ekonomie te laat groei, sal 'n goeie begrip van bestaande en nuwe markte vereis t.o.v. die huidige uitvoer van kommoditeite wat die Wes-Kaap in hoofsektore kan produseer. Produktiwiteit en mededingendheid sal ook verbeter word d.m.v. steun aan Klein, Medium en Mikro-ondernemings (KMMO's).

Om goeie staatsbestuur te bly onderhou en bevorder, en om werk te skep en die ekonomie te laat groei, moet die Provinsie **munisipaliteite ondersteun** om ruimtelike ekonomiese ontwikkeling te verseker. Dit sal die aanneming van 'n inklusiewe ekonomiese ontwikkelingsbenadering insluit. Inklusiewe ruimtelike ekonomiese ontwikkeling vereis dat die Provinsie 'n duidelik omskrewe ekonomiese uitkyk het en munisipale ekonomieë ondersteun. Dit sal ook inhou dat infrastruktuur bestuur word, dat 'n buffer teen klimaatsverandering opgebou word en dat afvalbestuur verbeter word.

Ekonomiese voorspraak speel 'n belangrike rol in die sluit van vennootskappe met plaaslike, nasionale en internasionale spelers, wat die groei van die streekseksonomie en indiensneming beïnvloed. Dié benadering erken dat elke instansie in die Wes-Kaap 'n rol en mandaat het, en dat instansies binne dié onderskeie mandate en rolle positief kan bydra tot ekonomiese persepsies van die Wes-Kaap. Doeltreffende ekonomiese voorspraak vereis dat die boodskapoordrag en waardeproposisie van ekonomiese geleenthede in die Wes-Kaap op 'n samehangende en voortgesette grondslag saamgevoeg en gekoördineer word.

Steun aan KMMO's sal dit makliker maak vir ondernemings – van die kleinste township-KMMO's tot die grootste buitelandse beleggers – om sake te doen.

Departementele Metodologieë en Instrumente

Die Departement is van plan om relevante stelsel metodologieë te gebruik en toe te pas om sy strategieë en planne in werking te stel en te implementeer, insluitende Probleemgedrewe Iteratiewe Aanpassing (PDIA) en Gedragseksonomie. Die toepassing van PDIA stel die Departement in staat om gedurig agter die kap van die byl met probleme te kom asook om die probleem in klein, hanteerbare en behendige response op te breek. Deur die toepassing van Gedragseksonomie sal die Departement in staat wees om gedrag in 'n rigting te stuur en te beïnvloed deur die manier te verander waarop keuses aangebied word met die doel om stelselmatige en positiewe impakte op die ekonomie te kan uitoefen. Binne die ekonomiese beleidsraamwerk waarin die Departement werksaam is, sal – waar moontlik – steun aan vroue, kinders en individue met gestremdhede geprioritiseer word.

Die Departement verstaan dat daar 'n reeks metodologieë, instrumente en hefbome tot sy beskikking is om die ekonomie te affekteer en te beïnvloed. Dié instrumente skep 'n instaatstellende omgewing en verskaf ekonomiese stimulasie, soos grafies hieronder verteenwoordig.



Om die vyfjaarplan te kan implementeer, het die Departement spesifieke hefbome geprioritiseer, maar met die verstandhouding dat ander hefbome binne die raamwerk toegepas sal word waar nodig en relevant.

1.1 Prioriteit 1: Belegging d.m.v. bevordering en katalitiese infrastruktuur

| Uitkoms | Uitkoms-aanwyser | Basislyn | Vyfjaar-teiken | Belyning |
|-------------------------------------|--------------------------|----------|----------------|--|
| Toename in Randwaarde van belegging | Randwaarde van belegging | RO | R5-miljard | DEOT-prioriteit 1 stem ooreen met die NOP en MTSR-prioriteit: 'Ekonomiese Transformasie en Werkskepping' |

Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Vyfjaar-beplanningstydperk

1.1.1 Die bydrae van uitkomst tot die behaal van die WKR se PSP 2019–2024-, VIP- en Apex-prioriteite, die NOP-vyfjaar-implementeringsplan, die Monitoringsraamwerk vir die NOP-vyfjaar-implementeringsplan, die mandaat van die instansie en prioriteite van vroue, jongmense, kinders en mense met gestremdhede.


As alle ander faktore konstant bly, word die streek se handelsprestasie (stadige toename in uitvoer en die groei van invoer) beduidend beïnvloed deur lae produktiwiteitsvlakke en ons onvermoë om prysgewys mee te ding. Die verbetering van produktiwiteit is 'n stadiger proses wat berus op die inspelings van faktore soos:

- Privaatsektor-belegging in wêreldklas prosesse, produksie en masjinerie, wat self 'n produk van sakevertroue is;
- Die opbeweeg van werkers met die waardeketting langs en die verbetering van werkers se doeltreffendheid, doelmatigheid en uitset;
- Die aanspreek van die teenproduktiewe werknemer-werkgewer-verhoudings wat ons huidige arbeidsomgewing kenmerk;
- Die verspreiding van tegnologie regoor uitvoerbare sektore; en
- Die voorsiening van toepaslike staatsinfrastruktuur en 'n ekonomie wat gekenmerk word deur hulpbronskeriteit (krag en water), teen mededingende pryse.

Dit maak nie saak hoe goed ons belegging- en uitvoerbevorderingstrategie en -implementering is nie, as die streek nie goedere en dienste mededingend kan produseer nie, sal uitvoer nie toeneem of die invoer van goedere en dienste wat plaaslike geproduseer kan word nie verminder nie. Om belegging te laat toeneem, vereis die verbetering van produktiwiteit, mededingendheid, produkdiversifisering en verbeterde gehalte van geproduseerde goedere en dienste.

Produktiwiteit word beïnvloed deur die feit dat Suid-Afrika se kapitaal per werker aansien laer is as dié van sy handelsvennote. Daarby is vaste kapitaal per werker in die Wes-Kaap aan die afneem en dra dit by tot 'n afname in produktiwiteit, groeiende invoer en swak uitvoerprestasie (Figuur 1). Dié tendens moet omgekeer word as die streek sy produktiwiteit en globale mededingendheid wil verbeter.


Wes-Kaapse netto vaste kapitaal-inligting, 2014-2018



Bron: Quantec²

Die produktiwiteit van hoofhandelsvennote het sedert 2011 met byna 4% per jaar toegeneem, terwyl produktiwiteit in Suid-Afrika negatiewe groei ervaar het (Figuur 2). Basies is die tendens in Suid-Afrika dat dit minder as die vorige jaar produseer vir 'n gegewe stel insette. Dit verduidelik hoekom plaaslike maatskappye minder produseer het, aan die afneem is en daar meer ingevoer word ten koste van plaaslike werksgeleenthede.

Multifaktor-produktiwiteitsgroei - uitgesoekte lande




Bron: EIU³

²Uittreksel uit Quantec-navorsing, 2019

³Uittreksel uit die Ekonomiese Intelligensie-eenheid, 2019

'n Hoofuitdaging t.o.v. belegging aanmoedig is 'n afname in opbrengs op belegging, wat sedert 2007 afwaarts neig (Figuur 3).

Figuur 3: Opbrengs op Aandele vir Suid-Afrikaanse Nywerhede, 2007-2017



Bron: Stats SA

Minder firmas voldoen aan die risiko-aangepaste minimum aanvaarbare opbrengskoers vir medium en groot firmas wat op die Johannesburgse Aandelebeurs (JAB) gelys is, soos duidelik blyk uit die slegste JAB-prestasie ooit. Dit verduidelik hoekom likiditeitsvlakke hoog is, maar beleggers en firmas nie beleggings maak nie. Buitelandse kapitaal neig na skuldinstrumente soos staatseffekte, eerder as om in produksie-aktiwiteite te belê. As belegging nie na produksie-aktiwiteite verskuif nie, sal daar katastrofale sosio-ekonomiese uitkomstes wees. Inisiatiewe om firmas se wins en opbrengs op aandele te verbeter, sal ingestel moet word om belegging aan te spoor.

Om die Randwaarde van belegging te verhoog, sal die NOP- en MTSR-prioriteit van Ekonomiese Transformasie en Werkskepping d.m.v. verbeterde produktiwiteit en mededingendheid van die Wes-Kaapse arbeidsmag ondersteun word.

Die Departement sal voldoen aan die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), Wet 53 van 2003, soos gewysig.

1.1.2 Die grondrede vir die keuse van die uitkomsaanwysers relevant tot die onderskeie uitkomstes en hul belyning met die uitkomsaanwysers van die PSP 2019-2024, VIP- en Apex-prioriteite.

Belegging, soos deur Statistiek Suid-Afrika of die Suid-Afrikaanse Reserwebank gerapporteer, sluit in veranderinge in inventaris en die belegging in finansiële instrumente soos aandele en effekte. Die Departement erken die belang van belegging in finansiële instrumente, maar sulke belegging is egter 'n funksie van mededingendheid en opbrengs op belegging. Direkte belegging is uiteraard 'n beter aanwyser van toekomstige produktiwiteit en globale mededingendheid, wat 'n voorvereiste vir uitvoermededingendheid is.

In die lig hiervan beplan die Departement om belegging aan te spoor en te lok d.m.v. die fasilitering en ondersteuning van katalitiese infrastruktuur, soos Nywerheidsontwikkelingsones (NOS'e) en Spesiale Ekonomiese Sones (SES'e). In dié opsig sal die Departement die waarde van belegging in infrastruktuur sowel as privaatsektorbelegging wat uit die infrastruktuur spruit, meet. Die Departement en sy entiteite sal ook direkte belegging in die Provinsie bevorder en fasiliteer.

In erkenning vir die mate waarin rompslomp die groei van belegging inhibeer, sal die Departement belegging as 'n gevolg van die verwydering van struikelblokke in die pad van belegging meet.

Verder besit die Provinsie en munisipaliteite aansienlike infrastruktuur en eiendomsbates wat nie gebruik word, of nie ten volle gebruik word, nie. 'n Aantal van dié bates, wat begrotingsdruk op die Regering plaas in terme van onderhoud en sekuriteit, kan gebruik word om die ekonomie en belegging te help stimuleer. Oor die laaste paar jaar was daar ook onderbesteding aan die onderhoud van Staatsinfrastruktuur en -bouwerk. Gegewe dat die Regering 'n beduidende aanskafter in die boubedryf is, het hul onderbesteding 'n dramatiese impak op die gesondheid van die boubedryf, wat meer as 4% van die Wes-Kaapse ekonomie verteenwoordig. Gevolglik sal die Departement, as deel van die ekonomiese kluster binne die WKR, steun en bystand aan die relevante WKR-departemente sowel as aan munisipaliteite verleen om die bou en onderhoud van infrastruktuur te versnel en – waar relevant – eiendom wat nie gebruik word of nie ten volle gebruik word nie, vir 'n ander doel inspan tot voordeel van die ekonomie.

Dié inisiatiewe sal VIP 4: Mobiliteit en Ruimtelike Transformasie, ondersteun.

1.1.3 Verduideliking van strategiese programme/ingrypings op die vyfjaarteikens te behaal.

Die volgende ingrypings sal deur die Departement ondersteun en onderneem word in die najaag van sy beleggingsverwante prioriteite.

i. Vermeerder inisiatiewe wat belegging bevorder

Die WKR sal d.m.v. sy handels- en beleggingsagentskap sy aktiwiteite ter bevordering van belegging opskaal en sal die bevordering van belegging onder die publiek en private sektor koördineer. Daarbenewens mag bykomende private sektor-belegging plaasvind a.g.v. die steun wat die Departement en sy vennoot-organisasies aan besighede verleen.

ii. Versterk belegging deur die produktiwiteit van verhandelbare sektore te verbeter

Die WKR sal die instrumente tot sy beskikking inspan om die produktiwiteit van verhandelbare sektore te verbeter, insluitende die gebruik van ekonomiese voorspraak, ekonomiese intelligensie-instrumente asook koördinerende om inligtings- en markmislukkings te voorkom.

iii. Verwyder struikelblokke in die weg van belegging

Die WKR sal rompslomp-ingrypings opskaal om firmas te help om ophoude en kostes te verminder, om só winsgewendheid en belegging 'n hupstoot te gee. Wetgewende hervorming sal van stapel gestuur word om tydlynne en kostes vir besighede en die Regering te verminder. Ondersteuning met rompslomp in munisipaliteite sal uitgebrei word met gespesialiseerde eenhede en 'n veldtog om wetgewingsblokkasies te verwyder. Verbeterde dienslewering deur die Regering sal teweeggebring word deur die Regering se respons op besigheidsvereistes deur gedragseconomie, ooreenkomste en 'Oop vir besigheid'-veldtogte te gebruik. Verslae aan besighede, die Regering en belanghebbendes oor die vermindering van kostes en impak sal opgestel word. 'n Gemak van Sake Doen- (GVSD-) indeks sal ontwikkel word om rompslompverbeteringe te assesser en te kommunikeer.

iv. Katalitiese infrastruktuur

Ondersteun en fasiliteer katalitiese infrastruktuur wat daarop gemik is om beleggings te lok, bv. nywerheidsontwikkelingsones, spesiale ekonomiese sones en ander ekonomiese ontwikkelingsinfrastruktuur-inisiatiewe wat daarop gemik is om die opbrengs op beleggings en die ekonomie se mededingendheid te verbeter.

v. Vrstelling van openbare bates vir ekonomiese doeleindes

Steun en – waar relevant – dryf die vrystelling van openbare bates en eiendom voort om die ekonomie te help stimuleer deur die Spesiale Ekonomiese Ontwikkelingsinfrastruktuur-maatskappy (SEOIM) te gebruik.

1.1.4 Verduideliking van die skakels, bydraes en afhanklikheid onder die hefbome om die vyfjaarteikens van die Departement en dié van ander Provinsiale departemente te behaal.

Beleggingsgroei, wat noodsaaklik is om uitvoer 'n hupstoot te gee, is afhanklik van aktiwiteite regoor die WKR. Die Departement sal nou met die Departemente van Landbou (DvL), Vervoer en Openbare Werke (DVO), Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DOS&OB) saamwerk om belegging en uitvoer te laat toeneem d.m.v.:

- i. Watersekuriteit te ondersteun;
- ii. Besproeiingsinfrastruktuur te ondersteun;
- iii. Volhoubare omgewingspraktyke te ondersteun;
- iv. Hoof- verhandelbare sektor-aktiwiteite te ondersteun om uitvoeraktiwiteite op te stoot;
- v. Instaatstellende maatreëls vir belegging te ondersteun; en
- vi. Rompslomp in hoof- verhandelbare munisipale sektore te verminder.

1.1.5 Verduideliking van die raakpunte met munisipaliteite.

Belegging vind plaas in 'n munisipale konteks en vereis 'n bevorderlike omgewing in terme van basiese dienste sowel as om in die behoeftes van spesifieke beleggers te voorsien. Katalitiese infrastruktuur sal munisipaliteite help om aantrekliker en beleggingsvriendelik te raak. Die vermindering van rompslomp in hoof- verhandelbare munisipale sektore sal ook die groei van belegging moontlik maak deur beleggersvertroue oor die algemeen te bevorder en die hindernisse vir beleggingsprojekte te verwyder. D.m.v. hulpbronveerkragtigheidsinisiatiewe sal munisipaliteite gehelp word om te verseker dat verhandelbare sektore genoeg water en krag sal hê om produksie en toegang tot ondersteuningsdienste te verhoog. Belegging sal ook in munisipaliteite moontlik gemaak word deur die aanbieding van inisiatiewe om vaardighede te ontwikkel. Dit sal beleggings help om toegang te verkry tot die vereiste vaardighede in terme van skaarsheid, aanbod en koste.

1.1.6 Hoofrisiko's

| Uitkoms | Hoofrisiko | Risikovermindering |
|-------------------------------------|--|--|
| Toename in Randwaarde van belegging | <p>Ekonomiese potensiaal vir werkskepping en BBP-groei word nie verwesenlik nie weens gebrek aan beleggers in infrastruktuur.</p> <p>Beleggingsklimaat bly konserwatief of neem af weens ekonomiese onsekerheid en omstrede Nasionale beleidsbesluite.</p> | <ul style="list-style-type: none"> • Doen voorspraak by Nasionale Regering om beleggingsonvriendelike beleidsbenaderings te wysig (Gemak van Sake Doen). • Bevorder die Wes-Kaap as 'n beleggingsbestemming van keuse op die vasteland van Afrika. |

1.1.7 Openbare entiteite

| Naam van Openbare Entiteit | Mandaat | Uitkomste | Lopende Jaarlikse Begroting (R) |
|---|---|---|--|
| Wesgro | Om toerisme, handel en belegging in die Provinsie van die Wes-Kaap te bevorder. | <ul style="list-style-type: none"> • Toename in Randwaarde van sakeooreenkomste onderteken. • Toename in getal werksgeleenthede uit ondertekende sakeooreenkomste gefasiliteer. • Toename in Randwaarde van uitwaartse Buitelandse Direkte Belegging (BDB) waartoe daar verbind is. • Toename in Randwaarde van beleggings in die Provinsie waartoe verbind is. • Toename in getal werksgeleenthede wat deur beleggings gefasiliteer is. | R74 956 000 (vir handels- en beleggings-bevorderings-aktiwiteite) |
| Saldanhabaai-nywerheids-ontwikkelingsone (SBNOS) | Bestuur van die Olie & Gas- en Mariene Dienste-nywerheids-ontwikkelingsone (NOS). | Toename in die fasilitering van beleggings in die Olie & Gas- en Mariene nywerhede. | R42 566 000 |
| Atlantis- Spesiale Ekonomiese Sone (ASES) (in 2019/20 tot stand gebring) | Bestuur van Groen Tegnologie- Spesiale Ekonomiese Sone (SES). | Toename in die fasilitering van beleggings in 'groen' tegnologie-nywerhede. | R35 438 000 |
| Spesiale Ekonomiese Ontwikkelings-infrastruktuur-Maatskappy (sal in 2020/21 tot stand gebring word) | Ondersteun die ontwikkeling van katalitiese infrastruktuur in die Wes-Kaap. | Toename in die fasilitering van beleggings in katalitiese infrastruktuur. | 0 |

1.2 Prioriteit 2: Toename in Uitvoer

| Naam van Openbare Entiteit | Uitkomsaanwyser | Basislyn | Vyfjaarteiken | Belyning |
|--|--|-----------------------------|---|---|
| Toename in uitvoer | Randwaarde van uitvoer | RO | R17-miljard | DEOT-prioriteit 2: 'Toename in Uitvoer', stem ooreen met die NOP- en MTSR-prioriteit: 'Ekonomiese Transformasie en Werkskepping' |
| Verbeterde Persepsie van Toeriste-veiligheid | Persentasie verandering in persepsie van toeriste-veiligheid | Basislyn nie beskikbaar nie | Verbeter die persepsie van toeriste-veiligheid met 25% oor vyf jaar | DEOT-prioriteit 2: 'Verbeterde Persepsie van Toerismeveiligheid' stem ooreen met die NOP- en MTSR-prioriteit: 'Maatskaplike Samehang en Veilige Gemeenskappe' |

Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Vyfjaar-beplanningstydperk

1.2.1 Die bydrae van uitkomste tot die behaal van die WKR se PSP 2019–2024, VIP's (PSP's) en Apex-prioriteite, die NOP-vyfjaar-implementeringsplan, die Moniteringsraamwerk vir die NOP-vyfjaar-implementeringsplan, die mandaat van die instansie en prioriteite van vroue, jongmense, kinders en mense met gestremdhede.

Om die Wes-Kaap se uitvoersektor – wat toerisme insluit – uit te bou, sal bydra tot VIP 2: Groei en Werksgeleenthede, die Apex-prioriteite en werkskepping. Dié benadering word ondersteun deur die NOP, wat sê dat indiensneming en inklusiewe groei slegs sal toeneem as die Regering hom toespits op die bevordering van uitvoer, toerisme en mededingendheid. 'n Toename in uitvoer sal die NOP- en MTSR-prioriteit: 'Ekonomiese Transformasie en Werkskepping' ondersteun. Die Departement sal die ontwikkeling van ondernemings steun wat die groei van hoof- verhandelbare sektore – insluitende toerisme – ondersteun met die doel om die uitvoer van goedere en dienste te verhoog.

'n Toename in uitvoer deur plaaslike firmas – insluitende toerisme, sowel as die verplasing van invoer, sal 'n direkte impak op die ekonomie hê. Dié bykomende verhandelbare aktiwiteit sal 'n direkte impak hê d.m.v. ekonomiese skakels met die waardekettings van verskillende bedrywe langs, en indirek deur die produktiwiteit en mededingendheid van sektore te verbeter. Om die mededingendheid sowel as die produktiwiteit van hoof-verhandelbare sektore in ooreenstemming met die uitvoergeleide benadering te ontwikkel, sal sektorale steun sentreer op begrip van elke sektor, die uiteensit van die waardeketting vir verskillende nywerhede om groeipotensiaal, produksiekapasiteit en -beperkinge te bepaal, sowel as op die bepaling van elke sektor se uitvoerpotensiaal. Dit sal insig verskaf oor waar sektorale steun nodig is en in watter formaat. Die voortgesette ondersteuning en koördinering van sektorale ontwikkelingsprioriteite sal lei tot verhoogde vlakke van uitvoergereedheid. Toerismegroei sal verbeter word deur 1) toerismeveiligheid te verbeter, wat skakel met VIP 1: 'Veilige en Samehangende Gemeenskappe'; 2) steun en belegging in hoof-toerismeprodukte en -bemarkingsinstrumente om die toerismeprodukaanbod te vergroot; 3) die verbetering van oorhoofse bestemmingsbemarkingsbestuur om besoekers se ondervinding te verbeter en só herhalingsbesoekerskoerse op te stoot; sowel as 4) die ontwikkeling van 'n nuwe toerisiebemarkingstrategie om internasionale en plaaslike bronmarkte te prioritiseer om te verseker dat besoekersgetalle toeneem en dat toeriste langer bly en meer bestee in die Wes-Kaap.

Die Departement sal gehoor gee aan die Wet op BBSEB, Wet 53 van 2003, soos gewysig.

1.2.2 Die grondrede vir die keuse van die uitkomsaanwysers relevant tot die onderskeie uitkomst en hul belyning met die uitkomsaanwysers van die PSP 2019–2024, VIP- en Apex-prioriteite.

Die uitkomsaanwyser: waarde van uitvoer – insluitende toerisme – stem ooreen met die PSP 2019–2024, VIP's en Apex-prioriteite. As uitvoer – insluitende toerisme –toeneem weens verbeterings in mededingendheid en produktiwiteit sowel as deur toenemende reise deur besoekers weens die Departement se ingrypings, sal die uitsette van plaaslike firmas toeneem en só aanvraag na indiensneming wek.

PSP- Veiligheids- Apex-prioriteit: 'Misdad teen Toeriste in die Kaapstadse SSD en die Tafelberg-gebied' sowel as kleiner toerismeveiligheidsbrandpunte regoor die Provinsie spesifiek, het 'n ernstige impak op die groei van toerisme gehad weens die toenemende persepsie dat die Wes-Kaap nie 'n veilige bestemming vir toeriste is nie. Die doel van die Departement se twee veiligheidsprioriteite is om (i) misdad teen toeriste stop te sit en (ii) om die toenemende negatiewe persepsie dat die streek 'n onveilige bestemming vir toeriste is teen te werk. Namate misdad afneem en die persepsie van veiligheid verbeter weens 'n gekoördineerde kommunikasiepoging, sal meer toeriste die Wes-Kaap besoek en só toerisme se bydrae tot uitvoer en die ekonomie oor die algemeen verhoog, wat weer sal lei tot werkskepping. Dié prioriteit van die Departement wil dus VIP 1: 'Veilige en Hegte Gemeenskappe' en VIP 2: 'Groeï en Werksgeleenthede' bely en ondersteun.

1.2.3 Verduideliking van strategiese programme/ingrypings om die vyfjaarteikens te behaal.

Die strategiese ingrypings verwant aan die vyfjaarteiken sal op die volgende programme fokus:

- i. **Bevordering** – Dit sluit in die verskaffing van markintelligensie om besluitnemingsprosesse deur maatskappye te ondersteun; voorspraak by Nasionale Regering om internasionale markte te kies waarvoor maatskappye steun sal verskaf deur oorwoë markontleding en konsultasie met die private sektor te gebruik; die verskaffing van noodsaaklike steun aan maatskappye d.m.v. uitwaartse verkoopsendings en die bywoning van internasionale handelskoue. Strategiese toeristemarkte sal versterk word deur veldtogte om die Wes-Kaap se handelsnaam te bevorder. Dié bewustheid van die bestemmingshandelsmerk en die bemerking daarvan sal verbeter word d.m.v. vennootskappe met die bedryf, Handelsnaam Suid-Afrika en SA Toerisme. 'n Omsettingsmetodologie vir sakegeleentheid-afgevaardigdes sal gebruik word om afgevaardigdes langer te laat bly.
- ii. **Sektorale Ontwikkeling** – Die Departement sal die ondersteuning van hoof- verhandelbare sektore verbeter om hul groeipotensiaal te realiseer deur die verwante sektor se mededingendheid en produktiwiteit te verhoog. Dit sal vereis dat sektorintelligensie en die koördinering van en skakeling met bedrywe verbeter word.
- iii. **Verbeter Toerismeveiligheid** - Die Departement sal toerismeveiligheid oorhoofs verbeter deur die vestiging en inwerkingstelling van 'n toerismeveiligheidsprogram met 'n verhoogde teenwoordigheid van toerismeveiligheidsbeamptes by hooftoerismebrandpunte.
- iv. **Gemak van Sake Doen (GVSD)** – Die GVSD-inisiatief sal insluit die identifisering van handelversperrings, sowel tarief- as nietariefversperrings, en om d.m.v. voorspraak die sektore en Nasionale Regering oor die beste oplossings te adviseer. Daarby sal handelsooreenkomste bevorder word en bystand verleen word aan maatskappye om die vereiste gehoorgewing aan binnemarksertifisering te verkry – insluitende dié van stelsels en prosesse. Dit sal insluit voorspraak by die Nasionale Regering om visavereistes vir strategiese toeristemarkte te verslap.
- v. **Steun aan die Ontwikkeling van Vaardighede** – Ontwikkel opleidingsprogramme vir uitvoerders om produktiwiteit, mededingendheid en innovering te verhoog.
- vi. **Bevordering van Belegging** – Die toename in uitvoer sal ondersteun word met 'n belegging-, sakebehoud- en -uitbreidingsstrategie gegrond op verhandelbare sektor-geleenthede, waar beleggingswerwingsendings versterk sal word deur 'n verbetering in die gehalte van data deur betroubare beleggingsvloei-ontledingsinstrumente en -platforms te gebruik. Daar sal voorspraak gedoen word by die Nasionale Regering en ander relevante belanghebbendes om beleide en aansporings te ontwikkel wat relevant is en voorsien in die behoeftes van uitvoerders.
- vii. **Katalitiese infrastruktuur** – Skakelings met die private sektor sal onder meer fokus op die identifisering van instaatstellingsgapings in noodsaaklike infrastruktuur en die ontwikkeling van relevante planne. Voorspraak sal by die Nasionale Regering gedoen word om die plaaslike sektore te ondersteun met relevante infrastruktuur om uitvoermededingendheid te verbeter.

1.2.4 Verduideliking van die instaatstellers waardeur die vyfjaarteikens behaal sal word.

Die toename in uitvoer – insluitende toerisme – sal moontlik gemaak word deur die streek se diepte en reikwydte van uitvoerbesighede te verbeter en deur 'n bevorderlike omgewing vir groei te ontwikkel. Firms moet toegang hê tot die toepaslike menslike kapitaal, infrastruktuur, logistiek en markte. Die sakeomgewing moet ook ondersteun word deur stabiele en doeltreffende vervoer vir werkers en goedere. Hawens moet doeltreffend en kostedoeltreffend werk. Die globale omgewing moet ook stabiel wees en globale groei ondersteun. Uitvoerders vereis 'n instaatstellende ekostelsel van ondersteuning in terme van toegang tot finansiering, inligting en ondersteuning van die Staat. Verder is dit 'n gegewe dat die Departement proaktief moet optree in antwoord op snelle internasionale tegnologieë en digitale vooruitgang sodat dit nie net die negatiewe impak op die streekseconomie en sy bedrywe beperk nie, maar ook die geleentheid wat dit skep, benut om mededingendheid en produktiwiteit te verbeter. Die belangrikste is die vereiste van 'n stabiele en doeltreffende arbeidsmag. Goeie ekonomiese beleid en koördinerende van die Staat sal die omgewing waarbinne uitvoerders werksaam is, verbeter.

1.2.5 Verduideliking van die skakels, bydraes en afhanklikhede tussen die hefbome om die vyfjaarteikens van die Departement en dié van ander Provinsiale departemente te behaal.

Die Departement sal die leiding onder WKR-departemente neem deur te fokus op aktiwiteite wat die ontwikkeling van uitvoer in geteikende sektore sal bou, genereer, beïnvloed en in staat stel. 'n Hoofvennoot is die WKR se Departement van Landbou (WKDvL). Die WKDvL is in die proses om 'n formele teorie van oorsig oor verandering te ontwikkel oor marktoegang vir landbouprodukte wat sal lei tot ingrypings en hoofaksies om die uitvoer van landbouprodukte te verbeter. Om landbouproduksie op te stoot, sal die WKDvL ook fokus op 1) die verskaffing van 'n veilige, stabiele plattelandse omgewing, die aanneming van tegnologiese ontwikkelings en die Vierde Nywerheidsomwenteling (4NO), die teenwerk van klimaatsverandering en die teweegbring van transformasie in die sektor, en 2) die ondersteuning van hulpbronne (water, grond, menslike en finansiële kapitaal) wat beskikbaar moet wees en teen 'n redelike prys bekom moet kan word. In die aanspreek van dié behoeftes en 'n verhoging in produksie sal die WKDvL verskeie ingrypings uitvoer wat daarop gemik is om aanvraag sowel plaaslik as globaal op te stoot.

Nog 'n hoofvennoot is die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW). Produktiwiteit vereis dat struikelblokke vir uitvoer uit die weg geruim word. Die DVOW het 'n Provinsiale Vragstrategie (PVS) ontwikkel vir die lewering van volhoubare vragvervoer in die Wes-Kaap, ondersteun deur die ontwikkeling van 'n Wes-Kaapse Vragaanvraagmodel (WKVAM) wat bygewerkte inligting oor die vloei van vrag binne die Provinsie, en tussen die Wes-Kaap en ander provinsies, verskaf. Sulke ingrypings sal die doeltreffende beweging van goedere in die ekonomie ondersteun. Dit sal koolstofvrystellings, padongelukrisiko's en uitgawes op die onderhoud van paaie wat baie gebruik word, verminder. Dié impakte kan die koste en mededingendheid van uitvoer beïnvloed.

Die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DOOB) befonds Cape Nature, wat 'n belangrike rol speel in die bestuur van sommige van die Wes-Kaap se belangrikste toerisme-attraksies. Dié attraksies sal verbeter word om besoekersgetalle op te stoot.

1.2.6 Verduideliking van die raakpunte met munisipaliteite

Die WKR se benadering tot gesamentlike distrikte sal gebruik word om te verseker dat munisipale ekonomieë 'n toename in uitvoer steun deur gesond, veerkragtig, produktief en mededingend te raak. Daar word in die vooruitsig gestel dat 'n toename in uitvoer in die munisipale sfeer verbeter sal word deur met munisipaliteite saam te werk om hul ekonomiese ontwikkelingsstrategieë te ontwikkel. Daarby sal Wesgro se vestiging van 'n streeksteenwoordigheid d.m.v. 'n Distrikseenheid ook medewerkingsgeleentheid skep om munisipaliteite te ondersteun in die uitbou van uitvoer.

Skedule 4A van die Grondwet lys toerisme as 'n funksionele gebied van samelopende nasionale en provinsiale bevoegdheid. Seksie 4B van die Grondwet identifiseer plaaslike toerisme as 'n funksionele gebied van plaaslike regering soos uiteengesit in seksies 115(6)(a) en 7 van die Grondwet. As sodanig moet toerismebeplanning op 'n streeks- en plaaslike vlak gekoördineer word, aldus moet groter belyning tussen die Streekstoerisme-organisasies (STO's) op distriksvlak sowel as Plaaslike Toerisme-organisasies (PRO's) op 'n plaaslike munisipale vlak nagestreef word.

1.2.7 Hooftrisiko's

| Uitkoms | Hooftrisiko | Risikovermindering |
|---|--|--|
| Toename in uitvoer | Wanbelyning van prioriteite onder belanghebbendes, staatsdepartemente, entiteite en bedrywe. | Monitering en evaluering, oorsig oor entiteite en bestuur van belanghebbendes. |
| | Ontoereikende professionele kapasiteit in terme van sektorale ontwikkeling. | Brei steun aan projekbestuurskapasiteit in die program uit. |
| | Gebrek aan uiteenlopende aanbiedinge en onderontwikkelde produkaanbiedinge vir die Wes-Kaap kan lei tot minder toeriste wat die bestemming aantreklik vind, wat weer negatief op besteding kan inwerk. | Oudit van alle toerismeprodukte en -dienste vir die hele Provinsie is voltooi en lig geleenthede, gapings en uitdagings vir 'n toename in toerisme uit. |
| Verbetering in die persepsie van toerismeveiligheid | Daar is toenemende kommer oor veiligheid, met aanvalle op strande, berge, in parke en by ander toeristebandpunte. Dit sal die groei van toerisme ondermyn. | Die Departement sal fokus op die verbetering van toeristeveiligheid met die vestiging en inwerkingstelling van 'n toerismeveiligheidsseenheid om veiligheid te verbeter en maatreëls in te stel om die persepsie van veiligheidsrisiko's in die Kaapstadse sakekern en ander toerismebandpunte aan te spreek. Verskeie ingrypings verwant aan toerismeveiligheid en besoekerspersepsies sal ook ingestel word om die persepsie van die bestemming globaal te verbeter. |

1.2.8 Public Entities

| Naam van Openbare Entiteit | Mandaat | Uitkomste | Lopende Jaarlikse Begroting (R) |
|----------------------------|-----------------------|--|---|
| Wesgro | Bestemmings-bemarking | Toename in getalle internasionale aankomste in die Provinsie | R62 312 000 (toerismebestemmings-bemarking) |

1.3 Prioriteit 3: Aanspreek van Vaardigheidsgapings

| Naam van Openbare Entiteit | Uitkomsaanwyser | Basislyn | Vyfjaarteiken | Belyning |
|--|---|-------------------|---|---|
| Verbeterde geskiktheid vir indiensneming van begunstigdes ondersteun | 'n Persentasie van begunstigdes ondersteun rapporteer 'n verandering in geskiktheid vir indiensneming | Geen basislyn nie | 70% van begunstigdes het hul geskiktheid vir indiensneming verbeter | DEOT-prioriteit 3 stem ooreen met NOP- en MTSR-prioriteite: 'Ekonomiese Transformasie en Werkskepping'; 'Opvoedingsvaardighede en Gesondheid'; en 'Maatskaplike Samehang en Veilige Gemeenskappe' |

Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Vyfjaar-beplanningstydperk

1.3.1 Die bydrae van uitkomstes tot die behaal van die WKR se PSP 2019–2024, VIP's (Provinsiale Strategiese Prioriteite) en Apex-prioriteite, die NOP se Vyfjaar-implementeringsplan, die Monitoringsraamwerk vir die NOP se Vyfjaar-implementeringsplan, die mandaat van die instansie en prioriteite van vroue, jongmense, kinders en mense met gestremdhede.

Nasionale en Provinsiale werkskepping het konstant teleurgestel sedert die globale finansiële krisis van 2008. Dit is net so kommerwekkend dat die getal werkloos in dieselfde tydperk met 70% toegeneem het.

Ten spyte van die toename in die getal werkloos, rapporteer firmas dat hulle dit moeilik vind om vakante poste te vul in rolle regoor die vaardigheidskompleksiteitspektrum, van vakmanskap- en IKT-verwante rolle tot relatief laergeskoolde rolle soos dié in die Sakeproses-uitkontrakteringsektor (SPU). T.o.v. intreevlak-SPU-inbelsentrumposte, ter illustrasie, rapporteer firmas salarisverhogings van amper dubbel dié van inflasie, wat weerspieël hoe moeilik dit is om vakante poste in dié sektor te vul, wat op sy beurt negatief inwerk op die oorhoofse mededingendheid van dié hoof- provinsiale indiensnemings- en uitvoersektor.

Die onvermoë van die arbeidsmag en vaardigheidsekostelsel om op die bedryf se vaardigheidstekorte te reageer, knou sakevertroue, wat 'n negatiewe impak het op belegging, mededingendheid, ekonomiese groei en werkskepping. Die aanspreek van die onmiddellike vaardigheidsgaping en die voorbereiding van die arbeidsmag vir die toekoms van werk is kritieke faktore wat aangespreek moet word in die najaag van belegging, ekonomiese groei en die aanspreek van toenemende werkloosheid.

Die onvermoë van die arbeidsmark om te reageer op die onmiddellike en toekomstige aanvraag na vaardighede word veroorsaak deur:

- uitgediende en ontoepaslike vaardigheds- en akademiese programme;
- jongmense wat tot die arbeidsmag toetree wat nie die vereiste gedragsbevoegdhede demonstreer wat deur werkgewers verwag word nie; en
- nuwe intreders tot die arbeidsmark wat nie die verwagte vermoëns demonstreer wat vereis word om uitdrukking te gee aan rolle waarin die ekonomie vaardigheidstekorte ervaar nie.

Die Departement sal dié onderliggende oorsake van vaardigheidstekorte aanspreek in die najaag van ekonomiese groei en werkskepping. Verder is dit 'n feit dat 'n bekwame en vaardige arbeidsmag noodsaaklik is vir 'n produktiewe en veerkragtige ekonomie, veral in toestande van toenemende internasionale kompetisie. 'n Opgevoede arbeidsmag wat gedurig aan die leer is en toepaslike gedragskenmerke vertoon, is deurslaggewend om vooruitstrewende verbeterings in produktiwiteit, aanpasbaarheid, vindingrykheid en kreatiwiteit teweeg te bring. Dié kenmerke brei ook die gebruik, ondervinding en oordraagbaarheid van werknemers tussen bedrywe en sektore uit. Hoogs gekwalifiseerde, kennisdraende en talentvolle werkers dra verder by tot innovering en tegnologiese vooruitgang en mededingendheid wat deurslaggewend is vir 'n toename in uitvoer.

⁴StatsSA, 2020

Firmas het gerapporteer dat dit moeilik is om die vaardigheidsgaping te vul, nie slegs omdat werklooses nie oor die vaardighede beskik om massas vakante poste te vul nie, maar omdat hulle nie die ondervinding het om belangrike vakante poste te vul nie. Die Departement sal dié markmislukking aanspreek deur:

- i. Vaardighede te ontwikkel wat by verhandelbare sektore in aanvraag is;
- ii. Nuwe akademiese vaardighedsprojekte te ontwikkel om die gaping tussen akademiese uitkomst en bedryfsbehoefte te verklein; en
- iii. Verhandelbare sektore te ondersteun deur leerderskappe en internskappe te ondersteun, nie slegs in verhandelbare sektore nie, maar ook in sektore wat 'n impak op die mededingendheid van verhandelbare sektore het.

Die Departement se benadering tot die ontwikkeling van vaardighede dra by tot die implementeringspilaar van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP), ekonomiese transformasie, en teiken die verlaging van die werkloosheidskoers, en werkskepping. Die fokus op verhandelbare sektore stem ooreen met die ekonomiese klusters VIP 2: 'Groeï en Werkgeleentheid', nl. om 'n uitvoergeleide strategie te hê en die produktiwiteit en mededingendheid van verhandelbare sektore te verbeter. Dit ondersteun ook VIP 3: 'Bemagtiging van die Bevolking'.

Benewens die aanspreek van produktiwiteit en mededingendheid d.m.v. die ontwikkeling van vaardighede, sal dié prioriteit ook die opneem van die Chrysalis-akademie se gegradueerdes ondersteun deur te verseker dat 80% van Chrysalis se gegradueerdes of indiensnemings- of verdere studie-geleentheid opneem. Die Chrysalis-akademie is 'n entiteit wat deur die Departement van Gemeenskap en Veiligheid (DGV) ondersteun word en wat daarna mik om jongmense wat gevaar loop om in 'n lewe van werkloosheid en potensieel misdaad te verval, te verander in sosiaal en ekonomies produktiewe lede van die samelewing.

Die DEOT-prioriteit 3 stem ooreen met NOP- en MTSR-prioriteite: 'Ekonomiese Transformasie en Werkskepping'; 'Opvoedingsvaardighede en Gesondheid'; en 'Maatskaplike Samehang en Veilige Gemeenskappe' deur die geskiktheid vir indiensneming van jongmense en volwassenes te verbeter.

Die Departement sal gehoor gee aan die Wet op BBSEB, Wet 53 van 2003, soos gewysig.

1.3.2 Die grondrede vir die keuse van die uitkomsaanwysers relevant tot die onderskeie uitkomst en hul belyning van die uitkomsaanwysers van die Provinsiale Strategiese Plan 2019–2024 en Provinsiale Strategiese Prioriteite.

Die Provinsiale Strategiese Plan 2019–2024 het as een van sy vyf pilare 'Skep geleentheid vir werkskepping d.m.v. die ontwikkeling van vaardighede'. Die uitkomst van 'verbetering in die geskiktheid vir indiensneming van begunstigdes wat ondersteun is', is direk verwant aan dié pilaar en spreek die uitdaging aan van werklooses wat nie oor die relevante vaardighede beskik wat deur besighede vereis word nie, maar ook nie – waar relevant – die nodige werkondervinding en -blootstelling nie. Dié uitkomst stem ooreen met VIP 2: Groei en Werkgeleentheid en VIP 3: Bemagtiging van die Bevolking. Die aanwyser akkommodeer ook die impak van ingrypings wat daarna mik om kritieke sagte vaardighede te verbeter om begunstigdes te help om by die werksomgewing in te skakel, soos uiteengesit in die Onderwys en Opvoeding-fokusgebiede van Bemagtig die Bevolking se VIP van die PSP. Daarby spreek die uitkomsaanwyser sistemiese gapings in die opleidingsekostelsel aan deur sistemiese vaardighede en akademiese ingrypings aan te pas in samewerking met firmas en die akademie.

1.3.3 Verduideliking van strategiese programme/ingrypings om die vyfjaarteikens te behaal

Die Vaardighedsprogram het 'n Vaardighedsraamwerk ontwikkel om verbeterde ondersteuning van die ontwikkeling van vaardighede, integrasie regoor vennote, en 'n ekonomiese en streeks/ruimtelike benadering te verseker. Die Raamwerk skep 'n grondslag vir gesamentlike beplanning en probleemoplossing tot voordeel van die Regering, sakewêreld en die breër gemeenskap ('n 'Hele Samelewing'-benadering – WOSA) wat ekonomiese groei en werkskepping moontlik sal maak en sal ondersteun.

Die **doel** van die Vaardighedsraamwerk is om belyning tussen die aanbod van en aanvraag na vaardighede te verseker en – van deurslaggewende belang – om die ontwikkeling van vaardighede voort te dryf sodat dit 'n rol kan speel in die ondersteuning en instaatstelling van ekonomiese groei d.m.v. 'n uitvoergeleide respons op die Provinsie.

Die Raamwerk erken dat daar 'n behoefte bestaan om geleenthede vir verskillende rolspelers in die vaardigheidsekosisteme te skep en om hul belange uiteen te sit, uitdagings wat hulle in die stelsel ondervind uit te lig, en gesamentlik in gesprek te tree oor hoe om dié kwessies en geleenthede ten beste aan te spreek. 'n Medewerkings- en responsiewe benadering tot die aanspreek van die vaardigheidsbehoefte in die Provinsie sal geskep word.

Dit het ten doel om die belyning van die vaardigheidsaanbodpylyn van Vroeë Kindertyd-ontwikkeling (VKO) met die huidige en toekomstige aanvraag na werkplek-vaardighede in die Provinsie te fasiliteer. Dit sal gedoen word om toenemende ekonomiese groei d.m.v. uitvoer moontlik te maak en te stimuleer, en spesifiek om werkloosheid onder die jeug en 'n toename in werkskepping aan te spreek. Die strategiese raamwerk sluit in die behoefte aan 'n proaktiewe benadering tot die ondersteuning van firmas aan die aanvraagkant, en lê klem op die belang van saamwerk met werkgewers om hul aanvraag na vaardighede te hervorm.

Om te verseker dat die vaardigheidsaanbodpylyn in staat is om dié vaardigheidsbehoefte aan te spreek, sal die Departement d.m.v. sy skakelingsplatforms met alle sferes van regering, die bedryf, NRO's en ander belangrike belanghebbendes 'n ruimte skep om te bepaal wat vereis word om in dié behoeftes te voorsien. Beide op kort termyn en - waar relevant ook op medium of lang termyn - sal dié proses ook oorweeg wie wat moet doen om in dié behoeftes te voorsien. Rolspelers sal bepaal of daar enige struikelblokke in die weg van die aanspreek van dié behoeftes is en 'n benadering ontwikkel om sulke struikelblokke uit die weg te ruim.

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme sal:

- Vaardigheids- en werkgewersforums lei, daaraan deelneem en dit koördineer om 'silo'-versperrings regoor die bedryf, onderwys- en opleidingsorganisasies, plaaslike regering, indiensnemings- en opleidingsverskaffers en huishoudings af te breek;
- Die integrasie van die beleide en strategieë sowel as data te fasiliteer om die ontwikkeling van vaardighede, werkskepping en ekonomiese groei te ondersteun. Die WKR se Strategiese Verslag oor die Ontwikkeling van Menslike Hulpbronne het agt departemente wat deelneem en op 'n kwartaallikse grondslag oor hul vaardigheidsaktiwiteite verslag doen;
- Vennootskappe aanmoedig, aangesien hulle van deurslaggewende belang is om hulpbronne te mobiliseer om die grootste moontlike impak te maak, en die plaaslike ontwikkeling van vaardighede, indiensneming en ekonomiese groei te ondersteun;
- Fokus op die vaardigheidspylyn vir die digitale en verhandelbare sektore en op ingrypings wat tot oorhoofse ekonomiese produktiwiteit en mededingendheid lei;
- Die arbeidsmag ontwikkel d.m.v. vaardigheidsingrypings en ondervindingsleer deur leerling- en internskappe;
- Bydra tot 'n doeltreffende aanbodekosisteme deur vorm te gee aan nuwe akademiese en vaardigheidsprogramme;
- Help met werkplasinge van gegradueerdes d.m.v. 'n werk- en vaardigheidsprogram vir intreevlak-ambagte, insluitende internskappe; en
- Daarna mik om 'n 70%-werkplasingakoers of verdere opvoedingskoers ná vaardigheids- of ondervindingsleer-inisiatiewe te behaal.

1.3.4. Verduideliking van die skakels, bydraes en afhanklikhede tussen die strategiese programme/ingrypings om die vyfjaarteikens van die Departement en dié van ander Provinsiale departemente te behaal.

Die Program sal vennootskappe sluit met die onderskeie sferes van regering en fokus op hoofverhoudings met die Nasionale Regering, insluitende die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHHO), wat 'n mandaat het om toesig te hou oor die SETA's, TBOO's en HEI, met die klem op die Nasionale Vakmanskap-ontwikkelingsagenda. Ander belangrike Nasionale Regeringsdepartemente sluit in die Departement van Handel en Nywerheid (DHN) sowel as die Nasionale Tesourie (NT) deur die Werkfonds en Jeugindiensnemingsdienste (YES) wat werkplasinge as vennote in samewerking met die Departement sou befonds.

Dié vennootskappe sal voortgaan om aansienlike finansiële en niefinansiële steun aan die implementering van vaardigheidontwikkelings in die Provinsie te hefboom. Dit skep ook 'n platform om in gesprek te tree oor vaardigheidsverwante beleid en wetgewing wat 'n impak sal uitoefen op hoe vaardighede nou en in die toekoms ontwikkel word.

Die Program sal ook vorm gee aan die manier waarop nasionale prosesse in die Provinsiale landskap bekendgestel en in werking gestel word en hoe dit 'n impak op die opvoedkundige instansies in die Provinsie uitoefen.

Die Provinsiale skakelings en hoof- koördinerings- en belanghebbendes-strategieë sal deur verskeie skakelingsplatforms aangespreek word. Om die vaardighedsagenda voort te dryf, is die behoefte aan informele en formele netwerke en skakelingsplatforms van deurslaggewende belang om ekonomiese ontwikkeling en die plaaslike vaardigheidsekologie moontlik te maak en te ondersteun.

Die Vaardighedsprogram sal ook voortgaan met, en voortbou op, die strategiese ondersteuning vir vaardighedsbeplanning, en die sektore ondersteun met die voortdryf van die Provinsiale en streeksvaardigheds-agenda. Dit sal insluit die konseptualisering van hoofvaardighedsingrypings en die koördinerings- en byeenbring van die belanghebbendes en die onderskeie Programme om die vaardighedsagenda vir huidige en toekomstige eise te vorm en te verseker dat traksie in die huidige en toekomstige vaardighedsbehoefte verkry word.

1.3.5 Verduideliking van die raakpunte met munisipaliteite

'n Streeksbenadering staan in ooreenstemming met die Geïntegreerde Beplannings- en Implementeringsbenadering wat deur die WKR gevolg word en wat deur alle Programme in die Departement ondersteun word.

Met die aanwending van bestaande munisipale steun vir 'n distrikskoördineringsbenadering, sal Vaardigheidontwikkelingsfasiliteerders ingespan word, waar munisipale beamptes vir Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling verantwoordelik sal wees.

Daar sal gefokus word op hoofingrypings wat uit die verhouding na vore tree en behoeftes wat d.m.v. die skakelingsplatforms geïdentifiseer word; streeks- of ruimtelike behoeftes; werkplasingseleenthede; en die hefboming van befondsing om medewerking aan te spoor om finansiële en niefinansiële perspektiewe te behaal.

Die Vaardighedsprogram sal die leiding neem met die vorming en konseptualisering van hoofvaardighedsingrypings op streeksvlak. Die hoofbelanghebbendes sluit munisipaliteite, die sakewêreld en die akademie in. Die Vaardighedsprogram sal ook begin om streeksvennootskappe in te span om hulpbronne te 'mobiliseer' om skaal te behaal en die ondersteuning van plaaslike indiensneming en ekonomiese ontwikkeling te beïnvloed.

1.3.6 Hoofrisiko's

| Uitkoms | Hoofrisiko | Risikovermindering |
|--|--|--|
| Verbeterde geskiktheid vir indiensneming van begunstigdes ondersteun | Hoë uitsakkoers van begunstigdes lei tot minder jongmense en volwassenes wat hul geskiktheid vir indiensneming verbeter. | <ul style="list-style-type: none"> Werk saam met maatskappye wat werks- en/of opleidingsgeleenthede bied by uittrede van die werksondervindingskomponent, om behoud te verbeter. Projekbestuurders om die maatskappye en begunstigdes se prestasie te monitor. Mentorskap deur gasheermaatskappye in die werkplek. Verbeterde passing van jongmense se talent en stelle vaardighede by die behoeftes van die bedryf. |

1.3.7 Openbare Entiteite

| Naam van Openbare Entiteit | Mandaat | Uitkomst | Lopende Jaarlikse Begroting (R) |
|----------------------------|---------|----------|---------------------------------|
| N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. |

1.4 Prioriteit 4: Versnel die gemak van sake doen

| Naam van Openbare Entiteit | Uitkomsaanwyser | Basislyn | Vyfjaarteiken | Belyning |
|--------------------------------|--|------------|---|--|
| Verbeterde gemak van sake doen | Totale voordele vir die ekonomie a.g.v. rompslompvermindering en/of ingrypings wat die gemak van sake doen verbeter. | R1-miljard | Teen 2025, R5-miljard aan ekonomiese voordele vir die Provinsiale ekonomie. | DEOT-prioriteit 4 stem ooreen met NOP- en MTSR-prioriteite: 'Ekonomiese Transformasie en Werkskepping'; en 'n Bekwame, Etiese en Ontwikkelingstaat'. |

Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Vyfjaar-beplanningstydperk

1.4.1 Die bydrae van uitkomste tot die behaal van die WKR se Provinsiale Strategiese Plan 2019–2024, VIP's (Provinsiale Strategiese Prioriteite) en Apex-prioriteite, die NOP-vyfjaar-implementeringsplan, die Monitoringsraamwerk vir die NOP-vyfjaar-implementeringsplan, die mandaat van die instansie en prioriteite van vroue, jongmense, kinders en mense met gestremdhede.

Die gemak van sake doen- (GVSD-) prioriteit sal bydra tot VIP 2: Groei en Werksgeleenthede en die Apex-doelwit van 'n toename in uitvoer d.m.v. die verbetering van die produktiwiteit en mededingendheid van verhandelbare sektore.

Die DEOT-prioriteit 4 stem ooreen met NOP- en MTSR-prioriteite: 'Ekonomiese Transformasie en Werkskepping'; en 'n Bekwame, Etiese en Ontwikkelingstaat' d.m.v. die verwydering van hindernisse en rompslomp, wat belegging en groei in die Provinsie sal stimuleer.

GVSD het 'n hoeksteen vir ekonomiese groei geraak weens sy vermoë om groeipotensiaal te ontsluit deur die verwydering van struikelblokke in die weg van groei en werkskepping. Dit skep 'n doeltreffender regulatoriese raamwerk en het 'n positiewe effek op die verhandelbare sektore deur versperrings uit die weg te ruim, tyd-tot-by-mark te verminder asook mededinging en produktiwiteit te verbeter deur kostes te verminder.

Die verbetering van GVSD deur rompslomp te verminder was een van die vlagskip-inisiatiewe wat deur die Departement voortgedryf is en het besighede meer as R1-miljard in die vorige vyfjaarsiklus gespaar. Die Departement wil sy GVSD-besigheidsinisiatief uitbrei en sy kostebesparende doelwitte in die volgende vyfjaarsiklus verder strek deur voortgesette responsiwiteit op reaktiewe rompslompnavrae, verbeterde bemerking sowel as die onderneem van proaktiewe ingrypings om sistemiese rompslompuitdagings en die verskaffing van sakesteun (finansiële en niefinansiële) aan te spreek. Oorkoepelend is die doel om 'n responsiewer Provinsiale regering teweeg te bring wat besighede – veral klein besighede – ondersteun met 'n stel relevante bystandmaatreëls, insluitende registrasie, lisensiëring en toegang tot tenders en aansporings, plus ander ondersteuning. Sover moontlik wil die Departement met relevante departemente en munisipaliteite saamwerk om onnodige rompslomp te meet en te verminder, veral wat betref uitvoer en mededingendheid.

Die Departement wil hom ook posisioneer om rompslomp en GVSD te hanteer op 'n proaktiewe en sistemiese manier regoor al drie sferes van regering, en sal innoverende leierskap verskaf om sakefront- ekonomiese staatsbestuur in die Wes-Kaap te verbeter. Die Departement wil 'n doeltreffender regulatoriese omgewing daarstel met sistemiese verandering ter ondersteuning van verhandelbare sektore. Daardeur mik die Provinsie om streeksgegewys en internasionaal bekend te raak as 'n plek waar die koste van sake doen van die mededingendstes is in vergelyking met beste praktyk nasionaal en internasionaal. Om mededingendheid te verbeter d.m.v. GVSD sal daartoe bydra om die Apex-doelwit van 'n toename in uitvoer te behaal.

Die Departement se benadering word verder onderlê deur die Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTSR), wat verband hou met die uitkakeling van onnodige laste met die prioritering van 'n bekwame, etiese en ontwikkelende staat.

Die Departement sal gehoor gee aan die Wet op BBSEB, Wet 53 van 2003, soos gewysig.

1.4.2 Die grondrede vir die keuse van die uitkomsaanwysers relevant tot die onderskeie uitkomst en hul belyning met die uitkomsaanwysers van die Provinsiale Strategiese Plan 2019–2024, VIP's en Apex-prioriteite.

Die uitkomsaanwyser vir GVSD stem ooreen met die uitkomsaanwysers van die Provinsiale Strategiese Plan 2019–2024. VIP 2: Groei en Werksgeleenthede en Apex-prioriteite. Rompslompvermindering en die verbetering van GVSD speel 'n belangrike rol in die vermindering van die kostes vir uitvoerders. Dit sal die verbetering van mededingendheid en produktiwiteit moontlik maak, wat uitvoerders in staat sal stel om hul omsette te vergroot en só indiensneming te verhoog ter ondersteuning van verhandelbare sektore.

1.4.3 Verduideliking van strategiese programme/ingrypings om die vyfjaarteikens te behaal

Die strategiese fokusgebiede wat hieronder beskryf word, dra by tot die behaal van die Departement se vyfjaarteikens.

- i. **Responsiwiteit teenoor besigheid** sal verbeter word d.m.v. innoverende sakesteun aan KMMO's wat finansiële en niefinansiële ingrypings insluit, soos toegang tot markte, toegang tot finansiering, ondersteuning vir die ontwikkeling van besighede en die bevordering van entrepreneurskap. Verder sal responsiwiteit teenoor rompslomp wat deur besighede gerapporteer word deur die bestuur van die saak aangespreek word, met verbeterde ontleding van tendense, assessering van kliëntetevredenheid en terugvoerlusse. **Wetgewende hervorming** sal gebruik word as 'n strategie om die skep van 'n verbeterde regulatoriese omgewing in die Provinsie te versnel.
- ii. **Verbetering van doeltreffendheid in staatsprosedures en administratiewe stelsels** lei tot verbetering in sakefront-staatsprosesse regoor munisipale en provinsiale sfere van regering. Na verwagting sal swak ontwikkelde of ontoereikend geïmplementeerde sakefrontprosesse lei tot beide besparing vir die Regering en 'n verbetering in produktiwiteit op firmavlak.
- iii. **Interregeringsvoorspraak en -programme** sal gebruik word om die benadering van amptenare te verbeter teenoor uitmuntendheid in dienslewering en die noodsaaklike rol wat hulle speel om by te dra tot die skep van 'n regulatoriese en sakeomgewing wat bevorderlik is vir groter produktiwiteit en mededingendheid. 'n Transversale provinsiale platform vir WKR-departemente sal gebruik word om interdepartementele samewerking, leer en uitruil te bevorder.
- iv. Waar moontlik en strategies, sal die Departement die GVSD-besigheidsinisiatiewe ondersteun d.m.v. **rompslompvermindering** by munisipaliteite.
- v. **Navorsing en meting** sowel as monitering en evaluering (M&E) gegrond op internasionale beste praktyk sal onderneem word om die doeltreffendheid van ingrypings te assesser.

1.4.4 Verduideliking van die instaatstellers vir die behaal van die vyfjaarteikens

Die suksesvolle implementering van ingrypings berus op die volgende instaatstellers:

- Inkoop word vereis deur die bestuur binne departemente en munisipaliteite. As administrateurs van wette wat sekere sakefrontprosesse bestuur, is departemente en munisipaliteite hoofrolspelers;
- Politieke stabiliteit en samewerking van staatsentiteite word vereis om implementering moontlik te maak; en
- Deelname deur die sakesektor is belangrik vir die identifisering van blokkasies.

1.4.5 Verduideliking van die skakels, bydraes en afhanklikhede van die hefbome om die vyfjaarteikens van die Departement en dié van ander departemente te behaal

Rompslompvermindering vereis sterk vennootskappe met die sakewêreld en regoor al drie sfere van regering. Wetgewende mandate sny dwarsoor sfere van regering en in 'n aantal gevalle word mandate soms afgewentel, afgevaardig of toegewys aan twee sfere van regering. Hoof- Nasionale Departemente sluit in Handel, Nywerheid en Kompetisie; Binnelandse Sake; en Kleinsakeontwikkeling; en in mindere mate Omgewingsake, Bosbou en Visserye; en Landbou, Grondhervorming en Plaaslike Ontwikkeling.

Transversale samewerking binne die WKR is noodsaaklik as die Departement hoop om sy VIP- en Apex-doelwitte te verwesenlik. In die geval van landbou vereis invoerlande 'n veiligheidswaarborg vir landbou- en diereprodukte via

sertifisering vanaf die uitvoerland, wat blokkasies kan skep as dit nie betyds uitgereik word nie. Die onus van sertifisering van dié produkte berus by die Provinsie, waar diereprodukte deur die WKDvL se Veeartsenydiens gesertifiseer word. Byvoorbeeld, om die uitvoer van diereprodukte op te stoot, sal prosesse doeltreffender gemaak moet word. 'n Opname van die kapasiteit en vermoëns van dié veeartsenydienste sal uitgevoer moet word.

1.4.6 Verduideliking van die raakpunte met munisipaliteite

Baie van die rompslomp en struikelblokke in die pad van die GVSD berus by die munisipale sfeer van regering. Voorbeelde sluit in aansoeke om grondgebruik, soos hersonering en verlating; goedkeuring van bouplanne; gedeeltelike erfenisbestuur; permitte vir geleenthede en regulering van drankverkoopstye. 'n Gesamentlike distriksbenadering is deur die WKR aanvaar. Dit sal gebruik word om munisipaliteite bewus te maak van die noodsaaklikheid van saamwerk om die laer vlakke van rompslomp en die hoër vlakke van GVSD te bereik. Dit sal hul aantreklikheid as bestemmings vir uitvoergroei en belegging in nuwe besighede verbeter.

1.4.7 Hoofrisiko's

| Uitkoms | Hoofrisiko | Risikovermindering |
|-----------------|--|---|
| Verbeterde GVSD | Gebrek aan verbintenis en/of deelname deur Provinsiale en Nasionale staatsdepartemente (en hul agentskappe, openbare entiteite en reguleerders) en/of munisipaliteite, òf om rompslompvermindering of die bevordering van GVSD as 'n voorwaarde vir ekonomiese groei en werkskepping te aanvaar, òf om implementeringsplanne uit te voer om sakefrontdienste en die sake/regulatoriese omgewing in hul onderskeie gebiede van jurisdiksie te verbeter. | <ul style="list-style-type: none"> • Verkry formele verbintenis d.m.v. betydse en voortgesette konsultasie met leierskap in departemente en munisipaliteite; • Kommunikeer gereeld met departemente en munisipaliteite om hulle aan die voerpunt van verwickelinge te hou; en • Gee betyds kennis van voorgenome implementering en moontlike veranderinge. |

1.4.8 Openbare Entiteite

| Naam van Openbare Entiteit | Mandaat | Uitkomste | Lopende Jaarlikse Begroting (R) |
|----------------------------|---------|-----------|---------------------------------|
| N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. |

1.5 Prioriteit 5: Hulpbronveerkragtigheid

| Naam van Openbare Entiteit | Uitkomsaanwyser | Basislyn | Vyfjaarteiken | Belyning |
|---|--|-----------------------------|--|--|
| Ekonomie se Hulpbron-veerkragtigheid verbeter | Getal megawatts van laer koolstof-elektrisiteit wat in die Wes-Kaap geproduseer word. | Basislyn nie beskikbaar nie | 500 MW van laer koolstof-elektrisiteit wat in die Wes-Kaap geproduseer word. | DEOT-prioriteit 5 stem ooreen met NOP- en MTSR-prioriteite: 'Ekonomiese Transformasie en Werkskepping'; en 'n Beter Afrika en Wêreld'. |
| | Watersekuriteit: Verbetering van water-doeltreffendheid van uitgesoekte waterintensiewe sektore. | Basislyn nie beskikbaar nie | 20% verbetering in die water-doeltreffendheid van vier water-intensiewe sektore. | |

Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Vyfjaar-beplanningstydperk

1.5.1 Die bydrae van uitkomste tot die behaal van die WKR se Provinsiale Strategiese Plan 2019–2024, VIP's (Provinsiale Strategiese Prioriteite) en Apex-prioriteite, die NOP-vyfjaar-implementeringsplan, die Moniteringsraamwerk vir die NOP-vyfjaar-implementeringsplan, die mandaat van die instansie en prioriteite van vroue, kinders en mense met gestremdhede.

Die Hulpbronveerkragtigheid-prioriteit sal bydra tot die VIP 2: Groei en Werksgeleenthede en die Apex-prioriteit van uitvoer opstoot deur 'n ondersteunende omgewing van handelbare sektore te verseker in terme van toereikende aanbod en doeltreffende prysstelsel van krag en water. Beter krag- en waterveerkragtigheid sal insette in produksie verminder, wat weer kostes sal verminder en mededingendheid verhoog. Dit stem ooreen met VIP 5: Innovering en Kultuur. Verbeterde krag- en watersekuriteit sal ook sakevertroue verhoog, wat belegging sal vermeerder, produksie opstoot en werk skep.

Verder dra hulpbronveerkragtigheid by tot volhoubare produksie sowel as verminderde vervoer- en gehoorgewingskoste. Niegheorgewende regs-koste, soos dié wat voortspruit uit die oortreding van luggehalte- en/of afvalwatervrylating-standaarde, sal ook beter bestuur word. Deur krag doeltreffender te gebruik en deur alternatiewe en volhoubaarder bronne van energie te gebruik, sal besighede bydra tot die verligting van klimaatsverandering en sal die risiko van koolstofhandel-versperrings verminder, wat weer uitvoer sal ondersteun. Deur water doeltreffender te gebruik en deur alternatiewe en volhoubaarder bronne van water te gebruik, sal besighede hul kapasiteit om by klimaatsverandering aan te pas verbeter en die risiko van watervoetspoor-handelsversperrings vermy of verminder. Dié maatreëls sal alles lei tot 'n groter aanvraag na, en mededingendheid van, krag- en watersektor-besighede d.m.v. 1) verbeterde ekonomiese van skaal, 2) belegging in kragtegnologieë, -dienste en -produkte, en 3) belegging in watertegnologieë, -dienste en -produkte. Op sy beurt sal dit verplaasliking verbeter en die sektor voorberei vir 'n toename in uitvoer, wat alles lei tot werkskeppingsgeleenthede in die Wes-Kaap.

Die hulpbronveerkragtigheid-prioriteit stem ooreen met die volgende NOP-prioriteite en -uitkomste:

- Ekonomiese transformasie en werkskepping, en meer spesifiek die skep van meer behoorlike werkgeleenthede, inklusiewe ekonomiese groei en herindustrialisering van die ekonomie en die ontluiting van globaal mededingende sektore;
- Elektrisiteit, water, spoorvervoer en hawens, en klimaatsverandering, insluitende funksionele, betroubare en doeltreffende ekonomiese infrastruktuur-sektore (gewaarborgde voorsiening van krag en watersekuriteit); en
- 'n Beter Afrika en wêreld, met spesifieke verwysing na verminderde weerbaarheid van hoofsektore vir klimaatsverandering; vermindering van totale kweekhuysgasvrystellings in Suid-Afrika; verminderde afvalstorting by stortingsterreine en 'n verbeterde staat van ekologiese infrastruktuur; beskerming van kwetsbare gemeenskappe en werkers teen die oorgang na 'n lae koolstof-ekonomie en verbeterde onderwys, opleiding en innovering (bv. opleiding in fotovoltaïese bekwaamheid).

In terme van watersekuriteit was die BBP R51-miljard laer oor die hoof tydperk van die droogte in 2017 en 2018 indien die Wes-Kaap se BBP-prestasie met die Nasionale prestasie vergelyk word. Dié syfer sluit 'n raming vir verlore geleenthede tydens en ná die droogte uit. Wat kragsekuriteit betref, was die huidige kragbesikbaarheidsfaktor-syfers die laagste in 2019 vergeleke met enige vorige elektrisiteitskrisis in Suid-Afrika. Alle aanduidings is dat die kragvoorsiening in Suid-Afrika die volgende vyf jaar ernstig aan bande gelê sal wees. Tesame met die ekonomiese impak van water- en kragonsekerheid, 'n snelgroeïende afvalkrisis en 'n globale klimaatsverandering-responsaksie (soos koolstofbelasting en handelsversperrings), is hulpbronveerkragtigheid 'n noodsaaklike voorwaarde vir sakemededingendheid, -vertroue, belegging, groei, toerisme, behoud van werkgeleenthede en werkskepping.

Verder maak die verhandelbare aspek van die Groen Ekonomie plaaslike vervaardiging- en werkskeppingsgeleenthede moontlik. Die Groen Ekonomie omvat sowel die 'vergroening' van die ekonomie (verbetering van hulpbronveerkragtigheid en beweging na 'n sirkel ekonomie) as die Groen Ekonomie-sektor, wat besighede insluit wat 'groen' tegnologieë, produkte en dienste verskaf wat krag, water, afval, vervoer, landbou, boumateriale en biodiversiteit insluit.

Die Departement sal gehoor gee aan die Wet op BBSEB (Wet 53 van 2003), soos gewysig.

1.5.2 Die grondrede vir die keuse van die uitkomsaanwysers relevant aan die onderskeie uitkomstes en hul belyning met die uitkomsaanwysers van die Provinsiale Strategiese Plan 2019 - 2024, VIP's en Apex-prioriteite.

Die uitkomsaanwysers vir hulpbronveerkragtigheid stem ooreen met die uitkomsaanwysers van die Provinsiale Strategiese Plan 2019-2024, VIP's en Apex-prioriteite, met VIP 2: Groei en Werkseleenthede wat 'n spesifieke fokus op Hulpbronveerkragtigheid het. Hulpbronveerkragtigheid sal 'n ondersteunende omgewing van verhandelbare sektore verseker in terme van toereikende aanbod en doeltreffende prysing van krag en water. Dit sal produksiekoste verlaag en mededingendheid verhoog. Die gevolglike toename in produksie sal na groter indiensneming lei. Verder sal die verbetering van hulpbronveerkragtigheid regoor die ekonomie lei tot 'n toename in aanvraag en mededingendheid van krag- en watersektorbesighede, wat weer verplaasliking sal verhoog en die sektor voorberei vir uitvoer, wat alles tot werkskeppingsgeleenthede in die Wes-Kaap sal lei.

1.5.3 Verduideliking van strategiese programme/ingrypings om die vyfjaarteikens te behaal

Die volgende is die strategiese ingrypings wat gesamentlik bydra tot die behaal van die teikens wat vir 2025 gestel is:

- **Strategiese en belanghebbende-koördinerings, insluitende ekonomiese voorspraak:** Die bestuur van die gekoördineerde implementering van die Groen Ekonomie- Strategiese Raamwerk met onderliggende strategiese raamwerke vir krag- en waterveerkragtigheid; koördinerings van werk tussen belanghebbendes oor die breër hulpbronveerkragtigheidsstemas in erkenning van interafhanklikhede en sinergieë; en ondersteuning van susterdepartemente om die krag- en waterveerkragtigheid van WKR-fasiliteite en -werkzaamhede en die 2050 lae koolstof-raamwerk te verbeter.
- **Direkte ondersteuning van besighede (en munisipaliteite) om ekonomiese veerkragtigheid - sowel aan die aanbod- as aanvraagkant - te ondersteun, insluitende:** Tegnieë of regulatoriese steun; skakeling van besighede met krag- en waterdiensmaatskappye; fasiliterings en koördinerings van die respons op korttermyn kragonderbrekings (d.i. inperking van aanvraagrespons-ooreenkomste); toegang tot finansierings; en verskaffing van bygewerkte inligting oor markte, produkte, kostes ens. Instaatstelling van munisipaliteite om toe te laat vir groter fotovoltaïese- (FV-) opname terwyl munisipale verlies aan inkomste verlig word, insluitende die ontsluiting van sistemiese versperrings rondom energiehandel en die vasstelling van toepaslike pryspunte vir invoertariewe. Verder, die ontwikkeling en bekendstelling van implementeringsplanne vir verbeterde krag- en waterveerkragtigheid, veral vir hulpbronintensiewe sektore.
- **Ontsluiting van sistemiese versperrings, insluitende:** Voorspraak vir 'n toepaslike kragmengsel op Nasionale vlak en die dryf van regulatoriese en finansiële modusveranderinge t.o.v. die instaatstelling van uiteenlopende krag- en waterbronne; die fokus van krag- en watersektorbeleggings en -innovering op die Wes-Kaap, veral die Atlantis-SES; die aandryf van die ontwikkeling van die Weskus- vloeibare natuurlike gas- (VNG-) geleentheid; begrip van die blootstelling van Wes-Kaapse uitvoer aan potensiële en dreigende koolstof- en watervoetspoor-handelsversperrings wat ontwikkel en die implementering van planne om sulke versperrings te oorkom; die

ontwikkeling, ondersteuning en verskaffing van insette in regulasies, wetgewing en beplanning wat krag- en waterveerkragtigheid (op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak) bevorder; die identifisering en ontwikkeling van vaardighedsopleidingprogramme vir krag- en waterveerkragtigheid. Verder sal ondersteuning verleen word aan ander departemente sodat ekonomiese waterveerkragtigheid in munisipaliteite geïntegreer word.

- **Kennisbestuur en kommunikasie, insluitende:** Opstel van kennisuitruilplatforms en -kanale (bv. 110% Groenwebtuiste) en voortdryf van kommunikasieveldtogte wat mik om bewustheid te verhoog d.m.v. gevallestudies, kostemodelle, verskafferdatabasisse, tegnologiedemonstrasie-webwerwe, sertifisering/standaarde, volhoubare openbare aanskaffingsriglyne en -spesifikasies, geleenthede vir die ontwikkeling van vaardighede, geleenthede, konferensies, werksinkels ens., skakeling van besighede met energie- en watersektormaatskappye, en fasilitering van skakelings tussen munisipaliteite en besighede.

1.5.4 Verduideliking van instaatstellers om die vyfjaarteikens te behaal

Die hulpbronveerkragtigheid-prioriteit vereis die volgende instaatstellers:

- Regulatoriese omgewing – verbeterings aan nasionale krag- en waterverwante regulasies, munisipale aanskaffing van krag, ko-beleggingsregulasies vir krag en water, opkomende Klimaatsverandering-wetgewing, bouregulasies, kleinskaalse vasgelegde opwekkings- invoerraamwerke;
- Nasionale beleid – Geïntegreerde Hulpbronplan wat die land se kragmengsel en die konsep- Nasionale Watersekeriteitsraamwerk definieer;
- Provinsiale beleid en strategieë – hulpbronveerkragtigheid en klimaatsverandering moet deel van die hoofstroom gemaak word in alle relevante Provinsiale beleide en strategieë;
- Munisipale reëls en regulasies – instaatstelling van die gebruik van alternatiewe waterbronne en die bevordering van water- en kragdoeltreffendheid in alle nuwe ontwikkelings, en die duidelike uiteensit van waterbeperkings tydens watertekorte;
- Finansiële instaatstellers – insluitende sekerheid omtrent nutsbedryftariewe, alternatiewe befondsingsbronne, alternatiewe finansiële meganismes en -modelle sowel as kleinskaalse vasgelegde opwekkingstariewe en waterverwante tariefstrukture en -vlakke;
- Munisipale inkomste-modelle – Hersiening van modelle om afhanklikheid van krag- en waterverkope te verminder;
- Infrastrukturele veranderinge – insluitende: 1) Bekendstelling van 'slim' meters, 2) Netwerkgebonde krag- en kleinskaalse vasgelegde kragopwekking, 3) Gesentraliseerde watervoorsiening, hibriede van gesentraliseerde en gedesentraliseerde watervoorsiening en die verskaffing van tweeledige waternetwerklyne om 'n toename in die gebruik van gryswater en behandelde rioolwater te bewerkstellig; en
- Vaardighede – vaardighede wat vir Groen Ekonomie-besighede vereis word asook die opskerpings van vaardighede of heropleiding in ander vaardighede van werkers om 'n billike oorgang na 'n lae koolstof-ekonomie moontlik te maak.

1.5.5 Verduideliking van die skakels, bydraes en afhanklikhede tussen die strategiese programme/ingrypings om die vyfjaarteikens van die Departement en dié van ander Provinsiale departemente te behaal

Aangesien die beskikbaarheid van water lewensnoodsaaklik is vir ekonomiese groei in die landbousektor, sal die Wes-Kaapse Departement van Landbou (WKDvL) 'n oplossing ontwikkel om surpluswater van die Buffeljagsdam toe te wys asook om die Uitgebreide Openbare Werke-program te gebruik om besproeiingskanale in die Klein Karoo aan te lê. Die WKDvL sal voortgaan om 'n 'Slim' Agri-implementeringsprogram te lei wat fokus op die verbetering van die hulpbronveerkragtigheid en die bou van kapasiteit om by klimaatsverandering aan te pas in die Provinsie se landbousektor.

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) sal aanhou belê in die voorsiening van water, kragbesparing en ander hernubare hulpbronne. Verskeie beleids- en strategie-inisiatiewe in sowel die vervoer- as infrastruktuurruimte word deur die DVOW onderneem om die klimaatsverandering-prioriteite te verweselik, soos om die Provinsie se koolstofvoetspoor te verklein d.m.v. die doeltreffende gebruik van kantoorryimte en nutsbedryf-gebruik in die beplanning, oprigting en modernisering van infrastruktuur en om die leiding te neem in die Vervoersektorplan vir Klimaatsverandering. Die reële tyd-meting van elektrisiteits- en waterverbruik in kantoorgeboue wat deur die Provinsie beset word, sal dit moontlik maak om vinnig te reageer op die assessering van buitengewone gebruik en die identifisering en implementering van herstelmaatreëls wat gebruik sal word om klimaatsverandering-perspektiewe te verbeter.

Die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DOS&OB) sal aanhou om te werk aan wateropvangskwessies, waterlisensiëring, ekologiese infrastruktuur, die biodiversiteitseconomie en aanpassing by klimaatsverandering sowel as volhoubaarheid en klimaatsverandering-verwante kommunikasie asook kwessies verwant aan vrystellings/lae koolstof-kwessies, omgewingsimpak-assesserings (OIA's), die oordra van volhoubaarheid/hulpbron-boodskappe en verligting van klimaatsverandering. Die Departement van Plaaslike Regering (DPR) en Provinsiale Tesourie (PT) sal saam met die DEOT werk om munisipale inkomste-modelle te hersien en te assesser hoe die negatiewe impak van verminderde water- en kragverkope verlig kan word. Die Departement van Menslike Nedersettings (DMN) sal aanhou werk vir die verbetering van die krag- en waterdoeltreffendheid van huishoudings.

Hulpbronveerkragtigheid sny ook dwarsoor veelvuldige funksies in die DEOT, insluitende katalitiese ekonomiese infrastruktuur (integrasie van hulpbronveerkragtigheid in hoe infrastruktuur gebou en gebruik word); sektorontwikkelingsgroei van uitvoer (sowel Groen Ekonomie-verwante tegnologieë, produkte en dienste as 'n sektor, as die integrering van hulpbronveerkragtigheid in alle sektore - veral dié wat hulpbronintensief en/of uitvoergefokus is om hul voortgesette mededingendheid en toegang tot markte te verseker); munisipale openbare infrastruktuur-ondersteuning (werk aan die front van munisipaliteite en besighede om vennootskappe te sluit vir oplossings wat lei tot verbeterde ekonomiese hulpbronveerkragtigheid); gemak van sake doen (ontsluiting van sistemiese versperrings en die aanspreek van wetgewing wat in konflik met ander is en wat hulpbronveerkragtigheid sou verbeter); en die aanspreek van vaardigheidsgapings (ontwikkeling en bekendstelling van vaardigheidsontwikkeling vir krag- en waterverwante nuwe tegnologieë, produkte en benaderings).

1.5.6 Verduideliking van die raakpunte met munisipaliteite

Munisipaliteite is van die uiterste belang by die werk aan hulpbronveerkragtigheid. Munisipaliteite is verantwoordelik vir onder meer die verspreiding van elektrisiteit vanaf Eskom na sekere besighede en huishoudings en vir die behandeling en verspreiding van water en die behandeling van afvalwater. Verder bepaal munisipaliteite tariewe vir alle nutsbedrywe, verskaf regulatoriese raamwerke deur regulasies en beleide, en beheer aspekte soos ontwikkeling en sakesonering binne hul grense. Munisipaliteite moet ook sorg vir die volle integrering van krag- en waterdiversifisering, water- en klimaatsverandering-veerkragtigheid in hul eie infrastruktuurbeplanning en -ontwikkeling, insluitende ekologiese infrastruktuur as 'n hoofbenadering. Die kartering van die 'slim' netwerkeprojek (jaarliks bygewerk), die ekonomiese waterbalanswerk (wat in 2018/19 onderneem is), die sektorale waterveerkragtigheidsprojekte (wat in 2018/19 en 2019/20 onderneem is/word) en die finansiële meganismes en modelle vir die verbetering van ekonomiese waterveerkragtigheidsprojekte (wat in 2018/19 en 2019/20 onderneem is/word, verskaf alles die ruimtelike en sektorale prioritisering van munisipale en sakesteun vir die verbetering van krag- en waterveerkragtigheid. Uitgebreide werk is onder munisipaliteite nodig d.m.v. skakeling met nutsbedryfbestuurders, hoof- finansiële beamptes, plaaslike ekonomiese ontwikkeling-beamptes en munisipale bestuurders. Dit sal insluit die identifisering van hulpbronbeperkings op ekonomiese groei binne munisipaliteite en die verwydering van regulatoriese versperrings op munisipale vlak, soos regulasies wat verband hou met waterontwikkelings. Verder sal alternatiewe inkomstemodelle, finansiële en befondsingsmeganismes ondersoek word. Gedragsverandering by besighede, die Regering en burgers om die verbetering van hulpbronveerkragtigheid teweeg te bring sal moontlik gemaak word deur medewerkende kommunikasie. Dié pogings sal die integrering van hulpbronveerkragtigheid in munisipale beplanning en werksaamhede vaslê.

1.5.7 Hoofrisiko's

| Uitkoms | Hoofrisiko | Risikovermindering |
|--|--|--|
| Hulpbronveerkragtigheid van die Provinsie verbeter | Baie van die instaatstellers wat nodig is vir die ontsluiting van hulpbronveerkragtigheid en baie van die wetgewing wat hulpbronveerkragtigheid teenwerk berus op Nasionale vlak, wat die vermoë inperk om 'n hulpbronveerkragtige ekonomie te vestig, en vir die WKR om die nuwe geleenthede wat die Groen Ekonomie bring te realiseer. | <ul style="list-style-type: none"> Fokus op wat moontlik is om te verander/ontsluit op 'n munisipale vlak – dryf verandering voort m.b.v. PT, DPR, DOS&OB and WKDvL. Werk nouer saam met nasionale eweknieë om ondersteuning en voorspraak te lewer. |
| | Onvermoë om die ekonomie volhoubaar te maak en te laat groei weens wateronsekerheid. | <ul style="list-style-type: none"> Ontwikkel 'n ekonomiese waterveerkragtigheidsprogram insluitende samewerking met besighede en alle sfere van regering, om munisipaliteite te help om te verstaan waar ekonomiese groei ingeperk word deur wateruitdagings, om besighede te ondersteun om hul waterdoeltreffendheid te verbeter en alternatiewe waterbronne te implementeer, om gedeelde (openbare & privaatsektor-) risiko te ondersoek en om finansiële modelle vir nuwe waterinfrastruktuur te verken, om saam te werk met munisipaliteite om waterdoeltreffendhede en alternatiewe waterbronne in nuwe ontwikkelings, kommunikasieplatforms, bemarkingsplatforms vir waterverskaffers te implementeer, om ekonomiese risiko in waterbestuurbeplanning in te bou, belegging in die Groen Ekonomie te stimuleer, regulatoriese versperrings te verwyder, ens. |
| | Onvermoë om die ekonomie en menslike welstand vol te hou en uit te bou weens kragonsekerheid en gebrek aan toegang tot krag. | <ul style="list-style-type: none"> Vele ingrypings en sakeskakelings gemik op groter opname van kleinskaalse vasgelegde kragopwekking en rotering, ondersteuning van munisipaliteite met verspreide opwekking, kommunikasieveldtogte, voorspraak van insette in konsepwetgewing, VNG-lewensvatbaarheidstudies, verwydering van inligtingsversperrings, stimulering van belegging in die Groen Ekonomie, en voorspraak en koördinering van alle sfere van regering. |

1.5.8 Openbare Entiteite

| Naam van Openbare Entiteit | Mandaat | Uitkomst | Lopende Jaarlikse Begroting (R) |
|----------------------------|---------|----------|---------------------------------|
| N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. | N.v.t. |

1.6. Verpligtende en Wetgewende Funksies

In terme van verpligtende (mandaats-) en wetgewende vereistes implementeer die Departement die volgende aktiwiteite:

- a) Finansiële Bestuur;
- b) Monitering en Evaluering' en
- c) Kantoor van die Verbruikersbeskermer.

1.6.1 Finansiële Bestuur

| Naam van Openbare Entiteit | Uitkomsaanwyser | Basislyn | Vyfjaarteiken | Belyning |
|-------------------------------|------------------------------|------------------------------|------------------------------|--|
| Verbeterde finansiële bestuur | Ongekwalfiseerde Ouditmening | Ongekwalfiseerde Ouditmening | Ongekwalfiseerde Ouditmening | Finansiële bestuur stem ooreen met die NOP- en MTSR-prioriteit: "n Bekwame, Etiese en Ontwikkelingstaat' |

Openbare finansiële bestuur het te doen met die doeltreffende bestuur van die insameling en besteding van fondse deur die Regering. Aangesien die behoeftes van die gemeenskap altyd groter sal wees as die hulpbronne wat tot die Regering se beskikking is, moet alle openbare hulpbronne so doeltreffend en doelmatig as moontlik gebruik word. Doeltreffende openbare finansiële bestuur staan sentraal tot die skep van 'n verhouding van wedersydse vertrouwe en konsensus tussen die Regering en landsburgers, en lê aan die kern van die ontwikkeling van dié strategie.

Finansiële Bestuur verseker gehoorgewing aan alle relevante finansiële statute en regulasies, waarvan die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies (WBOF) die belangrikste is. In sy najaag hiervan, mik Finansiële Bestuur vir 'n balans tussen diensuitmuntendheid en ekonomiese aanwending van finansiële hulpbronne. Finansiële Bestuur, soos alle openbare beamptes, het 'n intrinsieke verpligting om geen verdraagsaamheid teenoor bedrog en korrupsie, wat saamgaan met vermorsing, te hê nie.

Om dít te bewerkstellig, het Finansiële Bestuur sy pogings toegespits op die bestuur en voorkoming van onreëlmatige, niegoedgekeurde, vrugtelose en gemorste besteding. Daar is begin met die ontwikkeling van sy eie beleidsraamwerk oor onreëlmatige besteding, met die doel om 'n goeie begrip van die konsep van onreëlmatige besteding, sy oorsake en die ondersoek- en gevolge-bestuursproses te artikuleer. Verder sal Finansiële Bestuur onderneem om groter bewustheid van die konsep te skep en te verseker dat prosesse en kontroles in plek is om die effek te identifiseer en te verklein. Uit 'n kapasiteitsoogpunt is gefokusde opleidingsinhoud ontwikkel om te verseker dat Departementele personeel toereikend opgelei word om enige voorkoms van finansiële onreëlmatighede te vermy.

Die prestasie en bestuur van die hoogste vlak van finansiële staatsbestuur is 'n langtermyn inklusiewe strategie wat berus op gehoorgewing, 'n prestasiekultuur, ondersteuning deur belanghebbendes en dienslewering. Dit omvat, maar is nie beperk nie tot, die verskaffing van inligting van gehalte, die doeltreffendheid van die toewysing van hulpbronne, bekwaamheid van finansiële bestuur, gesonde wetgewende strukture en uiteindelik die modernisering van openbare finansies tot voordeel van burgers.

As een van die mees gewaardeerde aanwysers van goeie finansiële staatsbestuur, maak die behaal van 'n ongekwalfiseerde ouditmening as 'n doelwit vir Finansiële Bestuur dit noodsaaklik om alle prosesse so doeltreffend en doelmatig as moontlik te bestuur.

1.6.2 Hooftrisiko's

| Uitkoms | Hooftrisiko | Risikovermindering |
|-------------------------------------|---|--|
| Verbeterde finansiële staatsbestuur | Onvermoë om 'n ongekwalifiseerde oudit te behaal weens materiële wanverklarings of materiële niegehoorgewing aan hoërisikogebiede soos Oordragbetalings, die Bestuur van Menslike Hulpbronne, Oudit op voorafbepaalde doelwitte en Aanvoerkettingbestuur as gevolg van 'n ondoeltreffende of ontoereikende kontrole-omgewing. | <ul style="list-style-type: none"> • 'n Goedgekeurde Departementele finansiële handleiding en afwenteling van outoriteit jaarliks bygewerk en onderhou. • Interne Kontrole-oudits op oordragbetalings, voorafbepaalde doelwitte, finansiële state, rekonsiliasies, Aanvoerkettingbestuur. • Transaksie-oorsiglysies. • Finansiële Bestuur-taakspan vir oordragbetalings en Aanvoerkettingbestuur-transaksies. • Finansiële Bestuur-opleiding aan lynfunksies om bevoegdheid te verseker. • Opleiding vir Finansiële Bestuur-personeel om bevoegdheid te verseker. • Standaard- operasionele prosedures jaarliks en soos nodig bygewerk. • Vestiging van 'n Departementele Staatsbestuurskomitee om gesonde staatsbestuurstrukture te verseker. • Programmoniterings- en -evalueringsraamwerke. • Ouditeur-generaal-aksieplan om alle ouditbare en hoërisikogebiede te monitor en te bestuur om 'n ongekwalifiseerde ouditmening te verseker. |

1.6.3 Monitering en Evaluering (M&E)

| Naam van Openbare Entiteit | Uitkomsaanwyser | Basislyn | Vyfjaarteiken | Belyning |
|---|---|--------------------|--|--|
| Funksionele 'M&E-stelsel' wat strategiese steun aan die Departement verleen | Gehoorgewing van 'M&E-stelsel' aan M&E-beleid en -raamwerke | Volle gehoorgewing | Volle gehoorgewing by gebruik van M&E-inligting in strategiese bestuur | M&E stem ooreen met die NOP- en MTSR-prioriteit: 'n Bekwame, Etiese en Ontwikkelingstaat |

Die Regering het sy steun vir, en gebruik van, M&E-instrumente herbevestig om ons implementering en vordering teen die prioriteite na te spoor en te assessee waartoe daar in die NOP-implementeringsplan 2020-2025, die MTSR 2019-2024 en die Provinsiale prioriteite en aksieprogramme verbind is.

As 'n openbare bestuursinstrument val M&E onder die oorhoofse beleidsraamwerk wat bestuur hoe en waar M&E-funksies uitgevoer word. Dit sluit in:

- Konsepraamwerk vir Strategiese Planne en JPP's (2019);
- Staatswye M&E-stelselbeleid (2007);
- Hersiene Nasionale Evaluering-beleidsraamwerk (hangende);
- Prestasiebestuur- & Verslagdoeningsraamwerk; en
- Riglyne en regulasies wat regeringsprestasie-inligting dek.

In die Departement is M&E se funksionele mandaat om Departementele prestasie te monitor en te evalueer. Ekonomiese belanghebbendes, hetsy besighede of burgers, vereis resultate en 'n hooforganiseringsbeginsel van M&E is om te meet, na te spoor en objektief te assesser of die Departement se planne en programme die gewenste effek gehad het sodat die Regering se prestasie, relatief tot die verbintenisse en prioriteite wat ons vir die medium termyn gestel het, verbeter kan word.

Namate die Departement sy ontluikende strategiese prioriteite en temas artikuleer en sy kernuitkomst identifiseer wat bydra tot die nuwe Visie-geïnspireerde Prioriteite (VIP's), sal 'n M&E- strategiese raamwerk ontwikkel word sodat dit reageer en die benadering, M&E-produkte en -dienste uitstippel wat vereis word om die DEOT in staat te stel om strategiese steun te verleen en verslag te doen gemeet aan transversale uitkomst.

Vir uitkomst om bestuur te kan word, moet hulle gemeet kan word. Tans gebruik die Departement M&E-meganismes insluitende die monitering van gehoorgewing (verwant aan goeie kontrakbestuur) en organisatoriese monitering (of monitering van JPP-uitsette vir die hoofdoel van kwartaallikse verslagdoening).

'n Sterker klem is nou nodig op die Monitering van Resultate en d.m.v. die Uitkomstemoniteringsverslae is die Departement van plan om sy moniteringsaktiwiteite strategies te rig om die uitkomst en effekte van die programme of projekte wat ons ondersteun na te spoor.

Data word vereis vir monitering en verslagdoening en daar sal dié termyn 'n sterk poging aangewend word om Departementele programme te ondersteun met die opbou van hul projekvlak-inligtingstelsels om kumulatiewe rapportering en die naspoor van vordering moontlik te maak op 'n manier wat 'n bygewerkte, akkurate momentopname van die Departement se prestasie te verskaf wat maklik onttrek kan word en vir vele verslagdoeningsbehoefte ingespan kan word.

Terwyl die monitering van resultate noodsaaklik is, is dit ook 'n voorwaarde vir evaluering. Evaluering hou in die gebruik van streng navorsingsmetodes om 'n getuigenisgegronde oordeel oor die doeltreffendheid van ons staatsbefondste programme te vel en, as programme die pad byster geraak het, vas te stel hoekom afwykings plaasgevind het en watter verbeteringe gemaak kan word in hoe ons ons programme beplan en implementeer. Afgesien van die ondersteuning van die Departement in die lewering van sy verpligte Mediumtermyn- en Eindtermyn-evaluering soos belyn met die Raamwerk vir Strategiese Planne en JPP's, sal die M&E-eenheid aanhou om Departementele programme wat graag die planne, implementering en impak van diskrete programme wil evalueer, aan te spoor, voorspraak daarvoor te doen en dit te ondersteun.

Afgesien daarvan dat M&E 'n relatief 'nuwe' openbare bestuur-benadering is - te meer nog in 'n era waar daar 'n beroep om 'resultaatgedrewe bestuur' gedoen word - is 'n bykomende poging nodig om die evalueringskapasiteit (tegniese vaardighede en deskundigheid) van beide M&E-praktisyns in die Departement en die M&E-kapasiteit van diegene wat programme en projekte implementeer en bestuur uit te bou.

1.6.4 Hoofrisiko's

| Uitkoms | Hoofrisiko | Risikovermindering |
|---|--|--|
| Funksionele 'M&E-stelsel' wat strategiese steun aan die Departement verleen | Nie genoeg aanvraag vir die M&E-stelsel nie skep 'n versperring vir die toepaslike gebruik van M&E as 'n instrument om prestasie te verbeter. | <ul style="list-style-type: none"> • Verhoog bewustheid en begrip van M&E-instrumente, -tegnieke en -produkte (tegniese onderwerpmateriaal). • Verhoog bewustheid van die gebruik van M&E en gebruik voorbeelde om te demonstree hoe moniteringsinligting en evaluering die resultate van die programme wat ons implementeer kan kommunikeer. |
| | Fiskale druk kan daartoe lei dat 'n beperkte begroting in die Departement beskikbaar gemaak word om evaluering van die bydrae, resultate of impak van hoofprogramme wat deur die Departement geïmplementeer is, uit te voer. | <ul style="list-style-type: none"> • Programme kan die behoefte aan evaluering vroeg in die beplanningstadiums infaktor en die nodige begrotingsvoorsiening maak vir evaluering namate die program geïmplementeer word en resultate begin instroom. • Programme kan, met steun van die M&E-eenheid, aansoek doen om finansiële steun via die Provinsiale Tesourie se Geprioritiseerde Evalueringfonds. |
| | Gebrek aan Departementwye inligtingstelsel wat vordering van hoof-programmatiese uitkomste oor die vyfjaartydperk vaslê en naspoor. | <ul style="list-style-type: none"> • Programme wat geïmplementeer is behoort geloofwaardige, toeganklike en beskikbare projekdatastelsels te hê vir die naspoor van prestasie en die verslagdoening oor vordering, gemeet aan ons planne en prioriteite. |

1.6.5 Kantoor van die Verbruikersbeskerming (KVB)

| Naam van Openbare Entiteit | Uitkomsaanwyser | Basislyn | Vyfjaarteiken | Belyning |
|--|---|----------|---------------|---|
| 'n Verbeterde omgewing bevorderlik vir billike sakepraktyke en ingeligte verbruikers | Monetêre waarde van besparings wat vir verbruikers opgeloop het | R600 000 | R1.2-miljoen | KVB stem ooreen met die NOP- en MTSR-prioriteit: "n Bekwame, Etiese en Ontwikkelingstaat' |

Die KVB sal 'n gelyke, sosiaal verantwoordelike sakeomgewing in die Wes-Kaap verseker deur algemene ingrypings binne die handelsomgewing en deur spesifieke ingrypings volgens mandaat van die Grondwet, nasionale en provinsiale wetgewing, beleid en strategieë wat die groei van verhandelbare sektore en uitvoer ondersteun.

Die KVB sal aanhou om 'n aktiewe opvoedkundige en inligtingsuitruilaktiwiteit uit te voer wat hoofsaaklik fokus op die opvoeding van verskeie groepe verbruikers en besighede.

Die huidige Provinsiale wetgewing is verouderd en verskaf nie antwoorde op huidige ekonomiese en tegnologiese realiteite nie. Die Wes-Kaap is die enigste provinsie wat nog ou wetgewing gebruik wat nie ooreenstem met die Wet op Verbruikersbeskerming nie. Oor die volgende vyf jaar sal die KVB die volgende programme uitvoer om dit aan te spreek:

- (a) **Hervorming van Wetgewing.** Om doeltreffende en doelmatige regstelling te verseker, moet die KVB begin met die hervorming van wetgewing. Die Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake / (onbillike) Besighede, Wet 10 van 2002, is verouderd en benodig 'n volledige opknapping om dit in ooreenstemming met Nasionale wetgewing die (die Wet op Verbruikersbeskerming) te bring. Dit is noodsaaklik vir die versekering van doeltreffende regstelling aan verbruikers.
- (b) **Verbruikersregstelling.** Die projekte en werksaamhede wat aan die dienste van die KVB gekoppel is, is hoofsaaklik gemik op die lewering van 'n burgersentriese diens aangesien dit dispuutoplossingsdienste tussen verbruikers en verskaffers voorsien. Bogenoemde dienste kan net doeltreffend voorsien word as die korrekte en optimale menslike hulpbronne, IKT-dienste en kliëntgefokusde ingrypings in plek is. Die bestaande inisiatiewe, d.i. tolvrye inbelsentrum, Alternatiewe Dispuutoplossingsdienste (ADO) en verwysingsmeganismes fokus alles op die versekering dat die doelwitte soos in die Provinsiale Strategiese Prioriteite uiteengesit, behaal word. Deur doeltreffende dienste aan burgers te verskaf wat daarop uitloop dat hulle voordeel daaruit trek, bv. terugbetalings, herstel van defektiewe produkte, ens., speel die Eenheid 'n rol om te verseker dat burgers van die Wes-Kaap eerstehands die WKR se verbintenis tot die verskaffing van diens van gehalte kan ondervind.
- (c) **Verbruikersopvoeding.** Opvoedings- en inligtingsaktiwiteite sal in die tydperk 2020-2025 bekendgestel word. Dit is voorheen uitgevoer en het positiewe gevolge gehad. Die aktiwiteite word met groot belangstelling deur verbruikers en entrepreneurs ontvang. Verbruikersopvoeding is 'n langtermyn en volgehoue proses. Verder is daar 'n behoefte om inligtings- en opvoedingsaktiwiteite uit te brei om nuwe tematiese gebiede te dek en nuwe kommunikasiemetodes te gebruik. Wat betref die veranderende marksituasie en toenemend wydverspreide toepassing van nuwe kommunikasietegniese deur besighede, is dit noodsaaklik om die aktiwiteite van die KVB wat op die opvoeding van verbruikers gemik is, te versterk. Die impak van nuwe tegnologie in die transaksieproses tussen verbruiker en besigheid skryf ook voor dat nuwe strategieë ontwikkel en geïmplementeer moet word om by te hou by dié nuwe vorm van verbruikerswese.

1.6.6 Hoofrisiko's

| Uitkoms | Hoofrisiko | Risikovermindering |
|---|--|---|
| 'n Verbeterde omgewing bevorderlik vir billike sakepraktyk en ingeligte verbruikers | Verkeerde inligting / Swak kommunikasie; Tekort aan toegang tot inligting; en Kapasiteitsbeperkings. | <ul style="list-style-type: none"> • Verbruikersbewustheid-veldtog d.m.v. verskeie kommunikasiekanale; • Verskaf platforms en kontakinligting wat gereedlik beskikbaar en toeganklik is vir verbruikers. • Toewysing van menslike kapitaal/hulpbronne om in die nodige aanvraag te voorsien. |

AFDELING D: TEGNIESE AANWYSER-BESKRYWING (TAB)

Belegging deur bevordering en katalitiese infrastruktuur

| Aanwysertitel | Randwaarde van belegging |
|--------------------------------------|---|
| Definisie | <p>Randwaarde van belegging in projekte is die aggremaat van 'Randwaarde van infrastruktuurbelegging' en 'Randwaarde van direkte belegging'.</p> <p>Die 'Randwaarde van belegging'-aanwyser weerspieël nie net die finansiële bydrae van die Departement nie, maar die volle waarde van die projek.</p> <p>'Randwaarde van infrastruktuurbelegging' is die totale vaste of tegnologiese belegging of die verskaffing van kapitaal (insluitende werkkapitaal) van 'n infrastruktuurprojek wat deur die Departement ondersteun is.</p> <p>'Infrastruktuurbelegging' verwys na die fisieke ekonomiese infrastruktuurontwikkelings gemik op die verbetering van die streekseksonomie se mededingendheid en kan 'n nuwe groenveldprojek of 'n uitbreiding wees.</p> <p>Die 'punt van realisering' is die stadium wanneer aktiwiteit/fisieke bouwerk aan die projek begin of wanneer befondsing oorgedra is vir die implementering van die projek.</p> <p>Randwaarde van direkte belegging' weerspieël gelde (kapitaal en aanvanklike bedryfskoste) wat deur plaaslike of buitelandse belanghebbende(s) belê is as gevolg van ondersteuning wat deur die Departement verskaf is.</p> <p>Projekte kan Staatsbefonds, privaatbefonds of gesamentlik deur die Staat en privaatsektor befonds wees, maar die Departement of sy implementeringsorganisasie is die inisieerder en/of fasiliteerder in die realisering van die projek.</p> |
| Doel | Meet die groei van belegging in die Wes-Kaap |
| Bron van data | Takvlak-projekadministrasiestelsel |
| Metode van berekening/ Assesering | Eenvoudige telling |
| Aannames | Katalitiese infrastruktuur is 'n hoofaandrywer van ekonomiese groei en werkskepping. |
| Disaggregering van begunstigdes | N.v.t. |
| Ruimtelike Transformasie | <ul style="list-style-type: none"> • Saldanha; • Atlantis, Kaapstad; en • Metro en Munisipaliteite. |
| Manier van verifiëring | <ol style="list-style-type: none"> 1. Ondertekende projekdatabasis wat die totale waarde van beleggings weerspieël wat direk of indirek deur die Departement ondersteun is d.m.v. sy entiteite of ooreenkomste met eksterne organisasies; en 2. Ondertekende MVO's/ondertekende bevestigingsbriewe/verklaringsbriewe van befondsters of beleggers/fondse gehefboom/finansiële state; OF 3. Finale lewensvatbaarheidstudie/sakeplan wat duidelik die waarde van die beleggingsprojek aandui; OF 4. Ondertekende databasis wat die randwaarde van die belegging weerspieël gegrond op voltooië voorgelegde 'Gebruikersaktiwiteit-vraelys'. |
| Verlagsiklus | Jaarlikse vordering teen 2025-teiken |
| Verlangde prestasie | Toename in belegging |
| Aanwyser-verantwoordelikheid | Hoofdirekteur verantwoordelik vir Ekonomiese Beleid, Infrastruktuur en Koördinerings |

Grow exports

| | |
|---|--|
| Aanwysertitel | Randwaarde van belegging |
| Definisie | Meet die groei in belegging verwant aan inisiatiewe van die WKR en sy belanghebbendes. |
| Doel | 'Randwaarde van uitvoer' verwys na die buitelandse verkope van produkte en dienste uit die Wes-Kaap sowel as die randwaarde van besteding deur internasionale toeriste wat die Wes-Kaap besoek. |
| Bron van data | <ul style="list-style-type: none"> Ondertekende en geverifieerde handelsverklarings; en/of StatsSA/Quantec/SARS-data en/of ander statistiekbronne en Departementele ekonomiese modelle. |
| Metode van berekening/ Assessering | <ul style="list-style-type: none"> Eenvoudige telling van die ondertekende en geverifieerde handelsverklarings; en/of Amptelike sektorale handelsdata wat gebruik is om die netto toename oor 'n tydperk in verhandelbare sektore in die Wes-Kaap van 'n grondslag van 2018 te modelleer, sal as die waarde getel word. <p>Geselekteerde sektore en/of produkte sal getel word afhangende van die fokus van inisiatiewe.</p> |
| Aannames | Binnelandse toestande ondersteun uitvoer en die toename in toerisme. Globale groei en dié van hoofhandelsvennote is stabiel en aan die toeneem. |
| Disaggregering van begunstigdes | N.v.t. |
| Ruimtelike Transformasie | N.v.t. |
| Manier van verifiëring | <ol style="list-style-type: none"> 'n Verslag wat deur die Hoofdirekteur: Ekonomiese Sektorsteun en Toerisme onderteken is wat die volgende duidelik aandui: <ul style="list-style-type: none"> Hoofsektore geselekteer om vir handelsprestasie te monitor; Metodologie gebruik; Databronne gebruik; Hoe gerapporteerde uitvoerwaardes bereken is; en Goedgekeurde data (met Excel-sigblaaie) gebruik om uitvoerwaarde te bereken wat in die verslag gekommunikeer is; en/of Ondertekende en geverifieerde handelsverklarings. <p>LET WEL:</p> <p>(3) hierbo sal Wesgro se handelsverklarings uitsluit aangesien dié handelswaardes (uitvoer) deur Wesgro se strategiese plan en jaarlikse prestasieplanteikens en verslagdoening gerapporteer sal word.</p> |
| Verslagsiklus | Jaarlikse vordering gemeet aan die vyfjaarteiken |
| Verlangde prestasie | Toename in uitvoer |
| Aanwyser-verantwoordelikheid | Hoofdirekteur: Ekonomiese Sektor-steun |

| | |
|---|--|
| Aanwysertitel | Persentasie verandering in persepsie van toeristeveiligheid |
| Definisie | Om toeriste se persepsie van die Wes-Kaap as 'n vakansiebestemming te meet. In die eerste jaar van die MTSR sal die opname as die basislyn dien en daaropvolgende jare sal 'n persentasieverandering in persepsie onder toeriste wat die Wes-Kaap besoek aandui. |
| Doel | Provinsiale proaktiewe program om bewustheid te skep en die negatiewe persepsie van die veiligheid van die bestemming teen te werk deur die wetstoepassingsteunwoordigheid in hooftoeristegebiede waar misdadend dikwels voorkom, te verhoog. |
| Bron van data | Opnamedata verwant aan voltooide opnames deur respondente sal ingesamel en op 'n relevante administratiewe stelsel vasgelê word wat deur die Program gebruik word. |
| Metode van berekening/ Assessering | Die gemiddelde respons van toeriste (respondente) sal bereken word om die persepsie van veiligheid op besoek aan die Wes-Kaap te bereken. Die gemiddelde sal in verhouding tot die middelwaarde van die proefstuk-bevolkingsgrootte staan. |
| Aannames | Geen |
| Disaggregering van begunstigdes | N.v.t. |
| Ruimtelike Transformasie | N.v.t. |
| Manier van verifiëring | <ol style="list-style-type: none"> Jaarlikse goedgekeurde en afgetekende verslag deur die Hoofdirekteur van Ekonomiese Sektor-steun wat verband hou met die navorsingsbevindinge van die toerismeveiligheidspersepsie-opname; en Voltooide opnames sal gebruik word as die databron vir die toerismeveiligheidspersepsie-opname wat jaarlikse uitgevoer sal word. <p>LET WEL:</p> <p>Proefstukgrootte sal bepaal word gegrond op die wetenskaplike berekening wat verband hou met die bevolkingsgrootte (geraamde getal toeriste wat die Wes-Kaap besoek).</p> |
| Verslagsiklus | Jaarlikse vordering soos gemeet aan die 2025-teiken |
| Verlangde prestasie | 'n Groter getal toeriste wat die Wes-Kaap as 'n veilige bestemming beskou |
| Aanwyser-verantwoordelikheid | Hoofdirekteur: ESS, Direkteur: Toerisme, Visedirekteur: Toerismeveiligheid |

Spreek vaardigheidsgapings aan

| | |
|---|---|
| Aanwysertitel | Persentasie ondersteunde begunstigdes wat 'n verandering in geskiktheid vir indiensneming rapporteer |
| Definisie | <p>'Gesiktheid vir indiensneming' verwys na die kenmerke van 'n persoon wat daardie persoon geskik maak om werk te kry en/of te behou.</p> <p>'Kenmerke' kan insluit tegniese vaardighede, sagte vaardighede, houdings, kwalifikasies, sertifisering, werkplek-ondervinding, blootstelling aan werk, bevoegdhele en gedrag.</p> <p>'Begunstigdes' verwys na enigiemand wat deur vaardigheidsingrypings ondersteun is, bv.:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Erkenning van vorige leer; • Werkplasing; • Opleiding; • Mentorskap-opleiding; • Werkgereedheidsprogramme; • Ondervindingsleer; en • Enige ander soort vaardigheidontwikkeling-ingryping wat sal bydra tot die oorhoofse geskiktheid vir indiensneming van die begunstigdes. <p>'Ondersteun' beteken persone wat toegang verkry het tot of die ontvanger was van vaardigheidsingrypings wat deur die Departement ondersteun is.</p> <p>'n Verklaarde oogmerk is dat begunstigdes, wanneer hulle ingrypings voltooi, moet rapporteer oor verbeterings in hul vlakke van geskiktheid vir indiensneming en of hulle beter toegerus is om of werk te kry of hul werk te behou.</p> |
| Doel | Om die persentasie begunstigdes te meet wat hul geskiktheid vir indiensneming verbeter het en daardeur toon dat ingrypings hul doelwitte bereik het. Die aanwyser akkommodeer Suid-Afrika se uitdagings in die aanspreek van werkloosheid, waar 'n tekort aan werkondervinding, swak onderwysuitkomstes behaal, die afwesigheid van kwalifikasies, onderontwikkelde bevoegdhele en swak sagte vaardighede in verskeie grade van relevansie en intensiteit kombineer om die vermoë van die begunstigde om werk te kry of om meer produktief in diens geneem te word, te verklein. Daar word ook erken dat die mate waarin dié uitdagings aangespreek moet word heeltemal afhang van die spesifieke omstandighede van die begunstigde, en die opname verskaf dus 'n 'rats' metodologie om die uitkoms van die vaardigheidsingrypings vas te lê. |
| Bron van data | Opname van proefstuk van begunstigdes wat aan die Departement se vaardigheidsingrypings deelgeneem het. |
| Metode van berekening/ Assessering | Individuele response op die vraelys oor die voor- en na- geskiktheid vir werk sal ontleed word om 'n persentasie in die proefstuk te verkry. |
| Aannames | Inrypings om vaardighede te ontwikkel sal begunstigdes se geskiktheid vir indiensneming verbeter. |
| Disaggregering van begunstigdes | Teiken van begunstigdes nog nie in Jaar 1 van die implementering van die program van toepassing nie maar kan van Jaar 2 af ingestel word. |
| Ruimtelike Transformasie | GPS-koördinate van beplande implementering van program nog nie van toepassing nie maar ruimtelike disaggregasie kan dalk van Jaar 2 af beskikbaar wees. |
| Manier van verifiëring | <ol style="list-style-type: none"> 1. Ondertekende Geskiktheid vir Indiensneming-evalueringsverslag van die opname, deur die Programbestuurder goedgekeur. 2. Voltooide opnames deur begunstigdes. |
| Verslagsiklus | Vordering gemeet aan die vyfjaarteiken. |
| Verlangde prestasie | Meer begunstigdes rapporteer verbeterde indiensnemingsvooruitsigte en meer begunstigdes rapporteer werk gekry of behou. |
| Aanwyser-verantwoordelikheid | Hoofdirekteur: Vaardigheidsontwikkeling en Innowering. |

Verbeterde gemak van sake doen

| Aanwysertitel | Totale voordele vir die ekonomie a.g.v. rompslompvermindering- en/of GVSD-ingrypings |
|---------------------------------------|--|
| Definisie | <p>Dié aanwyser spoor die monetêre waarde van kostebesparings en ander ekonomiese voordele vir die sakewêreld en die Regering na wat die gevolg is van rompslompvermindering en die GVSD-ingrypings wat die Wes-Kaap bevoordeel.</p> <p>Dié ingrypings is daarop gemik om die regulatoriese las te verminder, sakeprosesse te verbeter, doeltreffende kommunikasie te verseker en/of ondersteuning (finansieel en niefinansieel) aan besighede te verleen om hul doeltreffendheid en doelmatigheid te verbeter.</p> <p>Totale voordele kan van enige van die volgende ingrypings verkry word, onder meer:</p> <ol style="list-style-type: none"> kostebesparings vir beide besighede en die Regering; toename in inkomste vir besighede wat ondersteun word; toename in produktiwiteit vir besighede wat ondersteun is en/of die regering; toename in batewaarde van besighede wat ondersteun is; werk geskep en/of volgehou vir besighede wat ondersteun is; en die monetêre waarde wat bygedra is deur die projekte wat ontsluit en/of versnel is weens die vermindering van rompslomp of GVSD-ingrypings. |
| Doel | Om die ekonomiese impak van ingrypings in die Wes-Kaap ter ondersteuning van rompslompvermindering en verbeterde GVSD te meet. |
| Bron van data | Rompslompbesparings/voordeelberekeningsinstrument en projekdatastelsel wat in die Program toeganklik is. |
| Metode van berekening/ Assessering | <p>Kostebesparings en ekonomiese voordele sal ingesamel en bereken word deur die metodologie van die rompslompbesparings/voordeel-berekeningsinstrument wat binne die DEOT ontwikkel is.</p> <p>'n Monetêre waarde van die ekonomiese impak van elke ingryping sal gebruik word, insluitende:</p> <ul style="list-style-type: none"> bepaling van die monetêre waarde van kostes bespaar; en/of bepaling van die monetêre waarde van die ontsluiting van 'n projek wat tot stilstand gekom het (waar die ophoud deur rompslomp veroorsaak is); en/of bepaling van die waarde van die ekonomiese voordele van ingrypings wat in die voorgeskrewe tydperk begin is; en/of bepaling van die waarde van voortgesette besparings en voordele wat spruit uit ingrypings wat in die verlede geïmplementeer is. <p>Die grondslag van die berekeninge sal die verskil in koste en voordele voor en na die geselekteerde GVSD-ingryping wees, wat die gevolg was van die Departement se rompslomp- of GVSD-ingryping.</p> |
| Aannames | <p>Verbintenis en deelname deur Provinsiale en Nasionale staatsdepartemente (insluitende hul agentskappe, openbare entiteite en reguleerders) en/of munisipaliteite wat verkry is.</p> <p>Toereikende menslike en finansiële hulpbronne.</p> |
| Disaggregering van begunstigdes | Teikens vir vroue, jongmense en mense met gestremdhede: Nie beskikbaar in dié stadium van MTSR nie. |
| Ruimtelike Transformasie | Nie beskikbaar in dié stadium van MTSR nie. |
| Manier van verifiëring | <ol style="list-style-type: none"> 'n Verslag wat goedgekeur is deur die programbestuurder en wat die besonderhede van die ekonomiese impak van rompslompvermindering- en/of GVSD-ingrypings wat ondersteun is verskaf, wat kan bestaan uit: <ol style="list-style-type: none"> monetêre waarde van koste aangegaan vir ingrypings en gevolglike kostebesparings, en/of monetêre waarde van gevolglike ekonomiese voordele, soos 'n toename in inkomste, verbeterde produktiwiteit, verhoogde batewaarde en/of werk geskep/behou; en waarde van die projek wat ontsluit en/of versnel is weens rompslompvermindering- en GVSD-ingrypings; en Getuienis, as 'n bylaag aangeheg, om die berekeninge, metodologieë en resultate te staaf wat in die Ekonomiese Impak-verslag gerapporteer word. <p>LET WEL:</p> <p>Die verslag moet insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> narratiewe wat die kostes en voordele verduidelik soos in die verslag uiteengesit; en die kumulatiewe monetêre besparings en voordele van die ingrypings; en enige aannames, parameters en enige ander voorwaardes en omstandighede relevant tot die berekening van bogenoemde koste en voordele. Die verslag mag insluit: <ul style="list-style-type: none"> verwysings na verbeteringe t.o.v. basislyne soos huidige vlakke van dienslewering en koste van rompslomp; omset; werksgeleenthede en batewaarde, waar dit bepaal is, of beskikbaar is en/of verwysings na verbeterings t.o.v. wetgewende, organisatoriese of enige ander norme en standaarde. |
| Verlagsiklus | Vyf jaar (onderworpe aan middeltermyn-hersiening) |
| Verlangde prestasie | Verbeterde vlakke van kostes bespaar en ekonomiese voordele bekom |
| Aanwyser-verantwoordelikheid | Hoofdirekteur verantwoordelik vir Rompslompvermindering |

Hulpbronveerkragtigheid

| | |
|---|--|
| Aanwysertitel | Getal megawatt van laer koolstof-elektrisiteit wat in die Wes-Kaap geproduseer is |
| Definisie | Dié aanwyser verwys na elektrisiteit wat geproduseer is of deur hernubare energie, insluitende son- en windkrag-aanlegte op nutsbedryf-skaal, verspreidings-/munisipale skaal en klein skaal, of d.m.v. lae koolstof-brandstowwe wat nie steenkoolgegrond is nie bv. kleinskaalse vloeibare natuurlike gas (VNG). |
| Doel | Die doel van dié aanwyser is om verminderde afhanklikheid van steenkoolgegronde elektrisiteitsvoorsiening deur die nasionale netwerk, sowel as 'n toename in kragsekuriteit gemeet aan die impak van beurtkrag op munisipale en firmavlak, deur desentralisering na te spoor. Laer koolstof-vrystellings wat met dié aanwyser verband hou maak ook voorsiening vir direkte invloed teen potensiële koolstofhandelsversperrings wat deur uitvoergeoriënteerde firmas ondervind word sowel as om voorsiening te maak vir firmas om die impak van die Suid-Afrikaanse koolstofbelasting te verklein. |
| Bron van data | Databronne sal wees: verskafferstatistiek van die kragopwekkers sowel as registrasievereistes by munisipaliteite en NERSA en ander bronne van hernubare energie en laer koolstof-kragvervaardigingsinligting, bv. eQPRS-databasis. |
| Metode van berekening/ Assessering | Som van elektrisiteit wat deur hernubare energie- en gaskragvervaardigers in megawatt geproduseer is. |
| Aannames | Nasionale beleid, d.i. Geïntegreerde Hulpbronplan, maak 'n groter opname van hernubare energie en VNG moontlik waarvoor die mark gereed is om in te belê, insluitende: <ul style="list-style-type: none"> • Nasionale waarborge is beskikbaar wanneer vereis (soewerein); • Regulatoriese omgewing van registrasie en lisensiering; • Beschikbaarheid en toepaslikheid van grond, insluitende omgewingspermitte en -toestemmings; • Munisipale netwerkinfrastruktuur is bevorderlik vir die toelating van opname; • Munisipale tariewe is bevorderlik vir markopname; en • Kapitaal vir belegging is beskikbaar en toeganklik. |
| Disaggregering van begunstigdes | N.v.t. |
| Ruimtelike Transformasie | Ruimtelike transformasie sou verband hou met die voetspoor van die onderskeie kragvervaardigers se liggings |
| Manier van verifiëring | 1. Verslag deur die Hoofdirekteur onderteken; en 2. Getuienis om verslag te staaf. |
| Verslagsiklus | Vordering gemeet aan die vyfjaarsiklus |
| Verlangde prestasie | Hoër prestasie as die teiken |
| Aanwyser-verantwoordelikheid | Hoofdirekteur en Direkteur verantwoordelik vir Energie |

| | |
|---|---|
| Aanwysertitel | Watersekuriteit: Verbetering in waterdoeltreffendheid van geselekteerde waterintensiewe sektore |
| Definisie | <ul style="list-style-type: none"> • Waterdoeltreffendheid – wanneer 'n besigheid meer met minder regkry deur die beste beskikbare tegnologie te gebruik en water op slimmer en meer innoverende maniere te gebruik. • Waterdoeltreffendheid – wanneer 'n besigheid meer met minder regkry deur die beste beskikbare tegnologie te gebruik en water op slimmer en meer innoverende maniere te gebruik. • Waterintensiteit – die verhouding tussen waterinname en 'n gedefinieerde eenheid van produksie, d.i. m³ of liter water gebruik per hoofsaakteiwiteitsaanwyser (KBAI) bv. vir industriële gebruik: water per eenheid van produksie gebruik (bv. per liter drank of per kg of ton of volume van produk) of water per vierkante capita vloergebied gebruik vir kommersiële besighede of water per kamer gebruik vir hotelle. • Waterintensiewe sektore – daardie sektore (of subsektore) wat 'n groot hoeveelheid water relatief tot hul KBAI gebruik. |
| Doel | <p>Dié aanwyser spoor die waterdoeltreffendheid na as 'n persentasie om voorsiening te maak vir variasies in die eenhede waarteen water regoor sektore, subsektore en produkte gemeet word.</p> <p>Terwyl water vir veelvuldige doeleindes in 'n besigheid gebruik word, verteenwoordig die saamgevoegde meet van watergebruik per KBAI die watergebruikintensiteit regoor alle komponente van 'n besigheid. Verbeterde waterdoeltreffendheid lei tot laer insetkoste (van sowel die rou water as die daaropvolgende vermindering van kragverbruik), en gevolglik verbeterde mededingendheid; verbeterde watersekuriteit in tye dat water skaars is; en uitgebreide marktoegang vir uitvoerbesighede (d.m.v. 'n kleiner watervoetspoor).</p> |
| Bron van data | <p>Basislyndata: uit bestaande data wat deur die Nasionale Skoner Vervaardigingsentrum (NSVS), die Internasionale Finansieringskorporasie (IFK), die Waternavorsingskommissie (WVK), die Nasionale Sake-inisiatief (NSI) en die DEOT se eie navorsing en besighedsopnames ingesamel is.</p> <p>Bywerkings: bedryfsopnames wat deur bedryfsassosiasies uitgevoer word</p> |
| Metode van berekening/ Assessering | <p>Basislyndata: van bedryfsassosiasies verkry.</p> <p>Bywerking van waterdoeltreffendhede behaal: d.m.v. opnames, werkwinkels of een-tot-een-skakeling of deur versoeke vir vrywillige inligting – direk van besighede of d.m.v. besighedsassosiasies.</p> |
| Aannames | Vooruitgang gemeet aan die vyfjaarteiken |
| Disaggregering van begunstigdes | Prestasie wat hoër as die teikenprestasie is |
| Ruimtelike Transformasie | N.v.t. |
| Manier van verifiëring | N.v.t. |
| Verslagsiklus | <ol style="list-style-type: none"> 1. Verslag onderteken deur Hoofdirekteur en 2. Getuienis ter staving van verslag |
| Verlangde prestasie | <ul style="list-style-type: none"> • Nasionale en plaaslike regulasies bevorder waterdoeltreffendheid. • Prys van water is steeds hoofsaaklik op volume/verbruik gegrond. |
| Aanwyser-verantwoordelikheid | Hoofdirekteur en Direkteur verantwoordelik vir water |

Mandaat- en Wetgewende Funksies

Finansies

| | |
|---|---|
| Aanwysertitel | Ongekwalfiseerde Ouditmening |
| Definisie | 'n Onafhanklike verslag oor die betroubaarheid en akkuraatheid van Finansiële en Prestasie-inligting, wat deur die Ouditeur-generaal vrygestel word. |
| Doel | Versterk staatsbestuur-strukture. Maak geloofwaardigheid en toerekenbaarheid moontlik en wek openbare/belanghebbende-vertroue in die Departement se Finansiële en Prestasiestatus en uiteindelik sy vermoë om sy mandaat doeltreffend en doelmatig uit te voer. |
| Bron van data | Finansiële en prestasiestelsel in Program 1 gebruik |
| Metode van berekening/ Assessering | Gegronde op die kriteria wat deur die Ouditeur-generaal gebruik word in die lug van sy mening. Soorte menings gebruik: <ul style="list-style-type: none"> • Ongunstig; • Weerhouding; • Gekwalifiseer; • Finansiële ongekwalifiseer/ongemodifiseer met ander sake; en • Finansiële ongekwalifiseer/ongemodifiseer met geen ander sake nie. |
| Aannames | Geen |
| Disaggregering van begunstigdes | N.v.t. |
| Ruimtelike Transformasie | N.v.t. |
| Manier van verifiëring | Jaarlikse oudit uitgevoer deur die Ouditeur-generaal. Die OG lê 'n verslag aan die Departement, Gedeelte Ouditkomitee en Parlement voor. |
| Verslagsiklus | Jaarliks binne ses maande nadat die vorige boekjaar geëindig het. |
| Verlangde prestasie | Op teiken |
| Aanwyser-verantwoordelikheid | Hoof- Finansiële Beampte |

| Aanwysertitel | Gehoorgewing van 'M&E-stelsel' aan M&E-beleid en raamwerke |
|---------------------------------------|---|
| Definisie | <p>Die Beleidsraamwerk vir Staatswye M&E-stelsel (2005), die oorhoofse beleid om riglyne aan departemente te verskaf oor hoe om hul M&E-mandaat uit te voer, vereis dat instansies 'M&E-stelsel' vestig en onderhou.</p> <p>Die Departement se 'M&E-stelsel' is nog in die ontluikingstadium en bestaan uit substelsels insluitende:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bestuur van niefinansiële prestasiedata in ooreenstemming met die OG; • Jaarlikse & Kwartaallikse Prestasie-verslagdoening; • Aanwyser-ontwikkeling d.m.v. tegniese assesserings; • Programevaluerings (waar vereis); • Monitering van vordering met uitkomste; • M&E-kapasiteitsbou, verspreiding van inligting; en • Middeltermyn- en Eindtermyn-assesserings. |
| Doel | Volgens statuut word daar van 'n Departement se Rekenpligtige Beampte vereis om 'n M&E-stelsel vir die instansie op die been te bring. |
| Bron van data | Elektroniese Kwartaallikse prestasieverslagstelsel (eQPRS), niefinansiële prestasie-inligting-bestuurstelsel, projekvlak-datastelsels binne die Takke en Programme. |
| Metode van berekening/ Assessering | <p>Gehalte-aanwyser; assesseringskriteria sluit in:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Aard van ouditmening deur die OG uitgegee t.o.v. die Departement se niefinansiële prestasie-inligting (voorafbepaalde doelwitte); • Vlak van gehoorgewing van die DEOT se Uitkoms- Tegniese Aanwyser-beskrywings (TAB's) vir die Jaarlikse Prestasieplan ooreenkomstig die WKR se Aanwyserraamwerke; • Bestaan van goedgekeurde Uitkomsmoniteringsverslae • Getuienis van M&E-kapasiteitsbousessies byeengeroep; en • Middel- en/of Eindtermyn-verslag geproduseer. |
| Aannames | <ul style="list-style-type: none"> • Politieke en organisatoriese steun vir M&E; • Bestuurders het tegniese vaardighede in M&E-konsepte en instrumente; en • M&E-dienste word deur bestuurders gebruik vir inligting en om besluite te neem. |
| Disaggregering van begunstigdes | N.v.t. op alle kategorieë |
| Ruimtelike Transformasie | N.v.t. op alle kategorieë |
| Manier van verifiëring | <ol style="list-style-type: none"> 1. OG-bestuursverslag; en 2. DvdP se Tegniese Assessering van Konsep-APP (TAB's); en 3. Uitkomste-moniteringsverslae; en 4. Middeltermyn-evalueringsverslagafdeling voltooi deur M&E; en/of 5. Eindtermyn-evalueringsverslagafdeling voltooi deur M&E. |
| Verslagsiklus | Jaarliks |
| Verlangde prestasie | Die M&E-stelsel is toeganklik en word gebruik om te beplan, meet, verslag te doen en te verreken. |
| Aanwyser-verantwoordelikheid | Direkteur: Strategiese en Operasionele Steun |

| | |
|---|---|
| Aanwysertitel | Monetêre waarde van besparings opgeloopt aan verbruikers |
| Definisie | Die monetêre waarde van besparings vir 'n verbruiker weens die KVB se bystand. |
| Doel | Om die jaarlikse bedrag geld te bepaal wat verbruikers spaar weens die bystand van die KVB betrokke by verbruikersklagtes. |
| Bron van data | Programvlak- administrasiestelsel |
| Metode van berekening/ Assessering | Eenvoudige telling |
| Aannames | Gewillingheid van besighede, verbruikers, verbruikersbeskermingsagentskappe en reguleerders om saam met die KVB te werk. Besikbaarheid van hulpbronne om vennootskappe te fasiliteer en om die inbelsentrum en staatsvervoer te gebruik om besighede en verbruikers te besoek. |
| Disaggregering van begunstigdes | Alle burgers |
| Ruimtelike Transformasie | Alle Wes-Kaapse distrikte |
| Manier van verifiëring | <ol style="list-style-type: none"> 1. 'n Ondertekende databasis wat saaknommer, verbruikersnaam en -van, naam van die besigheid en monetêre waarde van besparing deur elke geldige verbruiker; en 2. Ondertekende finale verslag wat die berekening van die totale waarde van besparings vir verbruikers in besonderhede aangee en dit staaf deur: <ol style="list-style-type: none"> 2.1 Besigheid – korrespondensie van die besigheid wat monetêre waarde van die besparing wat aan die verbruiker beskikbaar gemaak is aandui; en/of 2.2 Verbruikersbystand – geskrewe erkenning van die monetêre waarde waarop aangewese, of ontvang deur, die verbruiker; en/of 2.3 Skikkingsooreenkomste of bestellings onderteken. <p>LET WEL:</p> <ol style="list-style-type: none"> i. 'n Elektroniese kopie van (1) in MS Excel-formaat word vereis; ii. In 3.1 beteken 'korrespondensie' e-posse of ondertekende korrespondensie van die besigheid; en iii. In 3.2 verwys 'geskrewe erkenning' na e-posse of ondertekende korrespondensie van die verbruiker. |
| Verslagsiklus | Jaarlikse vordering gemeet aan teiken vir die jaar |
| Verlangde prestasie | Hoër waarde van besparings deur verbruikers |
| Aanwyser-verantwoordelikheid | Direkteur: Kantoor van die Verbruikersbeskermer |

AFDELING E: DISTRIKONTWIKKELINGS-MODEL

Die Wes-Kaapse Regering pas die Gesamentlike Metro- en Distriksbenadering toe as sy respons op die Distrikontwikkelingsmodel.

| Gebiede van Ingryping | 2020 - 2025 | | | | | |
|----------------------------|--|----------------------|--|-------------------------|-------------|---|
| | Projek-beskrywing | Begrotings-toewysing | Distriks-munisipaliteit | Ligging: GPS-koördinate | Projekleier | Sosiale vennote |
| Gemak van sake doen (GVSD) | Ondernemings-ontwikkeling: Aanvraaggedrewe ondersteuning van die Bevordering van Aanskaffing vir KMMO's en munisipaliteite soos aangevra | R2 000 000 | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse Metro) | | Program 2 | Provinsiale Tesourie: plaaslike munisipaliteite |
| Gemak van sake doen | Aanvraaggedrewe ondersteuning van die munisipale GVSD-ingrypings | Menslike hulpbronne | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse Metro) | | Program 2 | Plaaslike munisipaliteite; WKR-departemente; Georganiseerde Besigheid |
| Gemak van sake doen | Ondernemings-ontwikkeling: Hupstootfonds (Booster Fund), Aanvraaggedrewe ondersteuning van KMMO's | R34 000 000 | Overberg (Bredasdorp), Kaapse Wynland (Witzenberg); Sentrale Karoo (Laingsburg). Ander streke (sal bevestig word) (insluitende Kaapstadse Metro) | | Program 2 | Plaaslike munisipaliteite; KMMO-ondersteuningsorganisasies; tersiêre institute |
| Gemak van sake doen | Rompslompvermindering: Regulatoriese verbeteringe aan Vroeë Kindertyd-ontwikkeling wat VKO-sentrums regoor die Provinsies sal affekteer | R400 000 | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse Metro) | | Program 2 | Departement van Maatskaplike Ontwikkeling; plaaslike munisipaliteite |
| Agri-prosessering | Plaaslike produksiewaardeketting-kapasiteitsbou | R1 500 000 | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse Metro) | | Program 3 | Munisipaliteite, Bedryfsliggame, DvL, DHN en DLBV |
| Vervaardiging | Uitvoerkluster- en markontwikkelingsprogramme | Menslike hulpbronne | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse Metro) | | Program 3 | DBS, Bedryfsliggame, Distriksmunisipaliteite, DHN en SBO's, en Bedryfsassosiasies |

| Gebiede van Ingryping | 2020 - 2025 | | | | | |
|----------------------------|--|--|---|-------------------------|-------------|--|
| | Projek-beskriving | Begrotings-toewysing | Distriks-munisipaliteit | Ligging: GPS-koördinate | Projekleier | Sosiale vennote |
| Oseaan-ekonomie | Bedryfs-vennootskaps-program; Provinsiale Oseaan-ekonomie-werkgroep | R53 000 | Vier Kusdistrikte | | Program 3 | Kus-munisipaliteite, Bedryfs-organisasies, Staatsagentskappe, Nasionale en Provinsiale staats-departemente |
| Oseaan-ekonomie | Waardeketting-kapasiteitsbou-program | R777 000 | Vier Kusdistrikte | | Program 3 | Kus-munisipaliteite, Bedryfs-organisasies, Staatsagentskappe, Nasionale en Provinsiale staats-departemente |
| Katalitiese Infrastruktuur | Lok van beleggings na die Atlantis-Spesiale Ekonomiese Sone | R37 387 000 | Atlantis, Kaapstad | | Program 5 | DHN, Stad Kaapstad, Wesgro, PT, DVOW en DOS&OB |
| Katalitiese Infrastruktuur | Lok van beleggings n Saldanhaabaai-nywerheids-ontwikkelingsone | R42 566 000 | Saldanhaabaai | | Program 5 | DHN, Saldanhaabaai-munisipaliteit en PT |
| Kennisbestuur | Instaatstelling van die ekonomie d.m.v. die ontwikkeling van strategiese vennootskappe deur die Ekonomiese Ontwikkelings-vennootskap | R11 948 000 | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse Metro) | | Program 5 | DvdP, PT, Plaaslike Munisipaliteite, DVKD |
| Groen Ekonomie | Groen Ekonomie-leierskap en Koördinerings | Menslike hulpbronne | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse Metro) | | Program 5 | Besighede, Bedryfsassosiasies, Munisipaliteite, WKR se DvL, DVOW, DMN, DOS&OB, DO, DPR, PT, Nasionale DHN, TABs, DOBV, NRO's en Akademie |
| Groen Ekonomie | Groen Ekonomie-ekostelsel-ondersteuning | Sal bevestig word Menslike Hulpbronne | Aanvraag-gegrond | | Program 5 | Besighede, Bedryfsassosiasies, Munisipaliteite, WKR se DvL, DVOW, DMN, DOS&OB, DvO, DPR, PT |

| Gebiede van Ingryping | 2020 - 2025 | | | | | |
|------------------------------------|---|--|--|-------------------------|-------------|---|
| | Projek-beskywing | Begrotings-toewysing | Distriks-munisipaliteit | Ligging: GPS-koördinate | Projekleier | Sosiale vennote |
| Groen Ekonomie | Energie-veerkragtigheids-Strategiese Koördinerings en Implementering | Sal bevestig word Menslike hulpbronne | Op alle munisipaliteite gemik - aanvraag-gedrewe | | Program 5 | Munisipaliteite, WK se DvL, DVOW, DMN, DOS&OB, DvO, DPR, PT, Nasionale DHN, TABs, DOBV, DMH, NRO's, WNNR en Akademie |
| Groen Ekonomie | Ekonomiese Water-veerkragtigheids-Strategiese Koördinerings en Implementering | Sal bevestig word Menslike hulpbronne | Op alle munisipaliteite gemik - aanvraag-gedrewe | | Program 5 | Besighede, Bedryfsassosiasies, Munisipaliteite, WK se DvL, DVOW, DMN, DOS&OB, DvO, DPR, PT, Nasionale HSWS en Akademie |
| Digitale Ekonomie | Gekonnekteerde burgers: I-CAN LEARN | R5 340 000 | Kaapstadse Metro, Weskus, Overberg en Tuinroete. Ander op aanvraag. Paneel sal aangestel word om liggings te bepaal. | | Program 5 | Plaaslike & Distriksmunisipaliteite, DMO, Internetkafes & ander private Internetverskaffers, Google, IBM, DvdP: SEI, SITA |
| Digitale Ekonomie | Gekonnekteerde burgers: I-CAN Elsiesrivier | R688 000 | Kaapstadse Metro | | Program 5 | Genesis-instansie sonder winsbejag, Stad Kaapstad, Google, IBM |
| Digitale Ekonomie | Gekonnekteerde Besighede: Khayelitsha Bandwidth Barn | R600 000 | Kaapstadse Metro | | Program 5 | Stad Kaapstad, KiTi |
| Toerismeverveiliging en Aanwysings | Toerismeverveiliging: Toerismeverveiliging-ontwikkeling | R0 | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse metro) | | Program 6 | Plaaslike en Streeks-toerismeverkantore; Plaaslike Munisipaliteite |
| Toerismeverbeplanning | Toerismeverbeplanning: Wes-Kaapse ToerismeverMeesterplan | Menslike hulpbronne | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse metro) | | Program 6 | Plaaslike en Streeks-Toerismeverkantore, Plaaslike Munisipaliteite |
| Toerismeverbeplanning | Toerismeverbeplanning: toerismeverBeleggingspyplyn | Menslike hulpbronne | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse metro) | | Program 6 | NDH, DKSS, Plaaslike en Streeks-toerismeverkantore, Plaaslike Munisipaliteite |

| Gebiede van Ingryping | 2020 - 2025 | | | | | |
|----------------------------------|---|------------------------|---|-------------------------|-------------|--|
| | Projek-beskriving | Begrotings-toewysing | Distriks-munisipaliteit | Ligging: GPS-koördinate | Projekleier | Sosiale vennote |
| Toerisme-beplanning | Toerismegroei en Ontwikkeling: Nis-toerisme-produk-ontwikkelings-fonds | R5 000 000 | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse metro) | | Program 6 | NDT, DKSS, Plaaslike en Streeks-Toerismekantore; Plaaslike Munisipaliteite |
| Toerismebestemmings-ontwikkeling | Toerismegroei en -ontwikkeling: Gehalte-versekering | R200 000 | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse metro) | | Program 6 | NDT, DKSS, Plaaslike en Streeks-Toerismekantore; Plaaslike Munisipaliteite |
| Toerismebestemmings-ontwikkeling | Toerismegroei en -ontwikkeling: Ondersteuning van Bemarkings-Ontwikkeling vir Streeks- en Plaaslike Toerismekantore | Menslike hulpbronne | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse metro) | | Program 6 | NDT, DKSS, Plaaslike en Streeks-Toerismekantore; Plaaslike Munisipaliteite |
| Toerismebestemmings-ontwikkeling | Toerismegroei en -ontwikkeling: Cruise Kaapstad | Menslike hulpbronne | Kaapstad | | Program 6 | NDT, Wesgro |
| Toerismebestemmings-ontwikkeling | Toerismegroei en -ontwikkeling: Besoekers-dienste | Menslike hulpbronne | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse metro) | | Program 6 | Plaaslike en Streeks-Toerismekantore; Plaaslike Munisipaliteite |
| Toerismebestemmings-ontwikkeling | Toerismegroei en -ontwikkeling: Aksieplatform | R100 000 ops begroting | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse metro) | | Program 6 | Plaaslike en Streeks-Toerismekantore; Plaaslike Munisipaliteite |
| Toerismebestemmings-ontwikkeling | Toerismegroei en -ontwikkeling: Kaapse Fietsry-Roetes - Bekendstelling Van App | R150 000 | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse metro) | | Program 6 | Plaaslike en Streeks-Toerismekantore; Plaaslike Munisipaliteite |
| Toerismebestemmings-ontwikkeling | Toerismegroei en -ontwikkeling: Madiba-Erfenisroete-ontwikkeling | Menslike hulpbronne | Drakenstein | | Program 6 | NDH, DKSS, Plaaslike Munisipaliteit |

| Gebiede van Ingryping | 2020 - 2025 | | | | | |
|---------------------------------|--|----------------------|---|-------------------------|-------------|---|
| | Projek-beskrywing | Begrotings-toewysing | Distriks-munisipaliteit | Ligging: GPS-koördinate | Projekleier | Sosiale vennote |
| Vaardigheids-ontwikkeling | Vaardigheid-ontwikkelingsprojekte | Sal bevestig word | Alle munisipaliteite (insluitende Kaapstadse Metro) | | Program 7 | TBOO-kolleges en Munisipaliteite |
| Verbruikers-beskermings-dienste | Bekendstelling van Opvoedkundige Bewustheids-programme bv. Finansiële Geletterdheid, KMMO's, Wet op Verbruikers-beskerming en Klagte-oplossing | Menslike hulpbronne | Aanvraag-gedrewe | | Program 4 | Nasionale Krediet-reguleerder, Finansiële Sektor-gedrags-owerheid, DPR, Nasionale Verbruikers-kommissie, Nasionale Verbruikers-tribunaal, DHN, Raad vir Skuld-insamelaars |

Waldorf-gebou, St George-wandelgang 80, Kaapstad, 8001
Posbus 979, Kaapstad, 8000
tel: +27 21 483 9226
www.westerncape.gov.za

Engelse en isiXhosa-weergawes van hierdie publikasie is ook op versoek beskikbaar.
E-pos: ecohead@westerncape.gov.za



**Wes-Kaapse
Regering**
Ekonomiese Ontwikkeling
en Toerisme